UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0239776
111042451901220000019

# Beplanning vir die gehoor by die Uitvoerende Kunste in Suid-Afrika, met spesiale verwysing na Bloemfontein

Deur
Susara Dorethea Geyser

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Magister in Stads-en-Streekbeplanning in die Fakulteit van Natuurwetenskappe, Universiteit van die Oranje Vrystaat

Bloemfontein    Oktober 1978

Afsluitingsprojek A.F.P. 705

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

12-02-1979
KLAS No. T 790.1014 Gey
No. 239776

## Dankbetuiging:

My hartlike dank aan die volgende persone en instansies vir hulle bydrae tot die afhandeling van hierdie studie

Prof. F.D.W. van Zyl as studieleier, vir sy inspirasie en entoesiasme ~

My werkgewer, die Universiteitsbiblioteek van die Oranje-Vrystaat vir sy tegemoetkoming en hulpverlening ~

S.U.K.O.V.S. vir hulpverlening en geldelike steun ~

Mej. G.J. Conradie vir die versending van die vraelyste ~

Mev. A. van den Berg vir die taalkundige versorging ~

Mej. H. Strydom vir hulpverlening ~

Mej M. Hills vir hulpverlening ~

Mnr. L. Joubert vir die neem van die foto's ~

Mnr. L. Beukes vir hulpverlening ~

Laaste maar nie die minste nie, mej. E. Knoetze vir die tik van die hiërogliewe ~

Ek dank die Skepper vir die krag aan my verleen om die studie te voltooi ~

Opgedra aan my ouers

| HOOFSTUK | BLADSY |
| --- | --- |
| 1. INLEIDING | 1 |
| 2. DIE GESKIEDENIS VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE IN SUID-AFRIKA TOT 1900 | 2 |
| 2.1 Die Uitvoerende Kunste in die 17de en 18de eeue | 2 |
| 2.2 Die Uitvoerende Kunste in die 19de eeu | 5 |
| 3. DIE GESKIEDENIS VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1900 - 1929 | 31 |
| 3.1 Die invloed wat opera en operette op die gehoor gehad het, met spesiale verwysing na Bloemfon= tein | 31 |
| 3.2 Musiekuitvoerings deur die Bloemfonteinse mili= têre orkeste, "Bloemfontein Musical Society", "Bloemfontein Music Club" en die Kaapse Stads= orkes was baie gewild by die publiek | 34 |
| 3.3 Ballet en die Suid-Afrikaanse publiek | 40 |
| 3.4 Die belangrike rol wat toneel in die lewe van die Suid-Afrikaanse gehore gespeel het, met besondere verwysing na die Oranje-Vrystaat | 41 |
| 3.4.1 Engelse amateur- en beroepstoneel | 41 |
| 3.4.2 Afrikaanse beroepstoneel | 47 |
| 4. DIE GESKIEDENIS VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1930 TOT 1939 | 53 |
| 4.1 Die liefde wat die gehoor ontwikkel het vir die Kaapse Stadsorkes, die Johannesburgse orkes en die "Vrystaatse Philharmoniese Vereniging" | 53 |
| 4.2 Musiek- en sanguitvoerings het gewilder geword by die Suid-Afrikaanse gehore, veral in Bloem= fontein | 55 |
| 4.3 Die belangstelling in opera-uitvoerings het nooit by die publiek afgeneem nie | 57 |

HOOFSTUK | BLADSY

4.4 Toneelopvoerings was nog steeds baie gewild by die Suid-Afrikaanse gehore, met spesiale verwy= sing na die Oranje-Vrystaat 59

4.4.1 Afrikaanse amateurtoneel 59

4.4.2 Engelse amateurtoneel 63

4.4.3 Afrikaanse beroepstoneel 64

5. DIE GESKIEDENIS VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE VANAF 1940 TOT 1963 72

5.1 Opera en operette was nog steeds baie gewild by die Suid-Afrikaanse gehore 72

5.2 Ballet was die stiefkind van die Suid-Afri= kaanse Uitvoerende Kunste 75

5.3 Die gehoor en orkes- en sanguitvoerings 76

5.3.1 Kaapse Stadsorkes 76

5.3.2 Johannesburgse Simfonie-orkes 78

5.3.3 S A U K Simfonie-orkes 78

5.3.4 Sanguitvoerings 79

5.4 Toneelopvoerings en die gehoor 79

5.4.1 Amateurtoneelopvoerings 79

5.4.2 Afrikaanse beroepstoneel 81

5.4.3 Die Nasionale Toneelorganisasie (N T O) 1947 - 1962 83

6. DIE STREEKRADE VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE IN SUID-AFRIKA 88

6.1 Die ontstaan van die Streekrade 88

6.2 Die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK) 90

6.3 Die Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste (KRUIK) 100

6.4 Die Natalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (NARUK) 105

6.5 Die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat (SUKOVS) 107

HOOFSTUK | BLADSY

7. BESPREKING VAN VRAELYSTE GESTUUR AAN DIE GEHOOR IN DIE ORANJE-VRYSTAAT, MET SPESIALE VERWYSING NA BLOEM=FONTEIN 132

7.1 Skema van vraelys 132

7.2 Wyse waarop die vraelyste versprei is 132

7.3 Probleme wat voortgespruit het uit die vraelyste 133

7.4 Waarom woon sommige van die proefpersone nie die Uitvoerende Kunste by nie 134

7.5 Prioriteite vir die gehoor by die Uitvoerende Kunste 143

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Die vraag kan gestel word waarom hierdie studie handel oor be= planning vir die gehoor by die Uitvoerende Kunste. Beplanning behels die formulering van doelwitte vir die toekoms. Die by= woning van die Uitvoerende Kunste word nie slegs deur die pu= bliek as vryetydsbesteding beoefen nie, maar dien ook as deel van die opvoeding en verryking van 'n volk se kultuurlewe. Vryetydsbesteding vorm 'n baie belangrike komponent van die moderne mens se lewe; daar word minder ure gewerk en meer vrye tyd is dus op hande. Beplanning om die mens se ledige ure te vul, is dus noodsaaklik.

Vir die Uitvoerende Kunste is 'n gehoor onontbeerlik, want daar= sonder is die voortbestaan van lewende aanbiedings onmoontlik. Daar moet dus gepoog word om die huidige gehoor te behou, asook om die bywoningsyfers te verhoog. Die waarde van lewende aan= biedings moet weer onder die aandag van die publiek gebring word. Nie alleen moet volwassenes betrek word nie, maar ook die jong= mense. Die jeug van vandag is die volwassenes van môre en die jeugdige gehoor van vandag vorm die volwasse gehoor van môre.

In hierdie studie is daar eerstens 'n geskiedkundige oorsig gegee van die rol van die gehoor in die Uitvoerende Kunste in Suid-Afrika, vanaf die sewentiende- tot die twintigste eeu.

Tweedens is daar 'n tweetalige vraelys opgestel, ten einde te be= paal waarom die bywoningsyfers van die Uitvoerende Kunste in Bloemfontein skerp gedaal het. Die invloed van die televisie is buite rekening gelaat.

Laastens is voorstelle gemaak om as riglyne te dien vir die ver= hoging van die bywoningsgetalle van die gehoor.

# HOOFSTUK 2

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE IN SUID-AFRIKA TOT 1900

## 2.1 DIE UITVOERENDE KUNSTE IN DIE 17DE- EN 18DE EEUE

Die geskiedenis van die Uitvoerende Kunste in Suid-Afrika dateer nog verder terug as die vestiging van die blanke volksplanting aan die Kaap in 1652.

In P W Laidler se boek "The annals of the Cape stage" (1) word daar melding gemaak van die Portugese skip "Nossa Senhora de Belem" wat in 1635 aan die Natalse kus, noord van die Umzumvuburivier, vergaan het. Die Portugese wat die ramp oorleef het, het 'n skuiling op die Natalse strand gebou. In hierdie skuiling is in 1635 'n bulgeveg, asook 'n komedie en ander stukke aangebied ter viering van die fees van "St. Francis Xavier." Die komedie en ander stukke het groot byval gevind by die gehoor. Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat toneel die eerste kunsvorm was wat in Suidelike Afrika beoefen is.

Musiek was op sy beurt die eerste uitvoerende kunsvorm wat aan die Kaap, na die volksplanting in 1652, beoefen is. In 1655 word vir die eerste maal van musiek melding gemaak en wel deur die sieketrooster, Willem Barentsz. Hy het aan die "Amsterdamse Classis" (2) geskryf dat dit gebruiklik was om die aandgebed met die sing van 'n vers of twee af te sluit.

Musiek is nie alleen as 'n integrale deel van die erediens beoefen nie, maar ons vind ook dat musiek vir louter ontspanning gemaak is. So byvoorbeeld tref ons dansmusiek by danse aan, musiek in die kroeg, orkesuitvoerings in die opelug en kamermusiek in die salon.

Reeds sedert 1658 is slawe uit die Ooste ingevoer. Onder hulle was daar baie wat musikaal was en sommige het dan ook gereelde musiek=

---

1. LAIDLER, P.W., <u>The annals of the Cape stage</u>, pp. 8 - 9
2. STEAD, R., Opera in Suid-Afrika, in <u>Lantern</u>, vol. 13, no. 2, Desember 1963, p. 8

makers geword. Etlike welgestelde Kaapse families het later selfs van hierdie slawe gebruik gemaak om tydens maaltye te speel of om dansmusiek by onthale te verskaf.

Die Hollandse-Oos-Indiese-Kompanjie (H O I K) het ook aan die Kaap musici in diens gehad. Hulle eerste en belangrikste taak was om die nuwe dag aan te kondig. Verder was hulle verantwoordelik vir die speel van militêre sinjale en 'n waarskuwing in die geval van brand en gevaar.

Behalwe hierdie offisiële kompanjiemusikante, was daar onder die soldate en matrose soms ook heelwat goeie musikante. Die Kompanjie het dankbaar van diesulks gebruik gemaak.

Soos reeds gemeld deur die sieketrooster, Willem Barentsz, het die Calvinistiese godsdiensbeoefening dit vereis dat daar elke môre, vroeg 'n klokkie gelui het, of 'n bevel geblaas is om die manskappe te waarsku dat die môregebed gedoen sou word. Dit is van alle man=skappe en ander blankes verwag om die môre- en aandgebed by te woon. Persone wat dit onduik het, is swaar gestraf. Met behulp van 'n voorsanger het die gemeentelede almal saam 'n Psalm gesing, sonder enige begeleiding. Van Hollandse kant is gereeld voorsangers ingevoer. Laasgenoemde was meestal skoolmeesters wat ook onderrig moes gee in die sing van Psalms op skool. Almal wat by die Kompanjie in diens getree het, het 'n Psalmboek met sangwysies ontvang. Die eerste orrel is eers in 1737 aan die Kaap geïnstalleer, en wel in die Grootte Kerk.

In die "Daghregister" van Jan van Riebeeck word daar melding gemaak van musiekinstrumente soos byvoorbeeld die viool en "klavesimbel". Persone wat hierdie instrumente kon bespeel, moes dit dikwels doen ten einde handel met die Hottentotkapteins te bevorder.

Musiek is ook gemaak by die begrafnisgeleenthede van hoë amptenare, goewerneurs, kommandeurs, opperkoopslui en hulle vrouens. So ook is by die feestelike maaltye van hoë amptenare aan die Kaap, musiek ge=maak.

Op die platteland is daar musiek gemaak sedert die begin van die 18de eeu. Die reisiger, Lichtenstein, maak melding van 'n tuisgemaakte siter wat hy aangetref het, vervaardig van essehout. Teen die laaste kwart van die 18de eeu was openbare konserte reeds 'n gevestigde gebruik in Kaapstad. Kaptein Pieter van Breda van die Kaapse burgery, het byvoorbeeld 'n groot musiektent op sy landgoed "Oranjezicht" gebruik. Dië huisorkes het uit dertig slawe, violiste en fluit=spelers bestaan wat almal in uniforms geklee was. Om musiekliefhebbers na "Oranjezicht" te trek, het Kaptein van Breda, voor elke konsert, 'n vlag in die tuin laat hys. (3)

Musiek het dus 'n belangrike plek in die lewe en werksaamhede van alle kompanjie-amptenare ingeneem. Dit was noodsaaklike ontspanning in die taamlik eentonige en veeleisende lewe van die koloniste. (4)

Uit vrees dat Engeland die Kaap sou annekseer, stuur Frankryk in 1776, in die naam van hulle Hollandse bondgenote, troepe na die Kaap. Die Franse besetting van die Kaap het tot 1783 geduur. Hierdie troepe het bestaan uit 'n kosmopolitiese groep van huursoldate: Franse, Iere, Swede en andere. Die soldate het hulleself in die aande vermaak deur toneel te speel en een van die kamers in die barrakke is omskep in 'n teater. Hulle was bekend met die nuutste toneelstukke in Europa.

Die eerste Franse toneelstuk wat aan die Kaap opgevoer is, was die "Barbier van Seville" deur De Beaumarchais. Hierdie toneelstuk is die eerste maal in Parys opgevoer op 23 Februarie 1775. Die Franse toneelstukke was baie gewild by die Kaapse gehore en dan ook 'n bron van groot belangstelling en bespreking. Nog later is die Franse toneelstuk "Die Huwelik van Figaro", opgevoer.

Oorlogstoestande in Europa en 'n groter bevolking aan die Kaap, het

---

3. Ibid.
4. BOUWS, J., Musiekbeoefening aan die Kaap in die Hollandse Kom=panjiestyd, in Kwartaalblad van Suid-Afrikaanse biblioteke, vol. 16, no. 3, Maart 1962, pp. 105 - 116.

tot gevolg gehad dat pryse plaaslik begin styg het. Die H O I K het groot hoeveelhede papiergeld uitgegee. Die akteurs is nie altyd ver= goed nie en hulle kon dus nie hul onkoste dek nie. Om hulleself van ondergang te red het twee akteurs die papiergeld van die H O I K nage= maak. Die twee skuldiges is gevang en hulle moes die Kaap verlaat. Die toneelgeselskap was dus nou twee man kort en as gevolg van die skande wat veroorsaak is, is niemand in hul plekke aangestel nie. Ook is geen verdere toneelstukke aangebied nie. Die jongmense aan die Kaap was baie teleurgesteld hieroor, aangesien daar feitlik geen ander vermaak vir hulle was nie.

Op 1 April 1794 maak Johanna Duminy in haar "Kasboek" 'n aantekening van 'n uitgawe van tien riksdaalders "voor de concert". Presies 'n jaar later teken sy dieselfde bedrag weer aan met die vermelding "voor intÿkening in concert". Dit is vermoedelik die eerste bewyse van georganiseerde konserte aan die Kaap. In watter vorm hierdie konserte egter aangebied is en of hulle in die eerste Britse beset= tingsjare voortgesit is, word ongelukkig nie vermeld nie.

Teen 1800 was daar 'n hele aantal vrygelate slawe wat hulle eie dans= orkeste saamgestel het. Hierdie musikante was waarskynlik die land se eerste georganiseerde beroepsmusikante.

## 2.2 DIE UITVOERENDE KUNSTE IN DIE 19DE EEU

Nadat die Franse troepe die Kaap in 1783 verlaat het, het die Engelse soldate in 1795 geland. Laasgenoemde het nie daarmee genoë geneem om toneel te speel in 'n kamertjie in die barakke nie. Hulle het dus die leiding geneem en 'n beweging gestig wat hom beywer het vir die bou van 'n teater. Dié teater is opgerig op die Boereplein (of ook genoem Hottentotsplein).

Op 26 Junie 1800 is 'n brief aan die Kaapse goewerneur, Sir George Yonge, gestuur. Hierin is aansoek gedoen om die verkryging van 'n lisensie, sodat 'n "Private Teater" gestig kon word. Die Private Teaterraad sou uit ses direkteure bestaan. In die brief is ook mel= ding gemaak van seisoenkaartjies. Laasgenoemde sou vyf-en-twintig riksdaalders kos en elke lid sou twee kaartjies ontvang. Die aantal lede sou

beperk word tot 150. Gedurende die seisoen sou daar twaalf toneel=opvoerings wees wat om die beurt in Hollands en Engels aangebied sou word. Die eerste opvoering sou plaasvind sodra genoeg lede gewerf is om die onkoste te dek. Van nou af het die toneel 'n vaste instelling geword en het dit 'n blywende invloed op die kultuur uitgeoefen. (5)

In die tweede nommer van die "Geauthoriseerde Kaapsche Stads Courant", gedateer 30 Augustus 1800, het musiekkonserte weer ter sprake gekom. Die komitee van "Het Vereenigd Afrikaansch Concert" het, "voor dit saisoen een einde hebbende genoomen", 'n versoek aan persone gerig om hulle rekeninge in te dien. Drie weke later het die "Directeuren van het inteekeningconcert op het Burgerwachthuis gehouden" berig dat elke intekenaar nog drie riksdaalders moes betaal. In hoeverre hier=die berigte dui op konserte wat slegs deur een persoon of deur 'n ensemble aangebied is, bly onduidelik. Dieselfde onduidelikheid geld ook vir die eerste aankondiginge van Carel Pabst se intekenings=musiekkonserte in 1801.

Berigte van die kant van die militêre musikante skets egter aan ons 'n duideliker beeld. Tydens die winterseisoen van 17 Junie 1801 is daar twaalf weke lank op Woensdagaande, militêre konserte te Roeland=straat 7 aangebied. Sonder voorafgaande intekening was die toegangs=prys twee riksdaalders per konsert.

Die oplewing in die Kaapse musieklewe en toneel is grootliks beïnvloed deur die opening van 'n skouburg teen ongeveer September 1801. Die naam van die skouburg was "The African Theatre" of "Afrikaansche Schouwburg". Dit is op Boereplein, of ook genoem Hottentotsplein, opgerig deur beide Engels- en Hollandssprekendes.

Vanaf 1803 tot 1809 het die Engelse die Kaap tydelik verlaat en het die Hollandse toneelgroep nou opvoerings aangebied.

---

5. LAIDLER, op. cit., pp. 10 - 11.

Opera as 'n afsonderlike kunsvorm het, voor die begin van die negen=tiende eeu, feitlik nie bestaan nie. Vanaf die begin van 1802 het die opvoering van operas ten nouste saamgehang met die besoeke van oorsese geselskappe, gewoonlik op die heen- of terugreis na Franse- of Britse kolonies. Veral Franse "opêras comniques" en musiekbly=spele is aangebied. Tussen 1802 en 1809 is daar baie opera-opvoerings aangebied, wat dan ook altyd deur groot gehore bygewoon is.

Aan die begin van die herfs van 1807 het Frederik Carl Lemming groot instrumentale konserte beplan. Die toegangsprys sou twaalf schel=linge bedra.

Die jaar 1813 was veral belangrik omdat F C Lemming saamgewerk het met Charles Etienne Boniface en Jacques Bertrand. As gevolg van hier=die samewerking het die ballet-pantomime "Het beleg en het nemen van Trojen" ontstaan. Hier word dus vir die eerste maal melding gemaak van 'n balletopvoering aan die Kaap. Vóór die eerste opvoering op 11 September 1813, het hulle 'n beroep gedoen op die "toegeeflykheid van't verstandig en redelik Publiek" om in aanmerking te neem dat die ballet, sowel as die orkesmusiek, "grotendeels" deur liefhebbers aangebied sou word. Die ontvangs deur die publiek was sō oorwel=digend dat die opvoering twee weke later herhaal is.

Gedurende voorjaar van 1814 het F C Lemming weer intekeningskonserte in die "African Club" gegee.

Na gelang die sentrum van die Kaapse musieklewe na die Kaapse skouburg en musieksaal verskuif het, het die publiek 'n voorkeur begin toon vir sangspele, klein, ligte operas en ballet. F C Lemming het self musiek gekomponeer vir 'n ballet in drie bedrywe, naamlik "Sappho". Dit het met die medewerking van die skrywer en verwerker daarvan, C E Boni=face, geskied. Op aandrang van die publiek is hierdie ballet 'n paar maal in 1815 opgevoer.

Aan boord van die Hollandse oorlogskip, "Amsterdam", wat vanaf 17 Fe=bruarie tot 5 Maart 1816 in Tafelbaai voor anker gelê het, was baie

musiekliefhebbers. F C Lemming het van hierdie mense gebruik gemaak om 'n groot instrumentale en vokale konsert te reël, ten behoewe van die armes en noodlydendes. Samewerking van die Hollandse gaste is ook verkry en op 28 Februarie 1816 is dit van stapel gestuur. Die konsert was 'n reuse sukses.

Die musiekkonserte wat F C Lemming in die winter van 1816 in sy huis gehou het, het meer publieke belangstelling uitgelok as dié van die voorafgaande somer. In Augustus 1816 het hy 'n reeks van vyf konserte in die Vrymesselaarslosie, "De Goede Hoop", aangebied. In September 1816 het hy besluit om nog twee addisionele konserte in die sosiëteit van die Britse Losie te organiseer. Die toegangs=fooie vir albei konserte was ses riksdaalders vir 'n "Heer en Dame", terwyl 'n "Heer" alleen slegs vier riksdaalders moes betaal.

Vanaf ongeveer 1825 is daar gereeld musiekkonserte in die Kompanjies=tuin, asook op die Parade, gehou. Hierdie openbare vermaaklikheid was gewild by die hele Kaapse bevolking. Die rede hiervoor was dat nie slegs geliefde opera-overtures uitgevoer is nie, maar ook die destydse mode-dansmusiek. Dit was juis dié musiekkonserte wat Sondae deur die militêre musikante aangebied is, wat die Kapenaars in die twintigerjare na die andersins onaantreklike Kompanjiestuin gelok het. Ook vir besoekers aan die Kaap het die Kompanjiestuinkonserte 'n be=sondere bekoring ingehou.

Die organisasie van die Hollandse toneel het die vorm van Liefhebbery=toneelgeselskappe aangeneem. Lede van 'n toneelgeselskap het reg op toegang gehad en sitplekke is per "lootje" bepaal. Daar is ook voor=siening gemaak vir gaste en vreemdelinge.

Vanaf 1822 tot 1838 het die Hollandse toneel in die "Afrikaansche Schouwburg" sy grootste opbloei beleef. Die Goewerneur en die "society" was getroue ondersteuners van die Hollandse toneel. Selfs in Stellen=bosch was dit tussen 1833 en 1838 baie gewild, en hier word dan ook 'n toneelgeselskap op die been gebring met die naam "Door Yver Vrucht=baar".

Tussen 1825 en 1826 is daar 'n kindertoneelgeselskap, "Oefening en Smaak" gestig. Dit is egter weer ontbind, omdat sommige ouers die toneel as sedebederwend vir kinders beskou het.

Sedert 1835 is 'n geweldige Metodiste aksie teen alle vorme van vermaak ontketen. Dit het dans, kaartspel, wedrenne, toneel, ens. ingesluit. Teen 1838 het die Hollandse toneel gevolglik doodge= loop. Die ou "Afrikaansche Schouwburg" is in 1839 verkoop en 'n paar jaar later in 'n kerk verander.

Soortgelyk aan die Hollandse toneel, was die jare 1822 tot 1838 ook vir die Engelse toneel 'n bloeitydperk. Die Hollandse toneel het egter die Engelse toneel oortref in gewildheid by die publiek.

'n Toneelgeselskap uit die burgery, naamlik "All the World's a Stage" (1830-1834), het belangriker toneelstukke begin opvoer. Ook sommige van Shakespeare se toneelstukke soos byvoorbeeld "Othello", "Romeo and Juliet" en "Richard III", is deur hulle op die planke gebring.

Waar Kaapstad vanuit die staanspoor 'n bloeiende toneel gehad het, skyn dit asof die ondersteuning van en belangstelling in opera deur die jare heen gewissel het. Die nodige geesdrif het wel bestaan, maar dit het baie moed en deursettingsvermoë geverg om 'n opera-op= voering aan te pak. Ten spyte van sy algemene gewildheid, het opera 'n duur onderneming gebly en het hierdie onkoste nog altyd in Suid-Afrika probleme geskep. Dis waarskynlik grootliks aan hierdie moeilik= hede te wyte dat opera-aanbiedings deur die jare heen eerder die uit= sondering as die reël geword het, in teenstelling met die "goedkoper" kuns- en vermaakvorms, soos byvoorbeeld toneel, verskeidenheidsaan= biedings, ens. Toneelopvoerings, dit wil sê amateur sowel as profes= sioneel, "vaudeville" en "variety shows" was in Kaapstad deurgaans aan die orde van die dag. Daar is egter slegs af en toe 'n operette- of opera-opvoering aangebied.

Volgens P W Laidler se "The annals of the Cape Stage", het groot opera sy debuut op die Suid-Afrikaanse verhoog gemaak in 1831, met die op=

voering van "Der Freischütz" van Carl Maria von Weber in drie bedrywe. Die wêreldpremière van dié opera het slegs tien jaar tevore in Berlyn plaasgevind. Dit is aan die Kaap opgevoer deur die plaaslike gesel= skap "All the World's a Stage".

Die Engelse toneel gaan ook in 1838 tot niet weens die Metodiste aksie.

Dit is interessant om daarop te let dat die eerste Afrikaanse toneel= stuk, "Kaatje Kekkelbek", in 1834 in Grahamstad opgevoer is - die "hoof= stad" van die Britse setlaars! Die eerste Engelse toneel buite Kaap= stad maak ook in 1837 sy verskyning in Grahamstad.

Opvoeding en vermaak was die oogmerke van die Hollandse toneel. Die Engelse toneel daarenteen, was ingestel op vermaak en liefdadigheid.

Die organisasiestelsel van die Hollandse toneelgeselskappe was veel meer geslote as dié van die Engelse. Engelse toneelstukke is merendeels in die openbaar opgevoer, naamlik vir die breë publiek en die garnisoen. Gevolglik het hierdie opvoerings dus meer onordelikheid tot gevolg gehad as die Hollandse toneelopvoerings.

Dit is merkwaardig dat hierdie twee groepe eintlik weinig invloed op mekaar uitgeoefen het. Albei groepe het mekaar se opvoerings weder= syds ondersteun. Oor die algemeen het die Engelse toneel egter veel meer ondersteuning gekry van die Hollandssprekendes as omgekeerd.

In die dele vanwaar die Voortrekkers oorspronklik gekom het, is daar wel gesing en gedans. Volksmusiek is deur hulle beoefen, maar geoefende koorwerke, musiekfeeste en die goed georganiseerde liefhebberytoneel= geselskappe van die Kaap en omstreke, was op die voorposte onbekend.

Op 20 Julie 1833 is daar onder beskerming van Lady Frances Cole, die gade van die Goewerneur, 'n musiekkonsert in die Beurs gereël. Die toegangsprys vir 'n enkelkaartjie was vier riksdaalders en vir 'n dubbelkaartjie "Heer en Dame", sewe riksdaalders. Hierdie uitvoering is baie geesdriftig deur die publiek ontvang, soos ook die tweede uit= voering wat op 23 Julie 1833 plaasgevind het.

Op 12 Julie 1836 het die harpspeler, Douchez, aan boord van die "Hibernia" in Simonsbaai geland. Na sy optrede op 'n private musiek=aand, is daar vir 16 Julie 1836 'n konsertaand in die Beurs gereël. Tydens hierdie geleentheid het hy die medewerking van die "Harmonie en Eendracht" verkry. Die toegangspryse vir hierdie konsert was vier riksdaalders vir 'n enkelkaartjie en ses riksdaalders vir 'n dubbelkaartjie onderskeidelik.

Oor die algemeen kan beweer word dat die konserte wat deur deurrei=sende musici aangebied is, suksesvol was. Die musiekkennis van die Kaapse publiek is verruim deur aanbiedings van nuwe en hoofsaaklik onbekende werke van eietydse Komponiste. So het ook die militêre "musiekbendes" in die eerste helfte van die negentiende eeu 'n besonder belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Kaapse musiek=lewe.

By die toneelopvoerings van 1843 is mans en dames in die gehoor van mekaar geskei.

Vanaf 1840 tot 1855 het die Engelse en Hollandse toneel herleef. Die Engelse offisiere se toneel het in 1840 tot 1842 en weer in 1850 tot 1855 besondere periodes van opbloei beleef. In 1847 het 'n paar Hollandssprekendes selfs 'n Engelse toneelgeselskap gestig, 'n feit wat duidelik die toename in verengelsing in Kaapstad getoon het. Die koms van Sefton Parry in 1855 het die begin van die beroepstoneel in Kaapstad ingelui. Hy was 'n beroepstoneelspeler wat groot sukses behaal het met behulp van plaaslike amateurs. Buite Kaapstad vind ons dat amateurtoneel sy verskyning gemaak het op Port Elizabeth in 1853, King Williamstown in 1854 en Pietermaritzburg in 1844. Dit was gewoonlik garnisoentoneel wat hier aangebied is.

Vir 'n periode van ongeveer tien jaar lank na 1855 het daar weinig of geen Hollandse toneel aan die Kaap bestaan nie.

Vanaf 1865 het 'n ingrypende verandering egter plaasgevind, want die Engelse imperialisme het weer eens begin kop uitsteek. Voorbeelde hiervan was die ingryping in die oorlog tussen die Oranje-Vrystaat en die

Basoetoes, die anneksasie van die diamantvelde in 1871 en die Anglo-Boere-Oorlog van 1899 tot 1902.

Die Hollandse toneel het in 1865 in Kaapstad herleef met die doel om geld in te samel vir die noodlydende Vrystaters. Hierdie toneelge= selskap is gedra deur inheemse spelers en vanaf 1865 tot 1872 het hulle binnelandse reise onderneem, tot so ver as Kimberley.

Die Afrikaanse toneel is hoofsaaklik uit die Hollandse toneel gebore.(6)

In April 1857 moes die Nederlandse violis en dirigent, N J Wetrens, by sy aankoms in Tafelbaai verneem dat die Operageselskap waarvan hy veronderstel was om dirigent te word, nie bestaan nie! Desnieteen= staande was operamusiek in dië jare die gewildste vorm van musikale ontspanning. Daar is gereeld openbare konserte op die Parade en in die Kompanjiestuin aangebied deur die militêre orkeste van die garnisoen. Werke van die operakomponis Guiseppi Verdi is dikwels uitgevoer. Deur middel van hierdie uitvoerings het ook die Kleurlinge kennis geneem van die kontemporêre operamusiek.

Die Kaapse koerant "De Zuid-Afrikaan" van 23 Julie 1868, het die aan= koms van 'n nuwe operageselskap vermeld, naamlik die "Miranda Harper" -geselskap. In Augustus 1869 het hierdie operageselskap in die "Mutual Hall" die eerste volledige opera in Kaapstad aangebied. Dit was naamlik "La Somnambula" van Bellini en die lede van die geselskap was geklee in operakostuums. (7)

Die grootste bydrae tot opera- en operetteopvoerings in Bloemfontein het ook gekom van die kant van reisende geselskappe. Vermoedelik was hierdie geselskappe redelik doeltreffend ingerig, om gevolglik feitlik onder enige omstandighede 'n redelike mate van reg aan die opvoerings te kon laat geskied. Dat hulle ook finansieel by hierdie ondernemings gebaat het, ly geen twyfel nie. Oral was die publiek uitgehonger vir

---

6. BOSMAN, F.C.L., Drama en toneel in Suid-Afrika 1800-1962. (Kort oorsigte) pp. 7 - 13
7. BOUWS, J., Opera in Kaapstad 'n eeu gelede, in Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse biblioteke, vol. 24, no. 1, September 1969, pp. 158 - 162.

vermaak en toegangspryse was nie al te laag nie. Na die ontdekking van diamante by Kimberley, het verhoogkunstenaars en vermaaklikheids=geselskappe van alle soorte daarheen gestroom. Hulle het gewoonlik hul reiskoste probeer dek deur, met hulle deurreis, in Bloemfontein en in een of twee ander plekke, konserte aan te bied.

In 1873 het die Wesleyaanse gemeente in Bloemfontein besluit dat hulle kerkie te klein geword het en dat 'n nuwe gebou dus noodsaaklik was. Die kerk was 'n reghoekige geboutjie van vyftig-by vyf-en-twintig voet. Omdat dit baie soos 'n saal gelyk het, het die dorpsraad besluit om dit aan te koop met die doel om as stadsaal te gebruik. Die koopprys was £1 100.

Uiteindelik het Bloemfontein dus 'n openbare saal besit. Hierdie geboutjie is gebruik tot dit in 1883 vervang is met 'n deftige stad=saal in Maitlandstraat. Die oorspronklike stadsaal is toe verander in 'n openbare biblioteek.

Sedert die ingebruikneming van die eerste stadsaal, het die aantal musiekkonserte en opvoerings in Bloemfontein toegeneem.

Ofskoon die koms van operas en operettes lank uitgebly het, was daar altyd in Vrystaatse musiekkringe 'n smaak vir operamusiek. Ons lei dit af uit die vele opera-arias wat op konsertprogramme voorkom en uit die advertensies van bladmusiek in die pers.

Alhoewel die publiek nooit die uitvoering van volledige werke kon bywoon nie, moes die Vrystaters reeds vroeg kennis gemaak het met opera=musiek. In "The Friend of the Free State" van 16 September 1864 is die volgende opera-kopieë deur die Bloemfonteinse handelaar, Eduard S Hanger, geadverteer: "The Crown Diamonds" (Auber), "The Bohemian Girl" (Balfe), "Don Juan" (Mozart), "La Traviata", "La Somnambula" en "Norma". Hierdie stukke was glo pas, met die laaste stoomboot uit Europa, ontvang.

Op 19, 20 en 22 Maart 1869 het die "Miranda-Harper"-geselskap Bloemfontein besoek en, wat beskryf is as "Grand Operatic and National Ballad" -

konserte, in die Raadsaal aangebied. As gevolg van reën is die eerste konsert in die wiele gery, maar die tweede en derde konserte het oorvol sale getrek. Donderende applous het op elke nommer gevolg en die kunstenaars was nie suinig met hulle toegifte nie.

'n Besoek van die "Miranda-Harper"-geselskap aan Bloemfontein in April 1870, het gedeeltes uit die operas "La Somnambula" (Bellini) en "Il Travatore" (Verdi) ingesluit.

Die platteland was baie in hulle skik oor die sonderlinge voorreg om ook 'n operageselskap te sien optree. In 'n brief gedateer 4 April 1870, afkomstig uit Phillipolis en gepubliseer in "De Tijd" van 7 April 1870, is geskryf dat die operageselskap slegs uit vier lede bestaan het en dat die sang uitmuntend was. In Colesberg is drie baie geslaagde opvoerings aangebied.

In 1870 het ook die "Miranda-Harper" - operageselskap na die Kimber=leyse diamantvelde vertrek en was Kaapstad dus weer afhanklik van rond=reisende operageselskappe. Vyf jaar lank is slegs ligte musiek in Kaapstad aangebied.

Teen die einde van 1874 het E H Harvey vir die tweede maal na Kaapstad gekom. Sy eerste geselskap het slegs ligte musiek aangebied, terwyl sy tweede groep 'n operageselskap was wat bestaan het uit drie dames en vyf here, aangevul deur die dirigent, James Hyde. Hierdie opera - opvoerings het in Kaapstad vol sale getrek.

In September 1875 het die eerste suiwer operageselskap van E H Harvey vanaf Aliwal-Noord met Geering se koets in Bloemfontein gearriveer. Die seisoensverandering, gepaardgaande met heelwat temperatuurwisse=linge, het die sangers se stemme baie nadelig beïnvloed. Gevolglik was hulle verplig om die eerste konsert uit te stel, maar het nietemin drie konserte aangebied. Die stadsaal was met elke opvoering propvol. Die eerste aand is "Maritana" (Wallace) opgevoer. Die eerste helfte van die tweede konsert het bestaan uit ballades, en die tweede helfte uit twee kort komiese operettes van Offenbach, naamlik "Breaking the Spell" en "The Rose of Auvergne". Hulle laaste opvoering het lank geduur. Die tweede

derde en vierde bedrywe van Gounod se "Faust" en Balfe se "Bohemian Girl" is op die planke gebring.

In Januarie 1876 het die "Harvey" - operageselskap hulle in Smithfield bevind, waar die hele dorp in beroering was oor die drie opvoerings wat daar aangebied is. Die inwoners het self al die dekor en verhoog=versierings verskaf en was in ekstase oor mnr Turner se sang in die "Misirere" -toneel in "Il Travatore". Aanvanklik sou slegs twee op=voerings plaasvind: "Il Travatore" en daarna "Maritane" sou aangebied word. 'n Groep dorpsmense het egter saam 'n derde opvoering geborg. Laasgenoemde het bestaan uit Balfe se "Bohemian Girl" en "Grand Duchesse de Gerolstein" van Offenbach.

Uiteindelik is daar nie minder nie as ses opvoerings gehou. Geen spesifieke datums is in die pers aangegee nie en daar is van handbil=jette gebruik gemaak om die publiek in te lig aangaande die tyd en plek van die opvoering. Op hul weg na Bloemfontein moes die "Harvey"-operageselskap deur Boshof reis. Die inwoners hier wou nie daarvan hoor dat die geselskap voortgaan, alvorens daar nie eers 'n opvoering vir hulle ook aangebied is nie. Toe die operageselskap uiteindelik in Bloemfontein arriveer, was daar dus nie meer geleentheid om die konserte in die plaaslike koerant te adverteer nie.

Die groep het slegs arias en uittreksels uit operas gesing, veral uit die populêre operas van die tyd, naamlik "Robert le Diable", "Lucrezia Borgia", "Norma","Un Ballo in Maschiera", "Faust" en "Lucia di Lammer=moor". Daar het ook balletnommers in die program voorgekom.

Die geselskap het Bloemfontein verlaat vir optredes in Reddersburg en ook in Smithfield. (8)

Ondanks die feit dat die "Harvey" -operageselskap oral vol sale getrek het, het die opvoerings uiteindelik op 'n verlies uitgeloop. Harry

---

8. HUMAN, J.L.K., Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boere-Oorlog, M. Mus., Bloemfontein, U O V S, pp. 25 - 31

Miller wat self ervaring op hierdie gebied gehad het, het in 1888, na aanleiding van hierdie teleurstelling van E H Harvey geskryf dat die verlies nie te wyte was aan 'n gebrek aan belangstelling by die publiek nie, maar wel aan die hoë reiskoste. (9)

Koerantverslae uit die tydperk 1864 tot 1899 toon dat daar op een tyd= stip nie minder nie as twee leërorkeste in die Vrystaat bestaan het. Behalwe die genoemde leërorkeste, is daar ook verskeie amateuror= keste aangetref.

Die orkesuitvoerings van destydse gewilde werke het die verbeelding aangegryp en is met groot geesdrif deur die Vrystaatse gehoor ont= vang.

Die eerste volwaardige blaasorkes het sy beslag in 1867 in Bloemfon= tein gevind. Op 6 Julie 1867 het die orkes sy eerste uitvoering ge= lewer by geleentheid van die Wesleyaanse kerkbasaar in die Raads= kamer.

'n Beriggie in "The Friend of the Free State", gedateer 3 April 1868, het van ontsteltenis gespreek oor die voorgenome ontbinding van hier= die orkes. Finansiële probleme het begin opduik: blykbaar is die uit= gawes van die orkes slegs deur 'n paar lede gedra en hulle kon nie langer daarmee volhou nie. Die Bloemfonteiners is daarvoor geblameer dat hulle nie voldoende ondersteuning aan die orkes verskaf het nie, en daar is aan die hand gedoen dat pogings aangewend moes word om subskripsies van die publiek te verkry. 'n Dramavereniging wat ook in hierdie jaar gestig is, naamlik die "Bloemfontein Amateur Dramatic Club", het hulle te hulp gesnel en op 4 September 1868, 'n eerste toneelopvoering ten bate van die blaasorkes aangebied. Die program is afgewissel met 'n paar nommers uitgevoer deur die orkes self. Geen verdere verslag oor die werksaamhede van hierdie orkes verskyn egter in die pers nie. Dus moet ons aanvaar dat hulle uiteindelik voor hulle geldelike probleme moes swig.

'n Artilleriekorps wat in 1864 veral deur die bemoeiing van President

---

9. BOUWS, J., Kaapstadse Italiaanse opera, 1875-1877, in, Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse biblioteke, vol. 24, no. 2, Desem= ber 1969, pp. 190 - 194.

Brand en op aandrang van die Engelse gemeenskap gestig is, het onder andere ook beskik oor 'n musiekkorps. Laasgenoemde se dienste is nie slegs op staatsgeleenthede en in sy hoedanigheid as leërorkes ge=bruik nie, maar die korps het ook op openbare funksies opgetree. Daar heers onsekerheid oor die stigtingsdatum van hierdie musiekkorps, maar dit kan uit die Artillerie-stukke afgelei word dat die korps ongetwyfeld reeds in 1871 bestaan het. [10]

Reeds op 4 Maart 1875 het daar in "Het Volksblad" (Kaapstad) 'n berig verskyn dat Signor (August) Cagli, wat geruime tyd in Australië was, in samewerking met W Lyster planne begin beraam het vir die aan=bieding van 'n operaseisoen in Kaapstad. Onmiddellik na Signor (August) Cagli se aankoms in Kaapstad, het hy die nuwe skouburg in Burgstraat vir drie maande teen £250 gehuur. Dié gebou sou binne twee weke voltooi wees. Nog nooit voorheen het Kaapstad 'n maandlange operaseisoen beleef nie. Dit sou vanaf 15 November tot 15 Desember 1875 duur en nege verskillende operas is opgevoer.

Wat die bywoning van die operas betref, was die publiek aanvanklik terughoudend, maar daar het spoedig 'n gunstige wending ingetree. Die groter publieke belangstelling was moontlik te danke aan die Goewer=neur, Sir Henry Barkly - teen £100 het hy die middelste van die drie privaat losies vir die hele seisoen gehuur.

Op 7 Desember 1875 het Signor (August) Cagli aangekondig dat hy sy geselskap gaan uitbrei, deur 'n balletgroep op die been te bring.

Vanaf 28 Desember 1875 het hierdie operageselskap ook opvoerings in Port Elizabeth aangebied. Die bywoning deur die publiek was egter baie swak.

Solo-sanguitvoerings met klavierbegeleiding was baie gewild onder die Kaapse gehore. Op 13 Oktober 1875 het Madame Anne Bishop (née Rivière) en haar begeleier, Charles Lascelles, self ook 'n sanger,

---

10. HUMAN, op. cit., pp. 1 - 3

"The Grand Duchess of Gerolstein" (Offenbach) in die "Mutual Hall" (Kaapstad) aangebied. Hierdie uitvoering was 'n reuse sukses. Op 21 Oktober 1875 het die twee musici na Port Elizabeth vertrek waar hulle, volgens "Het Volksblad" van 2 November 1875, 'n "furore" gemaak het.

Die voor-operaseisoen het op 4 Februarie 1876 in Kaapstad 'n aanvang ge= neem met die opvoering van "Faust", gevolg deur "Martha" en "I Martiri" (Donizetti). Hierdie operas is deur Signor (August) Cagli se opera= geselskap opgevoer. Die publieke belangstelling was egter nog nie na wense nie.

Die nuwe, werklike operaseisoen het op 23 Februarie 1876 begin, 'n dag nā die vasgestelde datum van aanvang. Die rede hiervoor was die vertraging van die posboot waarmee die balletgroep gereis het. 'n Propvol saal het getuig van die nuwe belangstelling in die aan= bieding van "Martha", gekombineer met 'n ballet.

Die toekoms van die Italiaanse operageselskap het sō rooskleurig daaruit gesien, dat Signor (August) Cagli in Mei 1876 die nuwe skou= burg in Kaapstad, "The Theatre Royal", vir drie jaar gehuur het en wel teen £1 000 per jaar.

Hoewel die optredes van die Italiaanse sangers van Signor (August) Cagli slegs oor 'n paar seisoene gestrek het, het hulle gunstige invloed op die musieksmaak van die Kaapse publiek, in die daaropvol= gende jare voortgeduur.

So byvoorbeeld het "Het Volksblad" in Kaapstad op 10 April 1879, na aanleiding van die duet van "Pamina" en "Papagino" uit "Die Zauber= flöte", naamlik "Bei Männern welche Liebe fühlen", berig dat niemand tien jaar tevore sou gedroom het dat die Kaapse publiek 'n soortge= lyke duet van Mozart, met toejuiging sou ontvang nie. (11)

---

11. BOUWS, J., Kaapstadse Italiaanse opera, 1875 - 1877, <u>op. cit.</u>, pp. 195 - 197.

'n Eertydse leier van die koorvereniging (Choral Society) in Bloem= fontein, William Barratt, was jarelank 'n leidende figuur in Bloem= fonteinse musiekkringe.

In Desember 1880 het die koorvereniging dan ook 'n operette, naamlik "The Merrie men of Sherwood Forest", in die Bloemfonteinse stadsaal op die planke gebring. Vir die opvoering van dié operette het William Barratt 'n klein instrumentale groepie byeengebring, om sodoende die begeleiding te verskaf.

In Desember 1880 het die"Vesalius"-operageselskap vir die eerste maal in Bloemfontein opgetree. In hierdie tyd het hulle nege maande op Kimberley deurgebring en 'n groot aantal opvoerings daar aangebied. Toegangspryse in Bloemfontein was hoog vir daardie dae - dit het van 5/- tot 7/6 gewissel.

Die eerste konsert van die geselskap in Bloemfontein, aangebied op 23 Desember 1880, was ietwat tentatief van aard. Slegs volksliedere, ballades en 'n kort komiese operette, "Cox and Box" (Sullivan), is aangebied. Hierdie konsert was blykbaar 'n sukses, want die gesel= skap het in hulle daaropvolgende konserte, voortgegaan met die aan= bieding van uittreksels uit verskillende operas. Die operette van Offenbach, "Blind Beggars", is vir die eerste maal in Suid-Afrika deur hulle opgevoer en in Bloemfontein het hulle groot sukses daarmee behaal.

Nā hierdie welslae het die geselskap aangekondig dat " H M S Pinafore" van Gilbert en Sullivan opgevoer gaan word. Dit is 'n gewilde stuk wat dwarsoor die wêreld opgevoer is. In New York alleen is dit in ses teaters gelyktydig aangebied. Die Bloemfonteiners was baie ver= heug oor hierdie nuus, want berigte van die Vesaliusgroep se opvoering van "H M S Pinafore" in Kimberley, het hulle lank tevore reeds deur middel van die pers bereik. Hierdie groep was verantwoordelik vir die eerste opvoering van dië stuk in Suid-Afrika en wel in Kimberley in 1880. Hulle reputasie vir die hantering daarvan was baie goed.

Die eerste opvoering van "H M S Pinafore" het in Januarie 1881 plaas=

gevind en is met groot geesdrif begroet. Dit is beskou as die beste opvoering wat nog ooit in Bloemfontein op die planke gebring is. Dié stuk is agt maal aangebied en, ten spyte van stortreëns wat dae lank geduur het, was die sale gereeld stampvol. Sommige mense het elke opvoering bygewoon en op straat het skoolseuns die melodieë van "For he is an Englishman", "I'm the Captain of the Pinafore" en "Never mind the why and wherefore", geloop en fluit. Die liedjies het oornag treffers geword.

Die "Vesalius"-operageselskap het wekelank in Bloemfontein vertoef, en in Februarie 1881 die eerste van drie opvoerings van Donizetti se "Le Fille de Regiment", aangebied.

Die laaste optrede van die geselskap sou op 26 Februarie 1881 plaas= vind, by welke geleentheid "Les Deux Aveugles" van Offenbach opgevoer sou word. Die swak toestande van die paaie het egter die operagesel= skap genoop om hulle vertrekdatum uit te stel. Terwyl hulle dus genoodsaak was om langer in Bloemfontein te vertoef, is ekstra optredes gereël. Die laaste optrede van die "Vesalius"-operageselskap het op Saterdag 5 Maart 1881 plaasgevind. By hierdie geleentheid is twee operettes op die planke gebring, naamlik "Rose of Auvergne" en "Fleurs de The" (Lacocq).

Die gewildste komiese opera van Lococq, "Les Cloches de Corneville", is vir die eerste maal in Bloemfontein opgevoer op 7 Februarie 1882. In die plaaslike pers het een van die mees omvattende advertensies tot dusver, verskyn. 'n Groep wat hulself "The Bloemfontein Dramatic and Operatic Company" genoem het, was verantwoordelik vir hierdie opvoering. Die kritiek op en verslag van dié opvoering het kwalik uit meer as 'n paar bemoedigende woorde bestaan. Dit kan óf toege= skryf word aan 'n vrees vir taktloosheid, óf aan 'n gebrek aan ruimte in die koerant. "The Friend of the Free State" van 2 Februarie 1882, berig soos volg aangaande die optrede:

> "Die spelers het deurgaans hulle rolle met onverminderde energie vertolk".

Hierdie opera is 'n week lank opgevoer.

Nog 'n opera is deur die "Bloemfontein Amateur Dramatic and Operatic Company" op die planke gebring, naamlik "The Sorcerer" van Sullivan. Dit was die eerste opvoering van dië stuk in Bloemfontein en het plaasgevind in Julie 1882.

In dieselfde maand van hierdie jaar het mnr en mev E J Austen (néé mej Frances Vesalius) weer 'n besoek aan Bloemfontein gebring. Reëlings is getref vir opvoerings deur die Vesaliusgeselskap. Mnr Fry, die bestuurder van die geselskap, het uit Harrismith getelegra= feer dat verlengde operaseisoene op verskeie plekke verhoed dat hulle voor 21 Julie in Bloemfontein sou kon arriveer. Oral is die geselskap geesdriftig ontvang en het die publiek aangedring op addi= sionele opvoerings. Twee konserte is in Bloemfontein aangebied: die program van die eerste konsert het bestaan uit opera en musiek, terwyl die tweede bedryf van "Les Cloches de Corneville" en die derde bedryf van "La fille de Madame Angot" (Lecocq) in die derde konsert opgevoer is. Op pad na Kimberley het die geselskap op Boshof oor= gebly en daar 'n opvoering gegee.

Die Bloemfonteinse Koorvereniging (Choral Society) het in September 1884, na 'n lang stilswye, weer in die openbaar opgetree met die opvoering van 'n komiese operette van Sullivan, naamlik "Trail by Jury".

"H M S Pinafore" was werklik 'n gunsteling by die Bloemfonteinse gehoor. Groot vreugde het geheers toe dit bekend word dan Sam Barratt op 13 November 1884 weer eens dië operette gaan opvoer. Hy het baie ondernemingsgees besit, want alle rolle is deur klein kindertjies vertolk! Die pers het asem opgehou. Die publiek is vriendelik ver= soek om ten minste tien minute voor die aanvang van die konsert hul plekke in te neem. Kennisgewings het in die pers verskyn dat die deure van die saal gesluit sou word gedurende solo's, en slegs terwyl koorstukke uitgevoer word, oopgemaak sou word.

Dië opvoering het egter nie goed afgeloop nie. Die spel van die kinders was baie swak, terwyl die sang redelik was en die kinders "mooi tydgehou" het in die koorstukke. Die warm, bedompige saal was egter daarvoor verantwoordelik dat die spelers sommer vroeg-vroeg

reeds vaak geword het!

Sam Barratt het self ook sy hand gewaag aan die skrywe van 'n operette met 'n onbekende titel. In Mei 1887 is dit deur plaaslike amateurs in Bloemfontein se stadsaal voor 'n groot gehoor opgevoer. Die operette het slegs die tweede helfte van die program gevul. Die sangers was van die bestes wat in Bloemfontein beskikbaar was en die musiek skynbaar heel aanvaarbaar. Desnieteenstaande was dit onsuk=sesvol. Die skrywer het probeer om in die operette die draak te steek met filantrope wat "angstig is om engele van die swart rasse te maak". Die stuk het egter nie byval by die publiek gevind nie, waarskynlik omdat dit veels te ernstig opgeneem is.

Blykbaar was die Barratt-familie as geheel baie musikaal, want Sam Barratt was vir geruime tyd kapelmeester van die Artilleriekorps se orkes.

In 1883 het die Barratt-broers 'n orkes saamgestel wat bestaan het uit amateur orkeslede. Hierdie orkes het etlike jare lank die toon aan=gegee in Bloemfontein se musiekbedrywighede. Aanvanklik het die orkes as die "Barratt-orkes" bekend gestaan, maar later, namate hulle toegeneem het in status, het hulle hulself 'n "Orchestral Society" genoem. Tot 1886 was daar weinig konserte waartydens hierdie orkes nie opgetree het nie.

Die orkes het sy eerste buiging in Oktober 1883 gemaak, en wel in die pas voltooide stadsaal in Maitlandstraat. Dit het die vorm aangeneem van 'n verskeidenheidskonsert, ten bate van die Bloemfonteinse Krieket=vereniging. Die nuwe stadsaal het 'n galery besit wat later nog die toneel sou vorm van vele onaangenaamhede by konserte. Tydens die eerste konsert wat die orkes aangebied het, het 'n aantal luidrugtige toeskouers op die galery stelling ingeneem en allerlei geluide en onvanpaste applous laat hoor. Barratt het die galery bestyg en die amokmakers eiehandig uitgegooi!

Op 30 Februarie 1884 het William Barratt in die Bloemfonteinse stad=saal 'n konsert aangebied, ten einde fondse in te samel vir die

aankoop van blaasinstrumente vir die orkes. Die program se opskrif was "Popular Philharmonic Concert", maar dit het hoofsaaklik bestaan uit solonommers, gelewer deur plaaslike kunstenaars. Die orkes self was slegs vir enkele nommers verantwoordelik.

Van die aanvanklike voorneme om tweeweekliks 'n konsert aan te bied, het min tereggekom. Nā die tweede opvoering in Maart 1884, is dit vireers gestaak. Op hierdie stadium het die orkes bekend gestaan as die "Philharmonic Society", 'n naam wat klaarblyklik sedert die vorige konsert aanvaar is. Met die aanbieding van die tweede konsert was die orkesspel swak en as dit nie was vir die sang van mej Krause en Dr Stollreither nie, sou dit 'n algehele mislukking gewees het.

Intussen het die orkes nie sy optredes heeltemal gestaak nie, maar onder andere by geleentheid van die gewilde "Winter Evening Enter=tainments" in die stadsaal opgetree. Ook op konserte soos byvoorbeeld die van die "Bloemfontein Christy Minstrels" op 7 Augustus 1884, het die orkes uitvoerings gelewer. Deur die begeleiding tydens die op=voerings van verskeie verhoogwerke waar te neem, het die orkes 'n waardevolle rol gespeel. 'n Voorbeeld hiervan was Sullivan se "Trial by Jury" wat in September 1884 opgevoer is.

Dit is te betwyfel of die orkes ooit 'n definitiewe naam gehad het, want teen September 1884 het dit slegs bekend gestaan as die "Orches=tral Band".

'n Berig oor die eerste Promenadekonsert wat in Bloemfontein gehou is, het in "The Friend of the Free State" van 9 Julie 1885 verskyn. Hierdie konsert is aan die begin van daardie week in die stadsaal aangebied. Die gehoor was skynbaar baie beïndruk met die spel van die orkes.

In Augustus 1885 het 'n ander orkes sy eerste buiging voor die Bloem=fonteinse gehoor gemaak. 'n Groot gehoor het dit bygewoon, insluitende die President en mev Brand. Die konsert het 'n baie gunstige reaksie van die kant van die gehoor uitgelok en gevolglik sou 'n mens verwag dat hierdie orkes se voortbestaan verseker sou wees. Ongelukkig was

dit egter die enigste keer wat daar van hierdie orkes melding gemaak is.[12]

'n Baie belangrike gebeurtenis vir opera in Suid-Afrika was die aankoms van die dinamiese Luscombe Searelle. In 1887 het hy met 'n volle operageselskap in Kaapstad gearriveer. Dit was die begin van 'n nuwe bedeling op operagebied, nie alleen in Kaapstad nie, maar tot in die verre uithoeke van Natal, Transvaal en later selfs Rhodesië.

Met sy nuwe aanbiedings het die geselskap nuwe lewe geblaas in Kaapstad se reeds opgevoede operagehoor. Aanvanklik veral is Luscombe Searelle goed ondersteun, maar as gevolg van die ontoereikende be= volkingsgetal, kon die belangstelling nie onbepaald gaande gehou word nie.

Hierdie geselskap het vanaf 13 Junie 1887 ses maande lank in Kaapstad opgetree, en daarmee 'n rekord opgestel wat lank ongeëwenaard sou bly. Die speelvak in Kaapstad het op 17 Desember geëindig, waarna die geselskap na Port Elizabeth vertrek en daar op 26 Desember 1887 begin optree het.

Luscombe Searelle se geselskap het gedurende 1888 verder deur die land gereis, en onder andere opgetree op Oos-Londen, King Williamstown, Kimberley, Durban en Pietermaritzburg. Aan die einde van 1888 het die geselskap na die Witwatersrandse goudvelde vertrek.[13]

Ook gedurende die negentigjare het die "Searelle's Variety Company" Bloemfontein verskeie male besoek. In Oktober 1897 het Luscombe Searelle 'n kort seisoen, bestaande uit drie opera-opvoerings, aange= bied.[14]

---

12. HUMAN, op.cit., pp. 3,7 - 10, 31 - 38.
13. STEAD, op. cit., pp. 11 - 12
14. HUMAN, op. cit., p. 45

Uit 'n brief van Searelle wat op 18 Mei 1889 in die "Cape Argus" verskyn het, blyk dit dat opera-aanbiedings baie duur was. Hy het verskeie operas in Kimberley aangebied, en is oorval deur versoeke uit Kaapstad om ook daar te gaan optree. Op daardie stadium het Kaapstad egter nie oor 'n geskikte teater beskik nie. Bowendien was hy daarvan oortuig dat, indien hy wel 'n operaseisoen in die "Exibi= tion Theatre" sou aanbied, dit op 'n finansiële verlies sou uitwerk.

Tog was hy bereid om ses weke lank opvoerings in Kaapstad aan te bied, mits genoeg seisoenkaartjies verkoop is om 'n finansiële suk= ses te verseker. Daar moes dus honderd boeke van ongeveer vyftig oordraagbare kaartjies verkoop word, en wel teen £15 elk. Luscombe Searelle was bereid om twintig operas aan te bied gedurende die ses weke seisoen. Met ander woorde, die program sou meer as drie maal per week verander word.

Volgens gedrukte libretto's in Kaapstad se Openbare Biblioteek, ge= dateer Junie 1889, blyk dit dat so 'n ooreenkoms wel aangegaan is, en dat Luscombe Searelle se geselskap inderdaad daar opgetree het. [15]

As gevolg van die feit dat die koste verbonde aan opera-opvoerings so hoog was, het Luscombe Searelle begin met die aanbieding van verskeidenheidskonserte in Suid-Afrika. Sy eie mobiele teater is die "Searelle's Shanty" genoem en sy hoofkwartier was in Johannesburg. In Bloemfontein was hierdie konserte egter nie baie gewild nie. Hier het die groep dan ook onder die onvleiende naam van "Searelle's high kickers" [16] bekend gestaan.

Dit was moeilik om met opera-aanbiedings in Suid-Afrika vol te hou. In 1890 het daar al heelwat kompetisie tussen die verskillende opera= geselskappe bestaan. Die gewildheid van verskeidenheidsaanbiedings (vaudeville) en musiekblyspele het ook baie toegeneem. Selfs die "Theatre Royal" of "Searelle Theatre" in Johannesburg wat aanvanklik slegs operas aangebied het, het nou in 'n "variety theatre" ontaard.

---

15. STEAD, op. cit., pp. 12 - 14
16. HUMAN, op. cit.,

'n Doodsteek vir opera was egter toneelopvoerings. Laasgenoemde het nog gereeld plaasgevind en het 'n lonende bestaan gemaak. In hierdie verband kan ons veral noem die bekende toneelgeselskap van Leonard Rayne, die "vader" van beroepstoneel in Suid-Afrika. Hierdie ge= selskap het dekades lank deur Suid-Afrika gereis en later ook die mees afgeleë plekkies besoek. (17)

In Bloemfontein het operas en operettes egter nog steeds groot gehore getrek. Met die opening van die spoorweg na Bloemfontein in Desember 1890, was daar groot feesvierings en heelwat vermaaklik= heid. Die opvoering van Gilbert en Sullivan se "The Mikado" deur Jagersfonteinse en Fauresmithse amateurs in die Bloemfonteinse stad= saal, was 'n groot aantrekkingskrag. Elk van die 700 sitplekke in die stadsaal was bespreek en die geleentheid het die vorm van 'n gala-aand aangeneem.

Teen die einde van September 1891 het die "Sandiford"-operageselskap in die Vrystaatse hoofstad aangekom. Hulle is vergesel van 'n volle orkes en was geklee in die weelderigste kostuums wat Bloem= fonteiners nog ooit op die verhoog aanskou het. 'n Groot en uitge= lese gehoor, onder andere die Staatspresident en mev Reitz, het die openingsaand op 1 Oktober 1891 bygewoon.

In April 1895 het die "Royal Italian Opera Company" sy verskyning in Bloemfontein gemaak. Hierdie operageselskap wat bestaan het uit Italianers, het die operas in Italiaans aangebied. Die eerste opvoering is baie goed bygewoon, maar die opkoms met die tweede en derde aanbiedings was baie swak. Dit is moeilik om vas te stel waar= om die laaste twee opvoerings so min mense getrek het, maar moontlik was dit te wyte aan die feit dat Italiaans onverstaanbaar was vir die gehoor. Laasgenoemde was gewoond daaraan om na Engelse vertalings van libretti te luister. Blykbaar het die operageselskap begrip gehad vir hierdie probleem, want net voor die laaste opvoering is

---

17. STEAD, op. cit.

die publiek in kennis gestel dat boekies, met die Engelse libretto, vooraf by Borckenhagen en Kie. beskikbaar sou wees.

In Desember 1898 is nog 'n operette van Sullivan deur 'n groep plaas=like amateurs in die Rambler's saal in Bloemfontein aangebied. Die "Rambler's Musical and Dramatic Society" was vir die produksie ver=antwoordelik. Waarnemers was aanvanklik van mening dat die opvoering op 'n mislukking sou afstuur, maar gedurende die laaste twee weke van repetisie het die spelers sō reggeruk, dat die eerste van vier aanbiedings reeds 'n groot sukses was.

Vōōr die uitbreek van die Anglo-Boere-Oorlog in 1899, het die "Ram=bler's Musical and Dramatic Society" meegehelp dat "H M S Pinafore" in Augustus 1899, weer in Bloemfontein opgevoer word. Ofskoon sommige persone vooraf te kenne gegee het dat die stuk holrug gery en die publiek moeg was daarvoor, was die Rambler's-saal met elke opvoering stampvol.

Wat opera en operette betref, het die smaak van die Vrystaatse gehoor in die eerste dekades dus ontwikkel in 'n spesifiek Engels-georiën=teerde voorliefde vir Sullivan en die ligter Franse operettes van Lecocq. Die opvoerings was meestal in die hande van Engelssprekende individue en operageselskap uit Brittanje, Australië en Amerika. Italiaanse en Franse operas, in hulle oorspronklike tale, het relatief klein gehore getrek en in sommige gevalle het die opvoerings selfs misluk. Indien dieselfde operas egter in Engels aangebied is, is vol sale getrek.

Op 30 Januarie 1889 het "The Friend of the Free State" die eerste op=trede van 'n militêre orkes, die "President Brand Rifles"-orkes, aan=gekondig. Hierdie orkes sou tydens 'n "smoking concert" in die Raads=kamer van die stadsaal optree. Kort hierna het die "President Brand Rifles"-orkes sy eerste konsert in die stadsaal gehou, waartydens geld ten behoewe van die orkes self, ingesamel is. Die orkes het bestaan uit vrywilligers wat deel van die Geweerkorps gevorm het. Dit was dus beslis gekoppel aan die leër. In hoeverre hierdie orkes egter staatsondersteuning geniet het, is onbekend.

Die "President Brand Rifles"-orkes het 'n reeks promenadekonserte in die Goewermentstuine aangebied. Seisoenkaartjies is verkoop in die vorm van boekies, bevattende 12 en 25 kaartjies elk. Die pryse was 10/6 en 21/- onderskeidelik. Aanvanklik was die bywoning in Septem= ber 1890 nie so goed nie, aangesien die aande nog koel was. Later het dit egter aansienlik verbeter. Hierdie promenadekonserte het ook geleentheid gebied vir die bekendmaking van nuusbrokkies. Op 19 No= vember 1890 is byvoorbeeld op 'n promenadekonsert bekers en pryse wat op die pas afgelope atletiekbyeenkoms verower is, aan die wenners oorhandig.

Die aantal promenadekonserte in die Goewermentstuine het gedurende 1891 toegeneem. Die rede hiervoor was dat die "President Brand Rifles"-orkes en 'n amateurorkes nou om die beurt uitvoerings gegee het. Dié konserte het baie aftrek gekry en die opbrengs is soms geskenk aan liefdadigheid.

By wyse van 'n proefneming het die "President Brand Rifles"-orkes op Sondagmiddag, 5 Junie 1892, 'n uitvoering van gewyde musiek in die ontspanningsgronde aangebied. Die inwoners van Bloemfontein het in groot getalle daarheen gestroom en klaarblyklik die musiek baie geniet.

Dit is duidelik dat die Bloemfonteinse inwoners dikwels van die dienste van die "President Brand Rifles"-orkes gebruik gemaak het. Daarom is dit inderdaad jammer dat die orkes se optredes later gestaak is. In koerantberigte nā 1894 verskyn die orkes se naam nie meer nie. Dit mag wel wees dat die orkes nog bestaan het in sy hoedanigheid as leërorkes, maar geen openbare uitvoerings meer aangebeid het nie.

Op 'n vergadering gehou op 28 Oktober 1893, is 'n orkesvereniging gestig. Dit sou bekend staan as die "Bloemfontein Orchestral Society".

Reeds op 22 Januarie 1894 is die eerste van 'n reeks konserte in die stadsaal gehou. Nā afloop van die eerste konsert, is die orkes geloof vir die groot vordering wat tot dusver gemaak is.

Die aanbieding van die volgende groot konsert wat op 7 Junie 1894 onder beskerming van die Orkesvereniging gehou is, was op dieselfde dag as wat perdewedrenne plaasgevind het. Baie besoekers het na Bloemfontein gestroom vir hierdie wedrenne en gevolglik was die stad= saal tydens die uitvoering stampvol. Ook President Reitz en sy gevolg was teenwoordig.

Die konsert wat op 14 Julie 1894 deur die "Bloemfontein Orchestral Society" aangebied is, was baie belangrik, aangesien die Skotse sopraan, Marguerite McIntyre, daaraan deelgeneem het. Sy het een van die gulste ontvangste geniet wat nog in Bloemfontein aan 'n kunstenaar gegee is. Met elke sangstuk wat sy gelewer het, het die applous aangegroei.

Op die aand van 16 Oktober 1895 is 'n gala-aand in die Bloemfonteinse stadsaal gehou. Dit het saamgeval met 'n uitstalling in die stad= saal deur die "Orange Free State Fine and Industrial Art Association". Die "Bloemfontein Orchestral Society" en die artillerie-orkes het afsonderlik en gesamentlik nommers van 'n lewendige en patriotiese aard gespeel. Dit het natuurlik groot byval by die gehoor gevind.

Onder beskerming van die Orkesvereniging, is in die daaropvolgende jare 'n hele aantal oorsese musiekkunstenaars na Bloemfontein gebring. Nie alleen het die uitvoerings van hierdie kunstenaars die belang= stelling van die publiek gaande gehou nie, maar dit het ook die peil van die musieksmaak laat styg.

Op sommige plattelandse dorpies het daar orkeste bestaan, soos ons uit koerantberigte kan aflei. Op Jagersfontein het byvoorbeeld 'n amateurblaasorkes bestaan wat in Februarie 1893 'n konsert gehou het.

Ook Kroonstad het met 'n blaasorkes gespog.

Met die uitbreek van die Anglo-Boere-Oorlog, is die Orkesvereniging ontbind. (18)

---

18. HUMAN, op. cit., pp. 10, 11, 14-18, 21-23, 39, 40, 43, 44, 46 & 47.

In "The Cape Times" tref ons die volgende interessante brokkie nuus aan met betrekking tot die opvoering van "Faust" van Gounod deur die besoekende "Massimini Italian Opera Company", op 14 Maart 1895: Sigcau, Umblangass en ander Pondo-opperhoofde, met sommige van hulle vriende, het ook die opvoerings bygewoon. Hulle het eers aan die einde van die eerste bedryf gearriveer en een van die teaterloges beset. Sigcau het verveeld in die teater rondgekyk en sy sakdoek begin gebruik as 'n waaier! Die hofmakery in die tweede bedryf het egter dadelik die belangstelling van die Pondo-opperhoofde ge=prikkel. Die gehoor se aandag was, nã die aankoms van die Pondo-opperhoofde 'n rukkie lank verdeeld tussen laasgenoemde en die sangers op die verhoog.

Swak ondersteuning van die kant van die publiek, was 'n verdere terugslag vir opera in Suid-Afrika. Luscombe Saerelle moes, net soos die Wheeleroperageselskap, hom uiteindelik toelê op die "Vaude=ville". In 1895 het hy reeds sy twaalfde aanbieding van dië aard in die Kaap en elders, aangepak. Musiekkomedies het, soos "Vaude=ville", deurgaans in die smaak van die publiek geval.

Die onvermoeide ywer van amateurgroepe oor die hele land, deur die jare heen, mag nooit onderskat word nie. Hierby moet ons insluit die prysenswaardige pogings van opvoedkundige inrigtings en hoërskole. Hulle het periodiek nusiekblyspele, operettes, en soms selfs operas, opgevoer. Dit was waardevolle opvoedingswerk wat die belangstelling geprikkel het. As gevolg hiervan kon die aantal mense wat in operette en opera sou belangstel, geleidelik aangroei. (19)

Omdat besoekende oorsese geselskappe altyd kennis gedra het van die nuutste operas, operettes en musiekblyspele, het plaaslike gehore ge=volglik die geleentheid gehad om ook hûlle musiekkennis op datum te hou.

---

19. STEAD, op. cit., p. 15.

# HOOFSTUK 3

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1900 TOT 1929

## 3.1 DIE INVLOED WAT OPERA EN OPERETTE OP DIE GEHOOR GEHAD HET, MET SPESIALE VERWYSING NA BLOEMFONTEIN

Operas is nog steeds in Suid-Afrika deur oorsese operageselskappe opgevoer.

Bloemfontein is egter selde deur hierdie buitelandse operageselskappe besoek. Vanaf 1904 tot 1912 het vyf oorsese operageselskappe in Bloemfontein opgetree. Dit het beteken dat die publiek minstens elke jaar of elke tweede jaar die geleentheid gehad het om opera-opvoerings by te woon. Hierna het die besoeke egter skaarser geword. Tot 1939 het slegs vyf buitelandse operagroepe Bloemfontein besoek, en wel in die jare 1914, 1920, 1931 en 1937. Die groot gapings tussen besoeke het meegebring dat die optredes van buitelandse opera= geselskappe in Bloemfontein as belangrike en rare musiekgebeurtenisse beskou is. Hierdie opera-opvoerings is gevolglik met groot geesdrif deur die publiek afgewag. Geen wonder dat die opera-aanbiedings vol sale getrek het nie!

B en F Wheeler se "Grand Opera Company" (voorheen bekend as die "Moody-Manners Opera Company") het vanaf 13 tot 15 Maart 1905 hulle buiging gemaak, en wel met 'n drietal operas: "Il Travatore" (Verdi), "Carmen" (Bizet) en "Faust" (Gounod). Die opvoerings het plaasgevind in die pas-verbeterde stadsaal. Vir al drie operas was die stadsaal vol bespreek en die gehoor het aan hierdie operageselskap die grootste ovasie gegee wat kunstenaars in Bloemfontein nog ooit te beurt geval het.

By geleentheid van die opening van die Grand-teater op 19 Februarie 1906, asook vir die vyf daaropvolgende aande, het die wêreldberoemde "D'Oyle Carte Opera Company" 'n sestal van Gilbert en Sullivan se operas aan= gebied, naamlik: "The Mikado", "Yeomen of the Guard", "The Gondoliers",

"Princess Ida", "Iolanthe" en "Patience". Alle sitplekke vir die openingsaand was uitverkoop. "The Friend" het 'n wedstryd uitgeskryf waarin lesers die bywoningsgetalle op die verskillende aande moes skat, en in die uitgawe van 27 Februarie 1906 is die uitslag gepubli= seer: Maandag, 19 Februarie, 822; Dinsdag, 530; Woensdag, 641; Donderdag, 569; Vrydag, 845 en Saterdag, 850.

Sō gewild was die "D'Oyle Carte Company", dat die groep in Junie 1906 weer na Bloemfontein teruggekeer en dieselfde sestal operas van Gil= bert en Sullivan opgevoer het. Die speelvak het op 18 Junie 1906 'n aanvang geneem en twee weke lank geduur. Hierdie aanbiedings is met ewe groot welslae bekroon.

Die "Tressi Opera Company" (het in Johannesburg ontstaan) se speelvak het in Bloemfontein van 4 tot 9 Januarie 1909 geduur. Die gewildheid van die betrokke operas wat deur die "Tressi Opera Company" aangebied is, het 'n goeie opkoms in die Grand-teater verseker.

Die "Bloemfontein Amateur Dramatic and Operatic Society" het, vanaf 28 Februarie tot 4 Maart 1905 Gilbert en Sullivan se operette, "The Pirates of Penzance", in die Vrystaatse hoofstad aangebied. Ongeveer 'n week nā sy slotopvoering, is hierdie operette opgevolg deur aan= biedings van "Il Travatore", "Carmen" en "Faust", deur B en F Wheeler se operageselskap. Ten spyte van hierdie feit, was die opvoering van Gilbert en Sullivan se operette 'n groot sukses en was die bywoning bevredigend.

> In hoeverre die Afrikaanssprekende deel van die Bloemfonteinse publiek die opera-aanbiedings van die verskillende Bloem= fonteinse verenigings ondersteun het, is onbekend. Die moontlikheid bestaan dat die opvoering van operas en operettes as 'n uitsluitlike Britse tydverdryf beskou is. Verwysings na sulke opvoerings het selde in Afrikaanse koerante voor= gekom. Hieruit kan ons dus aflei dat die Afrikaanssprekendes nie veel belangstelling getoon het in die plaaslike opera-aanbiedings nie. Uit verslae in die plaaslike Engelse koerante blyk dit dat die belangstelling nogtans groot genoeg was om te verseker dat vol sale telkens getrek is. Die operas en operettes wat opgevoer is, was weliswaar almal van 'n ligte aard. Gevolglik het dit baie in die smaak van die breë publiek geval. Die afwesigheid van 'n geskikte orkes het trouens die aanbieding van ernstige operas in Bloemfon= tein, nouliks moontlik gemaak.

Die besoek van die "Quinlan Grand Opera Company" aan Bloemfontein het met buitengewone hoeveelheid publisiteit gepaard gegaan. Alhoewel die geselskap eers vanaf 15 tot 20 Maart 1912 in die Grand-teater in die stad opgetree het, het die plaaslike koerante reeds vier maande voor die gebeurtenis, dit wil sê in November 1911, berigte hieroor begin skryf. Beide "The Friend" en "The Bloemfontein Post" het die volledige opera-repertorium van die geselskap gepubliseer, en die publiek is gevra om hulle keuse van ses operas wat opgevoer kon word, aan die betrokke koerante te stuur. Die rede vir hierdie openbare stemming was om die organiseerders te laat kennis neem van die plaaslike musieksmaak. Aangesien die geselskap in staat was om slegs 'n week lank in Bloemfontein te vertoef, was 'n sorgvuldige keuse van die operas wat aangebied sou word, wenslik. Die openbare meningspeiling het uiteindelik aan die lig gebring dat die volgende operas die gewildste was: "Carmen" (Bizet), "Faust" (Gounod), "Lohengrin" of "Tristan und Isolde", "Tannhäuser" (Wagner), "La Fanciulla del West" of "Madame Butterfly" (Puccini).

Leonard Rayne, die Suid-Afrikaanse impresario wat die reis van die operageselskap behartig het, het egter teen Februarie 1912 begin twyfel of die voorgenome besoek aan Bloemfontein 'n finansiële wins sou toon. Gevolglik het hy 'n waarborg van £3 000 vir die ses Bloemfonteinse opvoerings verlang, moontlik gegee deur die stadsraad. Nã 'n lang brief=wisseling in die plaaslike koerante, is dit egter uitdruklik aan mnr Rayne gestel dat hierdie waarborg hoegenaamd nie oorweeg kon word nie. Nietemin is dit later bekendgemaak dat Leonard Rayne wel besluit het om die projek deur te voer. Die titels van die operas, sowel as die datums waarop hulle aangebied sou word, is bekendgestel:

"Tannhäuser" (15 April); "Faust" (16 April); "Carmen" (17 April); "Lohengrin" (18 April); "La Bohème" (19 April) en "La Fanciulla del West" (20 April). Die keuse van die Bloemfonteinse publiek is dus deeglik deur mnr Rayne in aanmerking geneem. Toe die besprekings op 26 Maart open, was daar onmiddellik 'n stormloop vir kaartjies en binne enkele ure het die besprekingskantoor reeds 'n bedrag van £480 inge=vorder.

Die operaseisoen van die "Quinlan-geselskap" het uitgeloop op 'n

klinkende sukses. Die pers het verantwoordelikheid aanvaar om die verhale van die operas vooraf te publiseer, sodat die gehoor die be= trokke ontknopings sonder moeite kon volg. Hierdie bydrae van die kant van die pers het grootliks bygedra tot die genot wat die operagangers uit die opvoerings geput het. (1)

In 1925 word die eerste opera, met plaaslike talent, naamlik "Faust" opgevoer in Johannesburg. Die publiek het die opvoering goed onder= steun en ook baie geniet. (2)

## 3.2 MUSIEKUITVOERINGS DEUR DIE BLOEMFONTEINSE MILITêRE ORKESTE, "BLOEMFONTEIN MUSICAL SOCIETY", "BLOEMFONTEIN MUSIC CLUB " EN DIE KAAPSE STADSORKES WAS BAIE GEWILD BY DIE PUBLIEK

Kort na die aankoms van die Britse besettingsmagte in en om Bloemfon= tein in Maart 1900, asook tydens die Anglo-Boere-Oorlog, het Britse militêre orkeste 'n belangrike rol gespeel in die musieklewe van die Vrystaatse hoofstad. Ofskoon die repertorium van sommige orkeste slegs tot vermaaklikheidsmusiek beperk was, was daar tog gevalle waar orkeste 'n redelike wye verskeidenheid aangebied het. Die Bloemfonteinse publiek is hierdeur bevoordeel: hulle kon nou musiek aanhoor wat andersinds weens die kortstondige en wankelrige bestaan van plaaslike orkeste en ensembles, vir hulle ontoeganklik sou wees. Gevolglik is konserte aangebied deur Britse militêre orkeste, geesdriftig deur die Bloemfonteinse publiek bygewoon.

In 1905 het die "Fifth Dragoon Gaurds" hul eerste konsert aangebied, wat dan ook 'n klinkende sukses was. Die orkes is telkens oorverdowend toegejuig.

---

1. HUMAN, J.L.K., Musieklewe in Bloemfontein 1900-1939, Bloemfontein, U O V S, D. Mus., 1976, pp. 188, 207, 209 - 215.
2. STEAD, op. cit., p. 20

Die "Bloemfontein Town Band" het in Oktober 1909 'n uitvoering op Markplein gegee, bygewoon deur 'n duisend mense.

Vanaf 1900 het daar in Bloemfontein 'n lewendige belangstelling in koorsang geheers. Uitvoerings van hierdie aard is meestal baie goed deur die publiek bygewoon. Hierdie belangstelling het as aansporing gedien vir die betrokke kore en dirigente.

Die "Bloemfontein Musical Society" het omstreeks 1907 ontstaan. Dit het die taak van die "Bloemfontein Choral Society" wat 'n hele ruk tevore van die toneel verdwyn het, voortgesit. Op 26 Augustus 1907 het die "Bloemfontein Musical Society" twee uitgebreide koorwerke van Cole=ridge-Taylor aangebied, naamlik "Hiawatha's Wedding Feast" en "The Death of Minnehaha". Ook Mendelssohn se "Lobgesang" Opus 52 is uitgevoer. 'n Tweede konsert is op 28 Augustus 1907 deur hierdie musiekvereniging aangebied, waartydens "Die Messias" (Händel) uitgevoer is.

Hierdie twee uitvoerings was sulke belangrike gebeurtenisse, dat die spoorwegowerhede van die Oranjerivierkolonie buitengewone konsessies toegestaan het aan plattelanders wat in besit was van toegangkaartjies, en wat derhalwe na Bloemfontein moes reis vir die uitvoerings. Aan belangstellendes wat per trein van Kroonstad, Bethulie, Smaldeel (tans Theunissen), Winburg en ander omliggende dorpe wou reis, is spesiale tariewe toegestaan.

Bekende buitelandse sangers is deur die "Bloemfontein Musical Society" as soliste ingevoer. Alle soliste wat aan uitvoerings tot en met 1910 deelgeneem het, was buitelanders. Gevolglik het die Bloemfonteinse publiek die geleentheid gehad om met sang van 'n hoë gehalte kennis te maak. [(3)]

Die Stadsorkes van Kaapstad het 'n baie belangrike rol gespeel in die musieklewe van Suid-Afrika. Dié orkes het groot gewildheid geniet by Suid-Afrikaanse gehore en het uitvoerings dwarsdeur die land gelewer.

---

3. HUMAN, <u>op. cit</u>, pp. 63-65, 153, 155, 163, 173

Op Saterdagaand, 28 Februarie 1914, het die lede van Kaapse Stadsorkes hul plekke ingeneem op die verhoog van die stadsaal in Kaapstad - nã repitisies wat slegs vier dae lank geduur het! Theo Wendt was die eerste dirigent van hierdie orkes. Elke sitplek in die stadsaal was bespreek en die gehoor is in vervoering gebring deur die musiek. Die openingsklanke van die overture van "Die Meistersinger von Nürnberg" is met opgehoue asem afgewag, en tereg het die gehoor gevoel dat 'n nuwe kultuurtydperk vir Kaapstad aangebreek het. Diegene wat aanwesig was by die eerste orkesuitvoering, herinner hulle dat dit baie warm was en dat die program tot laat in die aand geduur het.

Twee musiekkonserte per week is in die Kaapstadse stadsaal aangebied: op Donderdagaande was dit simfoniekonserte en op Sondagaande, populêre musiekkonserte. Sondagaande is konserte ook gehou op die orkesverhoog op die Pier, op die nuwe pawiljoen te Seepunt, die pawiljoen te Mui=zenberg, asook in die verskillende parke in Kaapstad. Addisionele konserte is aangebied in verskeie skole, by die Goewermentshuis, ens. Die Kaapse Stadsorkes het agt konserte per week gehou.

Gelyktydig met die begin van hierdie gereelde konserte, is die aanvang van 'n reeks lesingskonserte wat op Dinsdagaande aangebied sou word, aangekondig. Hierdie aanbiedings sou volgens 'n opvoedkundige patroon geskied, en is gedurende die skoolkwartaal, April tot Junie 1914 gehou. Die toegangspryse vir die hele reeks konserte sou 15/-, of 2/6d vir af=sonderlike aande bedra, terwyl studente teen 10/- vir die hele reeeks, of 1/- per aand, toegang kon verkry. Gedurende hierdie opvoedkundige program is die stalles van die Kaapstadse stadsaal vir leerlinge be=spreek. Slegs die balkon en loge sou vir die publiek oopgestel word. Die ondersteuning vir hierdie reeks konserte was goed. 'n Gehoor, bestaande uit alle ouderdomsgroepe, het na die uitvoering van elke beweging afsonderlik, geluister, voordat die hele werk deur die orkes uitgevoer is.

Op Saterdagaande in April, Mei en Augustus is Promenadekonserte aangebied. Die programme het bestaan uit 'n oordeelkundige kombinasie van goeie ligte- en klassieke musiek. Die pryse van die kaartjies was 1/- in=dien bespreking vooraf plaasgevind het, en 6d as die konsert onbespreek

bygewoon is. Op die koop toe is 'n aanvang gemaak met die aanbieding van ses groot simfoniekonserte. Afsonderlike aande is gewy aan Wagner, Tsjaikovski, en ander "moderne" komponiste soos Liszt, Brahms, ens. Die toegangskaartjies se pryse het 12/6d beloop vir die hele reeks, of 3/- per bespreekte sitplek. Onbespreekte sitplekke het 2/- en 1/- onderskeidelik gekos. Kinderkonserte is ook aangebied teen 3d. per toegangskaartjie.

Die grootte van die gehore wat uitvoerings van die Kaapse Stadsorkes bygewoon het, het vinnig toegeneem. Daar is egter gevind dat gehore nie 'n groot voorliefde besit het vir sogenaamde klassieke musiek nie. Die woord "simfonie" het baie lede van die publiek afgeskrik en gevolg=lik is die bywoning van dié konserte nadelig beïnvloed. Oor die algemeen was die reaksie egter uitstekend. Om dit te staaf is teen die einde van Junie 1914 aangekondig dat, gedurende die eerste drie-en-'n-half maande van die bestaan van die Kaapse Stadsorkes, die tagtig konserte wat aangebied is, deur 70 000 mense bygewoon is. 'n Sogenaamde "Volkstellingkonsert" wat op die Pier gehou is, is bygewoon deur 7 000 mense. Tydens hierdie konsert het die keuse van die nommers by die gehoor berus.

In Junie 1914 het die orkes sy buiging ook op die platteland gemaak en oral vol sale getrek.

'n Skema waarvolgens die Kaapse Stadsorkes 'n toer deur die vernaamste dorpe en stede van Suid-Afrika sou onderneem het, het landswye belang=stelling gewek. Daar is aangekondig dat besprekings vir 'n orkesuit=voering in Durban, reeds geopen het.

In Julie 1914 het die Kaapse Stadsorkes begin met sy toer deur Suid-Afrika. Orals het hul ontvangs die stoutste verwagtings oortref. Al=hoewel Potchefstroom wat nog 'n garnisoensentrum vir etlike Britse regimente was, oor puik musiekkorpse beskik het, was die plaaslike saal stampvol.

Twee uitvoerings is in die Operagebou in Pretoria aangebied, en toegifte is aanhoudend deur die gehoor gevra. In Johannesburg weer moes ekstra

konserte in die Standardteater, die Dieretuin en die Palmhof van die Carlton Hotel gereël word. Die inwoners van Pietermaritzburg het die hoop uitgespreek dat die besoek van die orkes 'n jaarlikse instelling sou word, terwyl alle tekens van vyandigheid wat moontlik in Durban geheers het, gewyk het met die verskyning van die orkes.

Nuwe verbeterings wat aan die begin van Oktober 1914 aan die Stadshuis aangebring is, het die oprigting van die sentrale besprekingskantoor ingesluit. Tot op daardie tydstip het die Stadshuis self telefoon=besprekings hanteer - teen 'n ekstra kommissie van 5%.

Middagteekonserte wat elke Dinsdag- en Vrydagmiddag in die Kaapstadse stadsaal aangebied is, het baie gewild geword, veral as soliste opgetree het. Aanvanklik was die musiek wat op hierdie konserte voorgespeel is, lig van aard. Geleidelik is daar egter 'n versoek gerig dat die werke wat Donderdagaande uitgevoer word, ook Dinsdag- en Vrydagmiddae gespeel moes word. Hierdie middagkonserte het dus later in miniatuur simfoniekonserte ontwikkel.

Omdat die "Lord's Day Observance Act" die invordering van toegangs=gelde op Sondagaande verbied het, is daar tydens hierdie konserte kollektes gehou vir hospitale in die Skiereiland. Etlike honderde ponde is op hierdie wyse ingesamel.

'n Konsertreis deur Suid-Afrika, onderneem deur die Kaapse Stadsorkes, het tot gevolg gehad dat daar in Durban driehonderd intekenare was, met twee bespreekte sitplekke elk teen drie ghienies. [4]

In 1915 het die "Bloemfontein Brass and Reed Band" begin met die aan=bieding van gereelde konserte. Dié Sondagmiddagkonserte in Konings=park was baie gewild by die Bloemfonteinse publiek. Toegang was gratis en slegs silwerkollektes is gehou. [5]

---

4. ROSENTHAL, E., Stadsorkes herdenk sy 50 jarige bestaan 1914 - 1964, Kaapstad, Orkeskomitee, 1964, pp. 7 - 24
5. HUMAN, op. cit., p. 176

In April 1919 het die Kaapse Stadsorkes nog 'n konsertreis deur Suid-Afrika onderneem. Dit was 'n groot sukses - in Johannesburg alleen is ses simfoniekonserte aangebied. Deure moes gesluit word, en indien daar nog sitplekke beskikbaar was, sou die gehoor veel groter gewees het.

Hierdie orkes het in 1921 met 'n klein, maar bemoedigende oorskot van £14 geëindig. Na die Eerste Wêreldoorlog was geld baie skaars en gevolglik het hierdie oorskot daarop gedui dat die orkes se uit=voerings baie goed deur die publiek ondersteun is.

Die tiende verjaarsdag van die Kaapse Stadsorkes is in 1924 op luisterryke wyse in Suid-Afrika gevier. Dit het die vorm aangeneem van 'n volwaardige musiekfees. Die "Suid-Afrikaanse Musiekkollege", die "Cape Town Cambrian Male voice Choir", die "Munisipale Koorver=eniging" en die "Cape Town Amateur Dramatic Society" het almal aan hierdie musiekfees deelgeneem. Dit was 'n reuse sukses. [6]

Op 2 Mei 1928 het die "Bloemfontein Music Club", gestig in dieselfde jaar, 'n konsert aangebied in samewerking met die "Federated Music Clubs". Hierdie konsert was baie suksesvol en is goed deur die Bloemfonteinse publiek ondersteun. Kunstenaars se konserte wat onder beskerming van die "Federated Music Clubs" in Bloemfontein aangebied is, kon teen verminderde pryse bygewoon word deur lede van die "Bloemfontein Music Club". Hierdeur is goeie opkomste na die be=trokke konserte verseker. Ongelukkig was die bywoning dikwels te=leurstellend.

Op Saterdagaand, 28 Julie 1928, is 'n musiekkonsert in die Bloemfontein=se stadsaal gehou. Op hierdie datum sou daar ook 'n wedstryd tussen die "All Blacks" en die Vrystaatse rugbyspan in Bloemfontein plaas=vind. Derhalwe is gehoop dat rugbygeesdriftiges van elders die ge=leentheid sou benut om die musiekkonsert by te woon. Die belangstel=ling vir die konsert het dan ook so hoog geloop dat talle voornemende konsertgangers by die deure moes omdraai.

---

6. ROSENTHAL, op. cit., pp. 24 - 30

Aan die begin van 1929 het die "Federated Music Clubs" ontbind, en het die "Bloemfontein Music Club" daarna gepoog om musiekkon= serte teen 'n lae koste vir sy lede aan te bied. (7)

## 3.3 BALLET EN DIE SUID-AFRIKAANSE PUBLIEK

Balletopvoerings was uiters seldsaam aan die begin van die twin= tigste eeu.

In 1918 het John Connell in Johannesburg gearriveer as die nuwe stadsorrelis. Hy het gepoog om nuwe lewe in die Goudstadse musiek= lewe te blaas en sy voorgenome planne is deur die Johannesburgse stadsraad goedgekeur. Hy het begin met sogenaamde "Music Fortnights" waarin 'n volgepakte musiekdis aangebied is. Gevolglik is alle vorms van musiek geleidelik aan die publiek bekendgestel. Wat opera betref, het hy 'n aanvang gemaak met sogenaamde opera-aande. By hierdie geleenthede is operamusiek deur 'n orkes en soliste uitgevoer. John Connell was die eerste persoon wat op eie houtjie, in same= werking met plaaslike talent, die aanbieding van vollengte balletop= voerings, sowel as opera-uitvoerings, aangedurf het. Dit is by sy "Music Fortnights" ingelyf. Aangesien hierdie aanbiedings gratis was, is die "Music Fortnights" goed deur die publiek bygewoon. Die feit dat hierdie konserte gratis bygewoon kon word, is te danke aan die finansiële steun van die Johannesburgse stadsraad, asook die gratis samewerking van 'n aantal geesdriftige amateur-musici. (8)

Aan die begin van die twintigste eeu het Helen Weiss, 'n balletdan= seres van Engeland, by die personeel van die Kaapstadse Musiekkollege aangesluit. Sy het die weg voorberei vir die vestiging van ballet as kunsvorm in Suid-Afrika. Vanaf 1916 het jaarlikse balletopvoerings, in samewerking met die Kaapstadse Stadsorkes, 'n gereelde instelling geword. Die eerste landswye ballettoer is in 1923 deur Helen Webb gereël, en die opvoerings is besonder goed deur die publiek bygewoon. (9)

---

7. HUMAN, op. cit., pp. 20 - 22
8. STEAD, op. cit.
9. SUID-AFRIKA (Republiek). Dept. van Inligting, Offisiële Jaarboek 1977, Dept. van Inligting, 1978, p. 744.

Die belangstelling in ballet het in 1926 'n hoogtepunt bereik, en wel met die besoek van Anna Pavlova en 'n groep van veertig dansers. Duisende mense het haar boot op die kaai in Kaapstad ingewag. Die bywoningsyfers het alle vorige rekords van aanbiedings in die Operahuis in Kaapstad, oortref. Mej Dulcie Howes, voormalige prin= sipale van die Kaapstadse universiteitsballetskool en artistieke bestuurderes van die KRUIK-geselskap, vertel dat sy dié opvoerings bygewoon het: die gehoor het baie emosioneel gereageer, terwyl sommige mense selfs gehuil het. (10)

## 3.4 DIE BELANGRIKE ROL WAT TONEEL IN DIE LEWE VAN SUID-AFRIKAANSE GEHORE GESPEEL HET, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE ORANJE-VRY= STAAT

### 3.4.1 ENGELSE AMATEUR- EN BEROEPSTONEEL

Ná die Anglo-Boere-Oorlog, het Engelse toneelgeselskappe na Suid-Afrika gestroom. Frank de Jong, 'n bekende Engelsman van Hollandse afkoms, het Leonard Rayne in 1896 na Suid-Afrika gebring. Laasge= noemde kan beskou word as die vader van die Engelse beroepstoneel. Vanaf 1905 het hy 'n leidende rol gespeel op Engelse toneelgebied in Suid-Afrika.

Met sy toneelgeselskap het hy deur Suid-Afrika gereis en Engelse toneelstukke in verskillende stede en dorpe opgevoer. Van die beste toneelspelers is na Suid-Afrika gebring, asook die jongste, geslaagde oorsese toneelstukke. Die Suid-Afrikaanse publiek was baie krities ten opsigte van die Engelse toneel en gevolglik moes 'n hoë standaard gehandhaaf word. Die verskillende toneelgeselskappe het:

> "From Shakespeare to the most lurid melodramas, interpersed with light opera".

opgevoer.

---

10. BALLET, in, Suid-Afrika (Republiek) Dept. van Inligting, Die Uitvoerende Kunste in Suid-Afrika, ongenommerde paginering.

Gedurende 1908 tot 1910 het die Suid-Afrikaan gebore dramaturg, Stephen Black, tot die Engelse toneel toegetree. Twee van sy toneel=stukke met 'n Suid-Afrikaanse agtergrond, naamlik, "Love and the Hyphen" en "Helena's Hope", het so 'n mate van sukses behaal, dat hulle in later jare weer opgevoer is.

Hoewel sterk op die agtergrond, het die Engelse amateurtoneel tog vanaf 1900 tot 1925 bly voortbestaan - soms met mooi ligpunte. Vanaf 1925 tot 1945 het die Engelse beroepstoneel feitlik heelte=mal verdwyn. (11)

Muriel Alexander het in 1927 die "Reps Theatre" in Johannesburg gestig. Sy en vyftien studente het die "Johannesburg Repertory Players" gevorm. Die eerste Engelse toneelstuk wat deur hulle opge=voer is, was "R U R" of "Rossum's Universal Robots" deur Carel Capek. Hierdie toneelstuk is baie entoesiasties deur die gehoor ontvang, terwyl toneelstukke ook in die "Lyric Theatre", "Opera House" en die ou "Standard Theatre" opgevoer is. (12)

### 3.4.2 AFRIKAANSE AMATEURTONEEL

Die eerste ware Afrikaanse teater het nå 1900 tot stand gekom. Dit het geskied met die aanbieding van Afrikaanse toneelstukke, geskryf in die nuwe ontluikende Afrikaanse taal deur Melt Brink en J H de Waal. Hulle toneelstukke was besonder gewild by die gehore en is derhalwe orals opgevoer. Na die Vrede van Vereeniging (1902) is die Afrikaanse teater opnuut gestimuleer deur die aankoms van Neder=landse en Vlaamse kunstenaars, soos Anton Verheyen en Louis de Vriendt. (13)

---

11. BOSMAN, F.C.L., Die toneel in Suid-Afrika, in, Helikon, vol. 4, no. 20, 1955, pp. 54 - 56.
12. KNIGHT, N., Muriel Alexander and her theatre, in, Artlook. vol. 6, no. 1, Januarie 1973, p. 30.
13. SUID-AFRIKA (Republiek). Dept. van Inligting, Offisiële Jaarboek 1977, pp. 739, 741.

Die koms van die bioskoop het tot gevolg gehad dat die Afrikaanse toneel baie pertinent op die voorgrond getree het. Rolprente was almal afkomstig van Engeland en Amerika en daar kan dus gekonstateer word dat die Afrikaner in verset gekom het teen alles wat Engels was. Hy het gehunker na iets wat hy sy eie kon noem en wat nie in Engels aan hom oorgedra is nie.

Hollandse toneelstukke is nie meer opgevoer nie. Aanvanklik het Melt Brink ook sy toneelstukke in Hoog-Hollands geskryf, soos die taal toe bekend gestaan het. Nā die Anglo-Boere-Oorlog egter, toe die taal van Hollands na Afrikaans verander het, het hy sy stukke in Afrikaans herskryf. Met Melt Brink as tussenfiguur, kan dus gekon= stateer word dat die Afrikaanse toneel van die twintigste eeu in wese uit die Hollandse toneel van die negentiende eeu gebore is. Die Afrikaanse drama het ontstaan as amateurtoneel, totdat die Afrikaanse beroepstoneel in 1925 oorgeneem het. (14)

In 1911 is die "Grey Uniwersiteitskollege-Toneelvereniging" in Bloem= fontein gestig. Hierdie toneelvereniging het 'n baie belangrike rol gespeel in die aanbieding van amateur-toneelopvoerings in die Vry= staat. Toneelstukke is gereeld, op die Vrystaatse platteland en in Bloemfontein, deur hierdie vereniging opgevoer. 'n Orkes het altyd die "G U K - Toneelvereniging" op hul reise vergesel en tussen die verskillende toneelbedrywe, musiekuitvoerings gegee. (15)

In "Ons Vaderland" van 10 April 1917 is daar melding gemaak van die "Afrikaner Toneelvereniging" wat in Pretoria gestig is. Dié toneel= vereniging het "Die Heldinne van die Oorlog" in die Pretoriase skou= burg opgevoer. Daar kan dus afgelei word dat die Afrikaanse toneel nog steeds in Pretoria gefloreer het, ondanks die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die koms van die rolprentwese. Daar kan tereg beweer word dat die Afrikaanse amateurtoneel ontstaan het uit 'n gevoel van verset teen alles wat Engels is - Engelse en Amerikaanse

---

14. BOSMAN, op. cit., p. 58.
15. LATEGAN, F. V., Afrikaans en die toneel, in, Afrikaans; ons pêrel van groot waarde, Johannesburg, F A K, 1974, p. 161.

rolprente ingesluit. Beide toneelstukke se opvoerings in die Pre= toriase skouburg is baie goed bygewoon. (16)

Op 19 Oktober 1919 is "Koerantskrywers" van Freytag, vertaal deur Johannes Grosskopf, vir die eerste maal in Afrikaans in Suid-Afrika opgevoer, en wel op Thaba 'Nchu. Dit is aangebied deur die "Grey Uniwersiteitskollege - Toneelvereniging". Hierdie opvoering is egter nie baie goed in Thaba 'Nchu geadverteer nie, met die gevolg dat die opkoms baie teleurstellend was. (17)

> Soos reeds genoem het 'n nuwe medium, naamlik die rolprent, sy verskyning gemaak. Dit sou mettertyd 'n ernstige bedrei= ging vir alle verhoogkunste word. Die "stil" rolprent het alreeds groot belangstelling by die algemene publiek gewek, maar toe die klankrolprent teen die einde van 1920 sy verskyning maak, het dit verreikende gevolge ingehou. Bioskoopsale het soos paddastoele verrys en die publiek het in hul duisendtalle na die bioskope gestroom. Selfs bestaande teaters en sale is in bioskoopsale omskep. Die gevolg hiervan was dat alle vorme van lewende aanbiedings in Suid-Afrika, net soos elders in die wêreld, 'n ernstige knou toegedien is. Die uitvoerende kunste het in die rol= prentwese met 'n gedugte mededinger te doen gekry.

Op die gebied van die Afrikaanse amateurtoneel, het die vereniging "Ons Taal" baie vir die Bloemfonteinse publiek verrig. Sedert 1908, die stigtingsjaar van die vereniging, het laasgenoemde bykans jaarliks 'n bydrae gelewer tot die uitvoerende kunste in Bloemfontein. Dit het selfs gebeur dat die vereniging tot soveel as twee toneel= stukke in een jaar opgevoer het. Op Vrydagaand, 11 Maart 1921, het "Ons Taal" die drama "Dorsland" deur Walter Spiethof, op die planke gebring. Die opvoering is baie goed bygewoon en is ook terdeë geniet deur die Bloemfonteinse gehoor. (18)

Die "Grey Uniwersiteitskollege - Toneelvereniging" het in 1921 met

---

16. ONS VADERLAND, Dinsdag 10 April 1917.
17. VAN SCHOOR, M.C.E., Eerste opvoering van "Koerantskrywers", in, Die Huisgenoot, vol. 33, no. 1382, 17 September 1948, p. 15.
18. DIE VOLKSBLAD, Dinsdag 15 Maart 1921.

die toneelstuk "'n Esau" deur J F W Grosskopf, deur die Vrystaat getoer. Op Kroonstad is hierdie toneelstuk op 19 April 1921 met groot geesdrif ontvang. (19)

In 1922 het die "G U K - Toneelvereniging" deur die Suid-Vrystaat getoer en die volgende dorpe besoek: Rouxville, Zastron, Dewetsdorp, Trompsburg, Wepener, Bethulie, Smithfield en Aliwal-Noord. "Koring= boere" deur D F Malherbe is opgevoer en, ondanks die landswye finan= siële krisis, het die vereniging groot sukses behaal. Die toer het nie net 'n finansiële wins getoon nie, maar was ook 'n morele sukses. Die opvoering van hierdie spesifieke toneelstuk het in die smaak van die publiek geval. (20)

Op Vrydagaand, 28 April 1921, het die "G U K - Toneelvereniging" hul laaste opvoering van "Koringboere" in die Grand-Teater, Bloemfontein, aangebied. Dit was ook hul laaste opvoering vir die jaar. 'n Sim= patieker gehoor sou hulle nêrens in die Vrystaat kon vind nie. Die galerye en saal was volgepak. Die orkes het ook grootliks bygedra tot die sukses van die aand. (21)

Danie Smal, 'n Afrikaanse voordragkunstenaar, het veel verrig om Afrikaanse kuns en kultuur onder die Suid-Afrikaanse publiek te be= vorder. Met sy interessante voordragprogramme het hy tot die kleinste dorpie in Suid-Afrika besoek. Op Vrydagaand, 20 Oktober 1922, het hy sy eerste verskyning voor 'n Bloemfonteinse gehoor gemaak, en wel in die stadsaal. Die opkoms was redelik goed, maar sou groter gewees het indien die konsert beter geadverteer was. Smal het Afrikaanse ge= digte voorgedra en die gehoor byna twee-en-'n-halfuur lank geboei. Die feit dat hy die gehoor nie verveel het nie, spreek boekdele vir sy voordragtalent! Die grappige vertellings uit die lewe van

---

19. Ibid., 22 April 1921.
20. VAN DER LINDE, D.M., Die G.U.K.-Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1922, pp. 34, 36.
21. DIE VOLKSBLAD, Dinsdag 2 Mei 1922.

Tonteldoos, het veral groot byval gevind by die kinders in die gehoor. (22)

In 1923 het die "G U K - Toneelvereniging" weer eens met "Koring=boere" getoer, hierdie keer deur die Noord-Vrystaat. Op Ladybrand het die opvoering baie suksesvol verloop en het die gehoor heel en=toesiasties gereageer.

Op Ficksburg, Fouriesburg, Bethlehem, Reitz en Winburg is dié toneel=stuk redelik goed bygewoon deur die publiek en is die toneelspel van die studente baie geniet.

Die saal op Vrede was volgepak deur 'n baie entoesiastiese gehoor. (23)

Gedurende die Aprilvakansie van 1925, het die "G U K - Toneelvereni=ging" deur die Noordoos-Vrystaat getoer met "Die Mense van Groenkloof", 'n toneelstuk wat goed deur die publiek ontvang is.

> 'n Persoon in die gehoor het gepleit vir 'n beter aanvoeling tussen die publiek en die toneelspelers. Dit kon teweeg gebring word, nie deur eensydige, subjektiewe ophemeling of vernietigende kritiek nie, maar deur simpatieke en op=beurende kritiek. (24)

In die "Grey Uniwersiteitskollege Blad" van 1926, is soos volg oor die gehoor en die toneel berig:

> Die publiek het in die verlede met meer geesdrif en ver=wagting buitelandse toneelspelers ontvang, en alles wat van oorsee gekom het, beskou as hoër kuns. Derhalwe het die plaaslike toneelgeselskappe in baie Vrystaatse dorpe geen aanmoediging geniet nie. Die teësin van vroeër het egter verdwyn en Afrikaanse toneelopvoerings is belangstellend bygewoon. Dit was 'n blyk van 'n groot liefde vir die kul=turele ontwikkeling van die Afrikaner. Die "G U K - Toneel=vereniging" het dan ook altyd goeie ondersteuning van die Vrystaatse publiek ontvang. (25)

---

22. Ibid., Maandag 23 Oktober 1922.
23. ROSS, J.J., Herinneringe - toneeltoer 1923, in, Grey Uniwersi=teitskollege Blad, 1923, pp. 18, 19.
24. Die G.U.K.- Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1925, p. 20.
25. Die G.U.K.- Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1926, p. 44.
    JACOBSZ, J.J., Die G.U.K. - Toneelvereniging, in, Grey Uniwer=siteitskollege Blad, 1929, p. 83.

Een van hierdie vereniging se doelstellings was om Afrikaanse toneel te bevorder, veral op die Vrystaatse platteland. In April 1929 is "As die tuig skawe" deur J F W Grosskopf en "Die swart kat", 'n stu=dente-klugspel deur D C Postma, in Edenburg, Trompsburg, Bethulie, Burgersdorp, Rouxville, Smithfield en Zastron opgevoer. 'n Rekord=bedrag is op Rouxville ingesamel, naamlik £31-6-0. Stampvol sale is oral getrek, maar op Bethulie en Trompsburg moes sommige lede van die publiek omdraai, weens 'n tekort aan beskikbare sitplekke.

### 3.4.3 AFRIKAANSE BEROEPSTONEEL

> Vandag se toneelgehore wat in die bevoorregte posisie ver=keer om in doeltreffende en goedtoegeruste sale opvoerings by te woon, kan skaars 'n denkbeeld vorm van hoe "primitief" die toestande was waaronder die pioniers van die reisende beroepstoneel in 1925 en later in Suid-Afrika moes optree.
>
> Die gehore was oningewyd en die sale dikwels totaal ondoel=treffend. Nogtans het die pioniers van die Afrikaanse beroepstoneel volhard. Paul de Groot, die man wat allerweë beskou word as die stigter van die Afrikaanse beroepstoneel, was trots daarop dat selfs die nietigste gehug waar Afri=kaners woonagtig was, deur hulle besoek is. Op sommige plekke, soos byvoorbeeld op die delwerye, het skrynende armoede geheers.
>
> Belangstelling in die Afrikaanse beroepstoneel was oor die algemeen egter groot. Die publiek het soms tot honderd myl ver gery om 'n Afrikaanse toneelopvoering by te woon. (26)
>
> Die plattelandse gehore in Suid-Afrika was kinderlik, byna naïef in hul waardering van die Afrikaanse beroepstoneel. Hulle het hul volkome ingeleef in die situasies wat op die verhoog uitgebeeld is. (27)

Paul de Groot, 'n Nederlander van geboorte, het teen die einde van 1924 in Kaapstad aangekom. Hy was 'n buitengewoon talentvolle sanger, en het dan ook sy debuut op die konsertverhoog in Suid-Afrika gemaak

---

26. Uit die Baanbrekersdae van die Toneel, in, Lantern, vol. 12, no. 3, Maart 1963, p. 19.
27. HUGUENET, A. , Applous! Die kronieke van 'n toneelspeler, Kaapstad, H.A.U.M., 1950, p. 24.

as sanger van Hollandse- en Franse liedjies. 'n Reeks eenmans-verskeidenheidskonserte is in die Skiereiland gereël. Die eerste konsert, aangebied in die ou Afrikaanse Koffiehuis in Kaapstad, was egter nie 'n groot sukses nie. De Groot het ook verskillende dorpe in die Westelike Provinsie besoek, maar sy eenmans-verskeidenheids=konserte het ongelukkig nie baie byval gevind by die plattelandse gehore nie.

Met 'n groep Hollandse amateurtoneelspelers het De Groot sy debuut op die gebied van toneel gemaak. Sy eerste keuse was "Zaken Zijn Zaken" deur Octave Mirbeau, wat opgevoer is in die Spoorweg-In=stituut in Kaapstad. Hierdie opvoering was sô geslaagd, dat hy dit opgevolg het met "Haar Thuis", 'n vertaling van Südermann se drama "Heimat". Paul de Groot was egter nie tevrede slegs met sy welslae in Kaapstad nie, maar het, op aandrang van Hollandse toneel=entoesiaste in Pretoria, daarheen vertrek. Sy eerste kennismaking hier was met mev. A F Carinus - Holzhausen, 'n letterkundige mede=werkster en vertaalster oor 'n tydperk van byna tien jaar.

Paul de Groot het spoedig 'n Afrikaanse toneelgeselskap op die been gebring. "Haar Thuis" het in Afrikaans verander na "Huis-toe". Aan=gesien "African Theatres" geen belangstelling in Afrikaanse toneel getoon het nie, het hy baie probleme ondervind met die huur van teaters. In 1925 het die première van "Huis-toe" in die Operagebou in Pretoria plaasgevind, en drie maal agtereenvolgens was die Opera=gebou van hoek tot kant gevul met geesdriftige Pretoriane. Hierdie toneelstuk was dus die eerste Afrikaanse beroepstoneelopvoering.

Aangemoedig deur sy eerste geslaagde poging, het Paul de Groot besluit om die Italiaanse toneelstuk, "Scampalo", op te voer. Hy het dit "Oorskotjie" genoem. Hierdie toneelopvoering het die triomf van "Huis-toe" oortref. Met twee klinkende suksesse op sy kerfstok, is Paul de Groot, vol vertroue en met syfers wat duideliker gespreek het as artistieke sukses, na "African Theatres" in Johannesburg. Die gevolg hiervan was dat 'n kontrak onderteken is wat hom en sy be=roepstoneelgeselskap, op 'n sesweekse toer deur Suid-Afrika, na die vernaamste stede sou neem.

Die opvoerings van "Oorskotjie" in die Standard-Teater in Johannesburg, het die sukses wat in Pretoria daarmee behaal is, oortref.

"Oorskotjie" het egter sy eerste terugslag in Bloemfontein beleef. Die "African Theatres" het die toneelopvoering sō gereël dat dit in die skoolvakansie geval het. As gevolg van hierdie swak tydsbe= planning is die opvoering baie swak bygewoon deur die Bloemfonteinse publiek. Vanaf die geselskap se optrede in Bloemfontein tot en met hulle besoek aan Kaapstad, het die onderneming op 'n finansiële verlies uitgeloop. In Kaapstad het die "African Theatre" besluit om die sesweekse kontrak op te sê en die spelers uit te betaal.

Hendrik Hanekom was vroeër die jaar een van die toneelgangers tydens Paul de Groot se opvoering van "Oorskotjie" in Pretoria. Hierdie Afrikaner het ook huis en haard vaarwel gesê om sy vertroue en sy toekoms in Afrikaanse beroepstoneel te stel. Hendrik Hanekom was juis in Pretoria met die doel om 'n beroepstoneelgeselskap op die been te bring. Hy was van plan om deur Suid-Afrika te reis met twee toneelstukke wat deur hom geskryf is, naamlik: "Oom Gawerjal se Dogters" en "Liefde en Geldsug".

> Dit was onafgewerkte en onbeholpe klugte, maar dit het in die smaak van die plattelandse gehore geval en die lagspiere geprikkel. Derhalwe het Hanekom se toer aanvanklik groot sukses behaal onder plattelandse gehore.

Nā die toneelopvoering op Stellenbosch, het prof. E C Pienaar egter 'n baie negatiewe resensie oor die toneelspel, asook oor die toneel= stukke as sulks, in "Die Burger" geplaas. Die gevolg van hierdie resensie was die beëindiging van Hendrik Hanekom se toneelreis.

In 1926 is, nā samesprekings tussen Hendrik Hanekom en Paul de Groot, 'n nuwe beroepstoneelgeselskap op die been gebring. Met 'n kleiner geselskap het Paul de Groot en Hendrik en Mathilda Hanekom op reis gegaan met die blyspel, "As die Mans Huishou". Hierdie toneelop= voering was 'n finansiële sukses.

> Ongelukkig was daar egter nog steeds 'n gebrek aan insig by die algemene publiek, met die gevolg dat die gehoor nooit werklik spontaan gereageer het nie. Die feit bly egter staan dat die publiek se belangstelling in elke nuwe beroepstoneelreis wat onderneem is, steeds toegeneem het. Sale was vol en waardering, veral van die kant van die meer ontwikkelde lede van die publiek, het gaandeweg toege= neem. Hierdie feit was vir Paul de Groot 'n riem onder die hart, aangesien hy meer begaan was oor die reaksie en waardering van die gehoor, as oor die finansiële sukses van die onderneming. Die gebrek aan artistieke aanvoeling en die ingetoënheid van die gehoor was vir hom altyd on= begryplik. Laasgenoemde reaksie het hy egter aan Engelse invloed toegeskryf. (28)

Op 8 Oktober 1926 het Paul de Groot se toneelgeselskap "Huis-toe" in die Bloemfonteinse stadsaal opgevoer.

> Na die vertoning is daar in "Die Volksblad" apologie aange= teken vir diegene wat nie die genot van 'n spannende, siel= kundige meesterstuk kon smaak nie en op die mees ongeleë oomblikke hardop kon lag, sonder inagneming van die toneel= spelers of die res van die gehoor. Dit het uitsluitlik ge= geld vir Afrikaanse gehore. (29)

Op 3 Junie 1927 het Paul de Groot met sy toneelgeselskap "As die Mans Huishou" op Klerksdorp opgevoer. Die saal was vol en die gehoor baie waarderend. Die gewildheid van hierdie toneelstuk word weerspieël deur die feit dat dit vir die honderdste maal opgevoer is. (30)

"Gerieflike Huwelik" is op Saterdag, 8 Oktober 1927, in Bloemfontein opgevoer. Die toegangspryse was as volg: 4/6 gereserveerd; 3/- onge= reserveerd; 3/- studente gereserveerd, en 1/6 studente ongereserveerd. Belasting was hierby ingesluit. (31)

---

28. HUGUENET, A., Afrikaanse beroepstoneel twintig jaar oud, in, Die Huisgenoot, vol.29, no.1192, 26 Januarie 1945, p. 6.
29. DIE VOLKSBLAD, 9 Oktober 1926.
30. DIE VADERLAND, 10 Junie 1927.
31. DIE VOLKSBLAD, 5 Oktober 1927.

As gevolg van 'n geskil wat tussen hulle ontstaan het, het Paul de Groot en Hendrik en Mathilda Hanekom besluit om hulle eie beroepsto=neelgeselskappe te vorm. Die Hanekoms het besluit op 'n heraanbieding van "Oorskotjie".

"Haar Tweede Man" deur A de Hartog, is in 1928 deur die Paul de Groot-toneelgeselskap opgevoer. Die toer wat met hierdie drama onder=neem is, was 'n ware triomftog. Oral is stampvol sale getrek en is die toneelstuk baie geesdriftig deur die verskillende gehore ontvang. Die verste uithoeke van Suid-Afrika is besoek, en selfs op die mees afgeleë dorpies is "Haar Tweede Man" bo verwagting goed ondersteun.

> Ook op die kleinste plekkies was die kwaliteit van die gehore besonder goed en Paul de Groot het verklaar dat selfs die fynste nuanses in die spel waardeer en verstaan is. Sommige lede van die publiek het tot sover as sestig of sewentig myl gereis om die opvoering by te woon. (32)

> Andrè Huguenet beweer in "Applous" dat die toneelstuk vir die gehore van afgesonderde dorpies 'n werklikheid geword het. Hulle het dit sonder meer aangeneem en daarin "geglo".
>
> By 'n oningewyde, nugtere publiek wat nie oor die nodige verbeeldingskrag beskik nie, is dit slegs die werklikheid wat tel. Die traan moet werklik gestort word. Hierdie soort gehoor duld geen plaasvervanger nie. Wanneer die toneelspeler weens uitputting, vermoeienis, of enige ander steurnis, homself nie volkome met die karakter wat hy ver=tolk kan vereenselwig nie, red hy die situasie deur van tegniek gebruik te maak. Deur die aanwending van handige kunsgrepe, poog die toneelspeler dan om dieselfde effek te verkry soos wanneer hy geïnspireer word deur algehele vereenselwiging met die betrokke karakter wat hy uitbeeld. So 'n "skyn" vertolking het meestal nie sukses behaal onder plattelandse gehore nie. Vir hulle het slegs die twee uiterstes bestaan - lag en huil was die resep waarvolgens enige opvoering deur hulle beoordeel is. Dikwels is die opmerking gehoor dat een of ander tante
>
> "weer drie sjielings sal betaal om so te kan lag",
>
> En dat haar ou man dit dan beaam met:
>
> "Neef, ek voel lus om vanaand weer agter julle aan te ry net om te lag". (33)

---

32. Ibid., Saterdag 8 Desember 1928.
33. HUGUENET, Applous, p. 83.

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

239776

Die uitlatings van Paul de Groot en Andrê Huguenet ten opsigte van plattelandse gehore, skyn mekaar te weerspreek. Was Andrê Huguenet moontlik te krities, of het Paul de Groot nie die plattelandse gehore verstaan nie?

In hoe 'n mate hierdie gehore werklik 'n waardering ge= koester het vir die Afrikaanse beroepstoneel, is moeilik om af te lei uit hierdie twee persone se opmerkings.

In 1929 is "Geleende Geld" of "Poppehuis" deur Hendrik Ibsen, opgevoer. Hierdie toneelstuk was 'n klinkende sukses in die Kaapprovinsie, en het terselfdertyd bewys dat Suid-Afrikaanse gehore reeds ryp was vir groter en beter toneelstukke. Ook in die Vrystaat is "Geleende Geld" baie entoesiasties deur die gehore ontvang. (34)

Paul de Groot het in 1929 weer teruggekeer na Europa, met die gevolg dat sy beroepstoneelgeselskap op straat gesit het.

In Desember 1929 het Andrê Huguenet sy eie beroepstoneelgeselskap op die been gebring, en die eerste toneelstuk wat op die planke gebring is, was "Mal Hans". Dit is 'n toneel wat vertaal is uit Jan Fabricius se meesterstuk, "Dolle Hans". Ses maande lank het hierdie opvoering baie goed gevaar en is die "Andrê Huguenet-toneelgeselskap" oral met ope arms deur die publiek ontvang. Die hoofdame van die geselskap, Rena la Roche, het egter siek geword en die opvoering van "Mal Hans" het onmiddellik agteruit begin gaan. Die gevolg was dat hierdie toneelgeselskap teen die einde van 1930 met 'n finansiële verlies geëindig het. (35)

---

34. DIE VOLKSBLAD, 18 Maart 1929.
35. HUGUENET, A., Afrikaanse beroepstoneel twintig jaar oud, op. cit.

# HOOFSTUK 4

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1930 TOT 1939

## 4.1 DIE LIEFDE WAT DIE GEHOOR ONTWIKKEL HET VIR DIE KAAPSE STADS= ORKES, DIE JOHANNESBURGSE ORKES EN DIE "VRYSTAATSE PHILHAR= MONIESE VERENIGING"

Die wêreld-depressie wat in 1929 kop uitgesteek het, het ook in 1930 sy uitwerking op Suid-Afrika laat voel. Met 'n dalende vraag na produkte en 'n toename in werkloosheid, het besparing in die stadstesourie van Kaapstad noodsaaklik geword, soos trouens ook by alle ander instansies. Die Kaapse Stadsorkes het onvermydelik daaronder gely, deurdat 'n kleiner finansiële steun aan hom toegeken is. Selfs in hierdie ongunstige tye, het die musieksmaak van die publiek egter nie gekwyn nie. Die toegeneentheid wat die Kaapse Stads= orkes van die belastingbetalers geniet het, word weerspieël deur die feit dat die orkes nooit gevra is om te ontbind nie, selfs nie toe finansies 'n laagtepunt bereik het nie. Inteendeel, die bywoningsyfer van die simfoniekonserte het konstant verbeter en die getalle wat die skoolprogramme bygewoon het, het jaarliks toegeneem.

'n Tydjie lank is die vrees gekoester dat die toenemende gewildheid van die radio, die bywoning van lewende simfo= niekonserte in Kaapstad, sou beïnvloed. Aanvanklik was daar dan ook 'n afname in die bywoningsgetalle, maar spoedig is opgemerk dat diegene wat die Kaapse Stadsorkes oor die eter gehoor het, ook hul weg na die konsertsaal gevind het.

'n Nuwigheid wat die Kaapse Stadsorkes ingevoer het, was die aanbieding van etensuurkonserte vir fabriekswerkers by die "United Tobacco Company", asook by die spoorwegwerkswinkels in Soutrivier.

In 1935 het hierdie orkes sy een-en-twintigjarige bestaan gevier met die aanbieding van 'n aantal musiekkonserte in Kaapstad. Twee oorsese operageselskappe, naamlik "Paganelli" en "National" het ook daaraan deelgeneem en die volgende operas is opgevoer: "Tosca", "La Bohème", "La Traviata", "The Barber of Seville" en "Orpheus in the Underworld". Nog nooit tevore het so baie kinders in Kaapstad die musiekkonserte

vir skoliere, bygewoon nie. Altesaam vyf-en-twintigduisend blankes en sestigduisend nie-blankes het hierdie musiekkonserte bygewoon. Dië positiewe invloed wat hierdie konserte op die jeug uitgeoefen het, kon nie in terme van geld bereken word nie. (1)

Die Johannesburgse Simfonie Orkes is in 1934 gestig en simfonie=konserte is gereeld in die Wandererssaal aangebied. Hierdie orkes was dus die eerste privaat orkes wat gereeld in Johannesburg voor die publiek opgetree het.

> Die belangstelling in simfonie-orkesmusiek het sō in Johan=nesburg toegeneem dat die Johannesburgse stadsraad in 1946 die inisiatief geneem het vir die stigting van die Johannes=burgse Stadsorkes. Opvoedkundige musiekkonserte is gratis by skole en jeugsentra aangebied, asook aan minderbevoor=regte blankes en -Bantoes. (2)

Op 26 Junie 1935 het die "Vrystaatse Philharmoniese Vereniging" sy eerste konsert in die Vissersaal van die Onderwyskollege aangebied. Die program het groot byval gevind by die Bloemfonteinse publiek.

Petrus Lemmer, 'n Suid-Afrikaanse komponis wat in Bloemfontein woon=agtig was, se toondig, "Sehnsucht", is vir die eerste maal op 15 Julie 1936 deur die "Vrystaatse Philharmoniese Vereniging" uit=gevoer. Die komposisie is met groot geesdrif deur die Bloemfontein=se gehoor ontvang en het dan ook die volgende gunstige perskritiek van "The Friend" uitgelok:

> "The piece was well played and deserved the encore demanded by the enthusiastic audience".

Die welsyn van die "Vrystaatse Philharmoniese Vereniging" was vir die inwoners van Bloemfontein 'n saak van kulturele belang. Toe die by=woning van 'n konsert, gehou op 22 Oktober 1936, veel te wense oorge=laat het, het dr. R S Verster sy terleurstelling hieroor soos volg

---

1. ROSENTHAL, pp. 31 - 34.
2. The Johannesburg Symphony Orchestra, in, Res Musicae, vol. 6, no. 1, September 1959, p. 14.

in 'n brief aan "Die Volksblad" uitgespreek:

> "Kan Bloemfontein roem op vooruitstrewendheid as hy sy jongste aanwins op kunsgebied so 'n skrale gehoor gee? Waar was die sogenaamde intellektuele en ontwikkeldes Donderdagaand? Die skole het geskitter in hul afwesigheid. Wat was die rede? Word musiek beskou as een van die ontbeerlike kunste?"

Hierdie oproep van dr. Verster op die Bloemfonteinse publiek, asook dië van ander kultuurleiers, het goeie vrugte afgewerp, aangesien die konsertsaal met die daaropvolgende musiekkonsert, redelik vol was.

In 1939 is geen uitvoerings deur die "Vrystaatse Philharmoniese Ver= eniging" gelewer nie. Die steun wat die Vereniging van die publiek en van ander invloedryke persone geniet het, het getaan. So het die belangstelling en werkywer van die orkeslede ook langsamerhand ver= flou totdat die "Vrystaatse Philharmoniese Vereniging" geleidelik heeltemal doodgeloop het. (3)

## 4.2 MUSIEK- EN SANGUITVOERINGS HET GEWILDER GEWORD BY DIE SUID-AFRIKAANSE GEHORE, VERAL IN BLOEMFONTEIN

> Vanaf die jare 1931 tot 1937 het die "Bloemfontein Music Club" konserte gehou in privaat wonings, sale, asook op openbare vergaderplekke. Die grootte van die gehore het dus gewissel na gelang van die omvang van die betrokke lokaal wat gebruik is. (4)

Amelita Galli-Curci, 'n Italiaanse sangeres, het Suid-Afrika op twee-en-vyftigjarige leeftyd besoek. Hoewel haar hoogtepunt as sangeres sekerlik tot die verlede behoort het, het sy versoek dat 'n konsert= reis deur Suid-Afrika gereël word, wat talle klein dorpies sou insluit. Haar ontvangs in Kaapstad was een van die gulste wat haar ooit te

3. HUMAN, op. cit., pp. 148, 149, 153.
4. Ibid., p. 24.

DIE VOLKSBLAD 18 OKTOBER 1978

# YWERIGE TAGTIGJARIGE STEL TALLE IN SKADU

**'n MERKWAARDIGE vrou wat op tagtig met haar ywer, werkvermoë, lewensbelangstelling en netjiese figuurtjie menige jong vrou sal laat skaamkry, is mev. Gisèle Rice, oftewel Madame Rice, soos sy alom in Bloemfontein bekend is.**

Madame Rice het pas tagtig geword — dit is met 'n groot geselligheid waarop byna al haar kinders (drie), kleinkinders (nege) en agterkleinkinders (sewe) teenwoordig was, gevier aan huis van haar dogter, mev. Diana Surtees van Bloemfontein — maar aan haar lewensgeesdrif is daar geen einde nie.

## *Belangstelling*

Haar grootste belangstelling op die oomblik is die Suid - Afrikaanse Nasionale Vroueraad waarvan sy eerste onder-president is. Sy is die meeste oggende van die week op kantoor en doen werk waarvoor talle jonger vroue nie kans sien nie. Sy is ook tesouriere van die Allianca Francaise in Bloemfontein en sy gee ook soms konversasieklasse in Frans.

Mev. Rice is op 4 Oktober 1898 in Parys, Frankryk gebore en het in 1916 die graad Baccalaureat es Latin-Langues in Parys behaal. Haar man, 'n Suid-Afrikaner, Vincent Rice, het sy in Londen ontmoet terwyl sy vir die internasionale kommissie vir leërvoorrade gewerk het. Mnr. Rice was toe 'n luitenant in die Britse leër (North Somerset Yeomanry). Die egpaar is in 1919 getroud en het pas daarna na Suid-Afrika gekom waar mev. Rice onmiddellik as boervrou op hul plaas in die Nieuveldt naby Kaapstad moes inval.

In Kaapstad was mev. Rice betrokke by verskeie kulturele bedrywighede. Sy was eretesouriere van die Suid - Afrikaanse Vroueny-werheidsunie en vanweë haar groot belangstelling en liefde vir musiek hulpsekretaresse van die Gefedereerde Musiekklubs van Suid-Afrika.

Tussen die jare 1935 en 1946 het die egpaar Rice in Bloemfontein gewoon waar mev. Rice baie bedrywig was as hulpsekretaresse van die Vereniging van Blindes, hulpsekretaresse van die Nasionale Vroueraad se Bloemfonteinse tak, konsertbestuurder vir die Bloemfonteinse musiekklubs — sy het talle konserte vir wêreldberoemdes soos Arthur Rubinstein, Moiseiwitsch, Richard Crooks, Richard Tauber, ens.

Haar man is in 1945 oorlede en sy het in Port Elizabeth vir 'n Franse wolkopersfirma gewerk tot haar aftrede in 1963. In Port Elizabeth het sy in die komitee van die Alliance Francaise gedien en was gemoeid met die produksie van Franse toneelstukke.

Na 'n jaar in Europa het mev. Rice na Bloemfontein teruggekeer om haar hier te vestig waar sy sekretaresse en tesouriere vir die Allian-



**DIE tagtigjarige mev. Gisèle Rice in die kantoor van die Nasionale Vroueraad in Bloemfontein aan die werk.**

gereël. Ook was sy organiserende sekretaresse vir die Vrystaatse Filharmoniese Vereniging en die Gemeenskapskonsertvereniging. As eretesouriere van die Bloemfonteinse Reps het sy dikwels as verhoogbestuurder opgetree en Franse toneelstukke vertaal en opgevoer.

## *Vertaler*

Van 1940 tot 1945 het sy as sekretaresse en vertaler vir die Unie - sensuurraad in Bloemfontein en Oos - Londen gewerk.

ce geword het, tesourier vir die Bloemfonteinse Reps, reklamebeampte vir die Nasionale Vroueraad en lid van die internasionale Vroueraad se staande komitee as nasionale raadgewer oor die pers en reklame.

beurt geval het. Nā afloop van haar sanguitvoering hier, is sy herhaaldelik teruggeroep vir toegifte.

Sy het in November 1934 in Klerksdorp opgetree. Haar besoek is beskou as die belangrikste musiekuitvoering wat nog ooit in Klerks=dorp aangebied is. (5)

Die "Bloemfontein Music Club" het vanaf 1937 weer onderneem om oor=sese kunstenaars na Bloemfontein te bring. Op 14 November 1939 het hierdie klub 'n sanguitvoering deur die wêreldberoemde tenoor, Richard Tauber, in die Bloemfonteinse stadsaal aangebied. Lede van die "Bloemfontein Music Club" is bevoordeel deurdat hulle musiek=konserte teen verlaagde toegangspryse kon bywoon, soos byvoorbeeld dié van die tenoor, Richard Crooks, op 5 September 1939.

> Teen die helfte van 1939 is gevind dat slegs ongeveer veer=tig van die honderd-en-agt lede waaruit die klub op daardie tydstip bestaan het, gereeld sy konserte bygewoon het. Mev. Gisèle Rice, konsertbestuurderes van die klub, het egter 'n metode gevind om die bywoningsyfer op te stoot en geldelike verliese te bekamp. Dit het bestaan uit 'n sogenaamde "gekombineerde subskripsie" vir 'n reeks van drie konserte. Dit sou die publiek dan in staat stel om die aanbiedings goedkoper by te woon. Daarbenewens is 'n spesiale vergun=ning aan studente verleen, ten einde hulle as lede vir die "Bloemfontein Music Club" te werf. Hierdie maatreëls het klaarblyklik die gewenste uitwerking gehad, want die klub het sy werksaamhede met sukses voortgesit.

## 4.3 DIE BELANGSTELLING IN OPERA-UITVOERINGS HET NOOIT BY DIE PUBLIEK AFGENEEM NIE

> In 1931 en 1933, die jare van die depressie en ernstige droogtes, het die belangstelling in opera-uitvoerings nooit in Bloemfontein afgeneem nie. (6)

---

5. VOORENDYK, L.H.D., Die musiekgeskiedenis van Wes-Transvaal (1838-1960). Ongepubliseerde M. Mus. tesis, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1971, pp. 73 - 74.
6. HUMAN, op. cit., pp. 29 - 31, 146.

Die uitgelese "Gonzales Italiaanse Operageselskap" het in 1931 tot 1932 deur Suid-Afrika getoer en in die meeste stede opgetree. Hier=die besoek was vir die bevordering van die opera in Suid-Afrika van belang, aangesien die dramatiese tenoor, Alessandro Rota en sy begaafde vrou, hulle hier te lande gevestig het.

In Kaapstad het Alessandro Rota eers die "National Opera Company" gestig en toe, in samewerking met die Kaapse Stadsorkes, drie opera=speelvakke in die ou Operahuis in Kaapstad aangebied. Hierdie opera-uitvoerings was baie gewild by die Kaapse gehore.

Gedurende die "Music Fortnight" van 1936, het John Connell enkele opera-uitvoerings op die planke gebring. Binne 'n enkele week het twaalfduisend mense hierdie aanbiedings bygewoon. Connell se groot ideaal was om musiek aan die publiek bekend te stel.

In Maart 1937 het "The Star" aangekondig dat die era van gratis opera-uitvoerings in Johannesburg, verby was. Indien sitplekke bespreek is vir die opera-aanbiedings van Mei 1937, het die toegangs=fooi slegs 1/- beloop. (7)

Daar is ook bekend gemaak dat die "Carl Rosa Operageselskap" ses op=tredes in Bloemfontein sou lewer: "Rigoletto" op 7 September 1937, "Il Barbiere di Siviglia" op 8 September, "Madame Butterfly" op 8 en 11 September en "La Bohème" op 10 September. "Il Barbiere di Siviglia" en een uitvoering van "Madame Butterfly" was middagver=tonings.

Uit koerantverslae kan afgelei word dat hierdie operaseisoen 'n klinkende sukses was.

> Dit lei geen twyfel nie dat 'n groot deel van die Bloemfon=teinse publiek 'n groot voorliefde vir opera gehad het. Indien nodig, sou operageesdriftiges veel moeite doen om opera-uitvoerings by te woon. Die seldsaamheid van uit=voerings deur professionele operageselskappe, was onge=

---

7. STEAD, op. cit., p. 21.

twyfeld die rede waarom die Bloemfonteinse publiek met so= veel geesdrif en in sulke groot getalle hierdie ingevoerde produksies ondersteun het. (8)

## 4.4 TONEELOPVOERINGS WAS NOG STEEDS BAIE GEWILD BY DIE SUID-AFRI= KAANSE GEHORE, MET SPESIALE VERWYSING NA DIE ORANJE-VRYSTAAT

### 4.4.1 Afrikaanse amateurtoneel

In "Die Volksblad" van Donderdag, 31 Julie 1930, is daar soos volg berig oor Danie Smal se geslaagde kindervoordragkonsert in die Ramblerssaal.

> "Dit word nie aan baie mense vergun om op intieme wyse met kinders te kan omgaan nie, om somar uit die staanspoor hul vertroue te wen en om daarin te slaag om hul aandag met vertellings en voordragte te boei nie. Dat mnr. Danie Smal hierdie natuurlike talent besit en weet hoe om dit te gebruik, bewys sy geslaagde kinderkonserte, een waarvan gistermiddag enige honderde kinders vir 'n paar uur lank in die Ramblers= saal geboei het".

Wat egter die naaste aan die kinderhart gelê het, was die voordrag van grappige vertellings en gediggies. Een lagbui ná die ander het mekaar afgewissel soos die kinders geskaterlag het vir die kaskenades van die "snaakse omie", soos hulle mnr. Smal genoem het. Die jong= span het die konsert terdeë geniet, want toe hy, ná afloop daarvan versoek het dat almal wat hom graag weer wou hoor die hande moes opsteek, het alle hande in die lug opgeskiet. (9)

"Die Volksblad", gedateer 20 Augustus 1930, het daarvan melding gemaak dat die Afrikaner 'n voorliefde vir toneel= opvoerings besit het - oral waar 'n paar "ontwikkelde"

---

8. HUMAN, op. cit., pp. 218 - 219
9. DIE VOLKSBLAD, 31 Julie 1930.

> Afrikaners in Suid-Afrika byeengetrek was, het hulle 'n Afrikaanse toneelvereniging gestig en opvoerings gehou. Die geesdrif waarmee reisende toneelgeselskappe op die platteland ontvang is, was verrassend. Daar het toneel=gangers maklik tot vyftig myl ver gery om 'n opvoering by te woon. (10)

"Hans-die-Skipper", 'n verwerking van die roman van D F Malherbe, is op 14 April 1931 deur die "Grey Uniwersiteitskollege-Toneelvereniging" opgevoer, en wel voor leerlinge van die Tempenywerheidskool. Die kinders het groot belangstelling in die drama getoon en, namate die spanningslyn gestyg het, het die spanning in die gehoor ook toegeneem. Aan die einde van elke bedryf was daar geesdriftige applous. (11)

In Maart 1932 is "Nuwe Lewe" deur Prof. H van der Merwe Scholtz, vir die eerste maal deur die "G U K - Toneelvereniging opgevoer. Ook hierdie opvoering was voor tweehonderd skooldogters van die Tempenywerheidskool. Dat hierdie toneelstuk byval gevind het by die skooldogter-gehoor, is weerspieël deur die herhaalde toejuiging na elke bedryf. (12) Hierna is 'n toer met dieselfde toneelstuk deur die "G U K - Toneelvereniging" onderneem, en wel deur die Suidoos-Vrystaat. Oral het die Vrystaatse gehore "Nuwe Lewe" baie goed ontvang. (13)

Die toneeltoer wat die "G U K - Toneelvereniging" in 1935 onderneem het, was nie baie geslaagd nie. Die toneelstuk "As die Vrouens Oorlog verklaar", is opgevoer. Op Frankfort en Reitz was die op=koms baie klein, terwyl die sale op Bethlehem, Ficksburg en Clocolan dolleeg was. Op Ladybrand het die studente die grootste gehoor aangetref. (14)

---

10. Ibid., 20 Augustus 1930.
11. Ibid., 16 April 1931.
12. Ibid., 24 Maart 1932.
13. Afrikaanse Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad. 1932, p. 32.
14. VAN DER BERG, W.P., Die toneeltoer, in, Grey Uniwersiteits=kollege Blad, 1935, pp. 59 - 60.

In 1936 het die "Grey Uniwersiteitskollege - Toneelvereniging" se naam verander na "Afrikaanse Dramatiese Vereniging". 'n Toer deur die Noordoos-Vrystaat is in April 1938 deur die Vereniging onder= neem en die toneelstuk wat opgevoer is, was "In die Gewoel" deur E A Schengemann. Hierdie toer het baie suksesvol verloop. Twee opvoerings is ook op Thaba 'Nchu en Edenburg gegee en beide is deur 'n groot gehoor bygewoon. (15)

By geleentheid van die voorlees van C J Langenhoven se "Laaste van die Takhare" op 18 April 1932, was die leeskamer van die Bloemfonteinse Openbare Biblioteek stampvol. Dit was 'n proefneming om vas te stel of die spellesing in plaas van die opvoering van 'n Afrikaanse toneel= stuk, dieselfde genot aan 'n gehoor sou verskaf. Hierdie eerste proefneming was sō geslaagd dat meer spellesings gevolg het. Dit is behartig deur 'n groep lede van die vereniging "Ons Taal". (16)

Op Vrydagaand, 18 November 1932, is 'n verdienstelike toneelstuk, "Comedy of Errors" deur Roderich Benedix, in Afrikaans in die Bloem= fonteinse stadsaal opgevoer. Dit is genoem "Dr. Wespe". Die toneelkomitee van "Ons Taal" het met hierdie aanbieding 'n skitterende amateurtoneelopvoering op die planke gebring. Die stadsaal was on= gelukkig nie heeltemal vol nie, maar die aanwesiges het die toneel= stuk waardeer en die aand baie geniet. Lagbuie het dikwels opge= klink, veral aan die einde toe verskillende dokters Wespe as ander persoonlikhede ontpop het - tot groot verbasing van die dames wat hul harte aan die dokter verloor het. (17)

'n Groot aantal Afrikaanse toneelstukke is geskryf, maar is tog nie opgevoer nie. Slegs in universiteitsentra, of op plekke waar daar toevallig 'n aantal intellektuele Afrikaners saamgetrek was, is op= voerings aangebied. Moontlik het hierdie toneelstukke wel regstreeks aanleiding gegee tot die stigting van amateurtoneelgeselskappe dwarsoor die hele land, want waar 'n goeie toneelstuk bestaan en 'n

---

15. Die Afrikaanse Dramatiese Vereniging U.K.O.V.S. - 1938, in, Shimla, September 1938, pp. 61 - 62.
16. DIE VOLKSBLAD, 19 April 1932.
17. Ibid., 19 November 1932.

paar intellektuele mense is, is daar altyd die drang om sô 'n toneelstuk op te voer. Uit hierdie toneelverenigings, wat meestal met aansienlike finansiële probleme te kampe gehad het, het uit=eindelik groter amateurondernemings gegroei, soos byvoorbeeld die "K A T" (Kaapstadse Amateurtoneel) en die "Volksteatervereniging" in Pretoria.

Laasgenoemde is oorspronklik in 1935 gestig as die "Ons - Teatertjie-toneelgroep". Die eerste toneelstuk wat op 30 September 1935 op=gevoer is, was Ibsen se "Boumeester Solness". Dit was 'n waagstuk, aangesien Ibsen se dramas nie juis op hierdie tydstip groot gewild=heid geniet het nie - aksie is dikwels bo karaktertekening verkies. Hierdie aanvang was tog kenmerkend van die doelstellings van "Ons-Teatertjie-toneelgroep", naamlik om opvoedingswerk te verrig. Dit was 'n moedige stap. 'n Ander verstandige beginsel was om slegs 'n uitgelese gehoor, as't ware "toneelfynproewers", te waarborg deur die verkoop van toegangsbewyse streng te beheer. Die gehoor was dus klein, maar baie geesdriftig. Dit was van groot betekenis, aangesien die aanwesiges bestaan het uit oordeelkundige persone. Dit het dadelik die aandag van die ernstige toneelliefhebber op hierdie nuwe onderneming gevestig.

Die volgende opvoering het reeds die positiewe uitwerking hiervan getoon. Dit het uit drie eenbedrywe bestaan: "Terwyl daar Basaar gehou word" deur Marie Linde, "Die Peswolk" en "In die Wagkamer" deur J F W Grosskopf. Die belangstelling was groot en die opvoering is twee aande agtereenvolgens voor vol sale aangebied. Dit het duide=lik geblyk dat die publiek ryp was vir deeglike spel en regie, asook vir verfynde toneelskryfkuns. Hierdie opvoerings het op 10 en 11 Julie 1936 plaasgevind.

"Ons-Teatertjie-toneelgroep" het nie gras onder hulle voete laat groei nie. Voor die Pretoriase publiek die vorige sukses kon ver=geet, is "Ousus" deur H A Fagan op 17 en 18 September 1936, op die planke gebring.

Hierdie keer was die gehoor nie slegs groter nie, maar het ook die Engelse pers begin kennis neem van die werksaamhede van "Ons-Teater=tjie-toneelgroep".

Twee maande later, op 18 en 19 November 1936, het die geselskap weer met 'n nuwe toneelstuk vorendag gekom, naamlik P W S Schumann se "Hantie kom Huis-toe".

Op 12 Desember 1936 het "Ons-Teatertjie-toneelgroep" egter as 'n nie-winsgewende maatskappy geregistreer, en is sy naam verander na "Die Volksteatervereniging".

"Suster Beatrys" was die eerste drama wat opgevoer is en wat dan ook baie goed deur die Pretoriase publiek ondersteun is. [18]

Hierdie vereniging het op Woensdagaand, 25 Augustus 1937, die toneel=stuk "Bohaai oor Jolanthe" in die Pretoriussaal aangebied. Dit is vertaal uit die Duitse klug van August Hinrichs, "Krache um Jolanthe". 'n Groot gehoor was teenwoordig. "Die Volksteatervereniging" het dus nog steeds sy doel nagejaag, naamlik om "te streef vir die opbou van die Afrikaanse kuns". [19]

### 4.4.2 Engelse amateurtoneel

Die "English Dramatic Society" van die Grey Uniwersiteitskollege het in 1931 'n toer onderneem met die toneelstuk "Jane". Hierdie toneel=toer was ongelukkig nie baie geslaagd nie, aangesien die Vrystaatse plattelandse publiek oorwegend Afrikaanssprekend was. In Bloemfontein is "Jane egter voor 'n groot gehoor opgevoer. [20]

---

18. ROMPEL, H., Die Volksteaterbeweging, in, Die Huisgenoot, vol. 22, no. 818, 26 November 1937, p. 39.
19. DIE VOLKSBLAD, 28 Augustus 1937.
20. English Dramatic Society, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1931, p. 6

Op 17 Junie 1933 is A A Milne se "Belinda" deur dieselfde vereniging in Maseru op die planke gebring. Die opvoering is baie goed deur die publiek bygewoon en was 'n klinkende sukses. (21)

Die "English Dramatic Society" het 'n paar jaar lank nie bestaan nie. Daarna is egter besluit om op 15 en 16 Augustus 1938 drie eenbedrywe as spellesing aan te bied, en wel in die Grand-Teater, Bloemfontein. Dit sou geskied onder beskerming van die "African Consolidated Theatres". Hierdie spellesing is ongelukkig nie goed deur die publiek ondersteun nie, maar die aanwesige gehoor het dit terdeë geniet. (22)

"Little Theatre" is in 1931 deur die Universiteit van Kaapstad op die been gebring en het gespesialiseer in die opvoering van amateur=toneelstukke. Dit het begin met slegs vierhonderd name op hul pos=lys, wat in 1952 reeds aangegroei het tot vierduisend name. (23)

### 4.4.3 Afrikaanse beroepstoneel

Onder leiding van Stephanie Faure en André Huguenet, is 'n versoek tot Jochem van Bruggen gerig om die roman "Ampie" te dramatiseer. Dit was dus die eerste ware Afrikaanse drama wat in 1931 in Pretoria op die planke gebring is. Alle sitplekke was verkoop en mense het van heinde en verre gekom om hierdie toneelstuk by te woon. Ongeluk=kig het die gehoor gelag op plekke waar liefs deernis gewek moes ge=wees het. Nieteenstaande hierdie optrede van die gehoor, was die aanbieding van "Ampie" tog 'n deurbraak vir die Afrikaanse toneel en dus 'n mylpaal in die Afrikaanse kultuurgeskiedenis. (24)

Op Saterdagaand, 3 Mei 1930, is "Ampie" ook in die Grand-Teater, Bloemfontein, deur André Huguenet se toneelgeselskap opgevoer. Die

---

21. KOHLBERG, W.E., English Dramatic Society, in, Grey Uniwersi=teitskollege Blad, 1933, p. 53
22. WALDRON, J., English Dramatic Society, in, Shimla, September 1938, p. 62.
23. Kaapstad. Universiteit. The little theatre, Coming of age, Cape Town, University, 1952, p. 2.
24. HUGUENET, Applous, pp. 68, 73.

Bloemfonteinse gehoor het die teater volgepak en almal het dit ge=niet. (25)

Toe die "André Huguenet toneelgeselskap" op Maandagaand, 6 Julie 1931, "Mal Hans" opgevoer het, was daar min sitplekke in die stadsaal op Wolmaransstad nog beskikbaar. Gespanne het die gehoor die mees=terlike vertolking van hierdie kunswerk van Jan Fabricius gevolg. (26)

Hierdie toneelstuk is ook op Saterdaagaand, 1 Augustus 1931, deur dieselfde toneelgeselskap in die Grand-Teater, Bloemfontein opge=voer. 'n Groot gehoor het die Bloemfonteinse seun, André Huguenet, verwelkom. (27)

Met die opvoering van "Genoveva" deur Chr. Schmidt op Vrydagaand, 2 Desember 1932, is die sakdoek deur meer as een aanwesige gebruik. Met die aanbieding van hierdie toneelstuk in die Bloemfonteinse teater, het André Huguenet voorsiening gemaak vir die populêre smaak. 'n Groot en waarderende gehoor het dan ook die opvoering bygewoon. (28)

André Huguenet het self J H H de Waal se geskiedkundige Afrikaanse volksroman, "Johannes van Wyk", gedramatiseer. Die eerste twee opvoerings daarvan het op Vrydagaand, 28 Julie en Saterdagaand 29 Julie 1933, in die Kroonstadse stadsaal plaasgevind. Daar was 'n groot gehoor teenwoordig en mense het van sover as Johannesburg ge=kom om die opvoering by te woon. (29)

Op Bethlehem is "Johannes van Wyk" ook twee maal opgevoer, naamlik op Vrydagaand, 18 Augustus en Saterdagaand, 19 Augustus 1933. Die groot belangstelling wat hierdie toneelopvoerings geniet het, was 'n

---

25. DIE VOLKSBLAD, 5 Mei 1930
26. Ibid., 10 Julie 1931.
27. Ibid., 3 Augustus 1931.
28. Ibid., 3 Desember 1932.
29. Ibid., 31 Julie 1933.

bewys van die gewildheid van André Huguenet se toneelgeselskap. Vóór die opvoering van hierdie toneelstuk, het 'n aantal toneelge=selskappe aanbiedings op Bethlehem gegee, maar die belangstelling van die kant van die publiek was baie swak. Met die opvoering van "Johannes van Wyk" was die stadsaal egter albei aande stampvol en spontane applous het die hele aand voortgeduur. Aan die einde van die opvoerings is die toneelspelers telkens deur die gehoor terug=geroep. (30)

Prof dr F E J Malherbe het as volg in "Die Burger" geskryf oor die eerste opvoering op Stellenbosch van die drama, "Ek het 'n Man ver=moor":

> "Groot sukses is André Huguenet en geselskap te beurt geval op Stellenbosch toe Maurice Rostand se anti-oorlogse toneel=stuk, in die uitstekende vertaling van dr Fred Bosman opgevoer is voor 'n stampvolle saal. So groot was die toeloop - waar=onder 'n driehonderd juniors wat met die stuk hul feesdag afgesluit het - dat die Recreation-saal nie al die belangstel=lendes kon bevat nie en enkele honderde moes omdraai. Die stilte wat swaar oor alles gehang het was voldoende bewys van die ononderbroke aandag en spanning". (31)

André Huguenet se periodieke opvoerings in die Grand-Teater in Bloem=fontein het by die Afrikaanse gemeenskap 'n gereelde instelling ge=word. Daar is gretig uitgesien na toneelopvoerings van dié geselskap. 'n Opvoering van "Haar Egskeiding" deur Clemence Dane is op Dinsdag=aand, 7 Mei 1935, deur 'n groot gehoor in die Grand-Teater in Bloem=fontein bygewoon. (32)

Sedert die eerste twee opvoerings van "Gevaarlike Huwelik" op Kroonstad in 1936, het André Huguenet se geselskap met hierdie drama groot suk=ses behaal op elke Vrystaatse dorp. Nieteenstaande die swaar reëns wat voorgekom het op Bothaville, Heilbron, Frankfort, Vrede en Harri=smith, was die betrokke stadsaal op elke dorp stampvol. Die sukses

---

30. Ibid., 21 Augustus 1933.
31. Ibid., 15 September 1934.
32. Ibid., 8 Mei 1935.

van hierdie drama is weerspieël deur die feit dat boere wat die op=voering op die een dorp bygewoon het, hulle die moeite getroos het om 'n tweede maal na die drama te gaan kyk, indien dit op die aan=grensende dorp opgevoer is. Dit was veral opvallend op Kroonstad en Heilbron, waar die sale sô vol was dat baie mense terleurgesteld moes omdraai. (33)

In 1930 het Paul de Groot na Suid-Afrika teruggekeer. Sy beroeps=toneelgeselskap het op Donderdag, 12 Junie 1930, "Die Rosekrans" op Luckoff opgevoer. Dit was 'n vertaling van "The Rosary". Die publiek het dit baie gunstig ontvang. Op Caledon is hierdie toneel=stuk ook met groot geesdrif begroet en die saal was albei aande van die opvoering, stampvol. (34)

Op Maandagaand, 23 Junie 1930, is "Die Rosekrans" ook op Ficksburg aangebied. Alle sitplekke in die stadsaal was gevul en, waar moontlik, is ekstra rye stoele ingedra. Die gehoor was aangenaam verras met die uitstekende toneelopvoering. (35)

Die jubileumopvoering van "Besigheid is Besigheid" is deur Paul de Groot se toneelgeselskap op Bloemfontein aangebied, en wel op Vry=dagaand, 24 Julie 1931. In die Bloemfonteinse stadsaal was daar nie vir 'n muis plek nie. Nieteenstaande die feit dat rye stoele inge=dra is, moes daar nogtans 'n aantal mense voor die deure omdraai. (36)

"Toneelbewonderaar" het aan "Die Volksblad", gedateer 10 November 1934, as volg geskryf:

> "Na al die geskrywe oor die swak opkoms die eerste aande van Paul de Groot se opvoering in Johannesburg van "Kain" verdien die Afrikaanse toneelvriende van die Rand darem 'n bietjie lof.

---

33. Ibid., 17 Oktober 1936.
34. Ibid., 16 Junie 1930.
35. Ibid., 27 Junie 1930.
36. Ibid., 25 Julie 1931.

> Die opkoms die eerste twee aande was wel swak omdat dit bitter koud was. Selfs die bioskope is ook swak bygewoon as gevolg van die weer. "Kain" het egter gou naam gemaak, want die Johannesburgse publiek het die inhoud van die toneelstuk en die skitterende vertolking geniet, sodat die opkoms spoedig bevredigend geword het. Die middagvertonings is ook goed by= gewoon, veral deur studente en onderwysers, sodat die eind= resultaat glad nie te sleg was vir 'n jong onderneming in Johannesburgse eerste teater deur 'n vooraanstaande geselskap nie". (37)

Mnr J Plaat-Stultjes was 'n Pretorianer van geboorte, maar het sy toneelopleiding in Nederland ontvang. In 1930 het hy na Suid-Afrika teruggekeer en sy eie Afrikaanse beroepstoneelgeselskap gevorm. Op Dinsdagaand, 9 September 1930, het hierdie toneelgeselskap in die kerksaal van Theunissen opgetree en vier eenbedrywe opgevoer: "Brief van 'n Blinde Moeder", "Die Towerheksie van Geluk", "Die Kaartjiesknipper" en "Armmans-Rykdom". Die opkoms was ongelukkig baie swak, maar dit kon toegeskryf word aan die feit dat dit die toneelgeselskap se eerste besoek aan dié dorp was. (38)

Die tweede Bloemfonteinse opvoering van "East Lynne" deur die "Plaat-Stultjes toneelgeselskap", het in April 1931 plaasgevind. Dié opvoering het meer mense getrek as die eerste een. Die stadsaal was redelik vol, terwyl die galerye gepak was. Die toneelgeselskap het 'n baie waarderende gehoor gehad. (39)

D C Postma was die skrywer van die drama "Oom Paul". Laasgenoemde toneelstuk is op Donderdagaand, 27 September 1934, deur die "Hendrik Hanekom-Toneelgeselskap" in die Bloemfonteinse stadsaal opgevoer. Hendrik Hanekom het die rol van President Paul Kruger op 'n baie realistiese wyse vertolk. Die stadsaal was stampvol en op 2 Oktober 1934 is hierdie toneelstuk weer eens in die Bloemfonteinse stadsaal opgevoer. (40)

---

37. Ibid., 10 November 1934.
38. Ibid., 19 September 1930.
39. Ibid., 30 April 1931.
40. Ibid., 28 September 1934.

Hobhouse is op 24 Januarie 1935 deur die "Hanekom-toneelgeselskap" besoek. Tweehonderd mense het die opvoering van "Oom Paul" in die Vrouesaal bygewoon. (41)

Hierdie drama is in Februarie 1935 ook op Ladybrand opgevoer. Die groot gehoor is weer verplaas na die jare 1896 tot 1900, 'n belang=rike tydperk in die geskiedenis van Transvaal. (42)

Die "Hanekom-toneelgeselskap" het "Oom Paul" daarna die vierde maal in die Bloemfonteinse stadsaal opgevoer, en wel op 26 Junie 1935. Baie lede van die publiek moes weer voor die deure omdraai, aangesien die stadsaal stampvol was. (43)

> "Nog nooit op al my reise het ek as toneelspeler soveel geesdrif met die opvoerings beleef as met "Oom Paul" nie. Dit was geen uitsondering dat mense nā die opvoerings na ons gekom en vertel het dat hulle die ou President self geken het. Die ouer geslag het byna almal verklaar:, 'Ons het vanaand weer ons ou President in die lewe gesien'."

Dië woorde het Hendrik Hanekom gebesig in 'n persgesprek met "Die Volksblad", gedateer 13 Julie 1935.

"Oom Paul" is opgevoer in Natal, die Vrystaat en Transvaal.

In Natal is die "Hanekom-toneelgeselskap" met oop arms ontvang. Meer as 'n duisend mense het die opvoering van "Oom Paul" in Durban bygewoon. (44)

Op 26 April 1936 het hierdie toneelgeselskap ook die drama "Erfsonde" deur Walter Freifelt, in die Marquardse stadsaal opgevoer. Alle sit=plekke was gevul en die publiek was nog meer ingenome met dië toneel=opvoering, as met die vorige een tydens hul laaste besoek aan dië dorp.

---

41. Ibid., 30 Januarie 1935.
42. Ibid., 12 Februarie 1935.
43. Ibid., 27 Junie 1935.
44. Ibid., 13 Julie 1935.

Op voorstel van die skoolhoof het die gehoor die toneelvereniging, aan die einde van die opvoering, drie hartlike hoera's toegeroep. (45)

> Die drama, meer as enige ander kunssoort, hou verband met die jongste ontwikkeling in wêreldgebeure. In die negentiede eeu is, onder invloed van natuurwetenskaplike denke, die individuele in die kuns buite alle verhouding beklemtoon. Die hooffunksie van die kuns is gesien as die KRAG-uitoefening op die toeskouer, wat op sy beurt hoofsaaklik uit die publiek bestaan het. In die begin van die dertigerjare van die twintigste eeu, is die volk in die plek van 'n onsamehangende konglomeraat van enkelinge, die sogenaamde publiek, en die VORMING in die plek van die KRAG, vertoon.

"Oom Paul" is vir die soveelste maal in die Bloemfonteinse stadsaal op Dinsdagaand, 30 Junie 1936 opgevoer. Geen geskikter gehoor as die jeugdige lede van die A N S kon verlang word om mee te werk aan hierdie besielende opvoeding van die volk nie. Dit was dan ook geen wonder dat die jeugdige gehoor nie tevrede was nie, alvorens die skrywer, D C Postma op die verhoog verskyn het. Saam met die toneel=spelers het hy 'n vererende ovasie ontvang. (46)

Die akteur, Hendrik Hanekom, en sy toneelgeselskap het op 27 Februa=rie 1939 "Die Vermiste Getuie" op Senekal voor 'n stampvol saal op die planke gebring. Ure voor die aanvang van die opvoering was alle sitplekke reeds bespreek, en verskeie mense wat van verafgeleë plase ingekom het om die opvoering by te woon, moes terleurgesteld omdraai. Selfs vir die seuns en dogters van die skoolkoshuise was daar geen plek beskikbaar nie. (47)

Baie Afrikaanse beroepstoneelgeselskappe is in Suid-Afrika op die been gebring. So het ook die toneelspeelster, Elsa Fouché, haar eie toneel=geselskap begin. Op Parys het die "Elsa Fouché-toneelgeselskap" sy eerste buiging voor die publiek gemaak op 19 November 1935. "In die Mag van Tiberius" is aangebied in die marksaal, wat redelik vol was. Sô gunstig is hierdie toneelopvoering ontvang, dat 'n

---

45. <u>Ibid</u>., 30 April 1936.
46. <u>Ibid</u>., 1 Julie 1936.
47. <u>Ibid</u>., 4 Maart 1939.

versoek aan die geselskap gerig is om dit weer, met die viering van Dingaansdag op 16 Desember 1935, op Parys te kom opvoer. [48]

Anton Ackermann het ook 'n Afrikaanse beroepstoneelgeselskap in die lewe geroep. Op Bloemfontein was die groot, nuwe stadsaal in 1937 van hoek tot kant gevul met die aanbieding van "Die Hand van die Gereg". Weens 'n gebrek aan voldoende sitplek, moes baie mense voor die deure omdraai. Die "Anton Ackermann toneelgeselskap" het on= getwyfeld met hierdie opvoering 'n rekordgehoor, vir Bloemfonteinse standaarde, getrek. [49]

Suid-Afrikaanse gehore het dus in die dertigerjare van die twintigste eeu die Uitvoerende Kunste beter ondersteun. Toneel vorm die slagaar van enige volk se bestaan, want sy lief en leed word altyd deur die dramaturg uitgebeeld. Die Afrikaanse beroepstoneelgeselskappe het veel verrig om die toneel se gewildheid onder die publiek te bevorder.

Alhoewel die meeste van die Afrikaanse toneelstukke wat opgevoer is, vertalings was, het dit tog gedien om die publiek na die teater te lok.

---

48. Ibid., 26 November 1935.
49. Die Hand van die Gereg, in, Die Huisgenoot, vol. 22, no. 801, 30 Julie 1937, p. 59.

# HOOFSTUK 5

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE VANAF 1940 TOT 1963

## 5.1 OPERA EN OPERETTE WAS NOG STEEDS BAIE GEWILD BY DIE SUID-AFRIKAANSE GEHORE

Die oorlogsjare het 'n ekstra stukrag verleen aan die publiek se belangstelling in opera. Later is selfs gevind dat veral die terug=gekeerde soldate 'n smaak vir opera ontwikkel het. In Johannesburg was die belangstelling in opera-uitvoerings dus groot. (1)

Afrikaanssprekende Bloemfonteiners sou egter eers in die veertiger=jare 'n deurbraak maak op die gebied van die opera. Dit het geskied met die aanbieding van Humperdinck se opera "Hansie en Grietjie" deur Petrus Lemmer van die Bloemfonteinse Onderwyskollege. Soos dr Anton Hartman aantoon, was die gebruik van Afrikaanse libretti vir operas, een van die belangrikste faktore wat die Afrikaanssprekende se liefde vir opera landswyd laat oplewe het. Dit wil voorkom asof dit veral in Bloemfontein die geval was. (2)

Die jaar 1946 kan waarskynlik as die glansjaar van die inheemse operapogings in Johannesburg, bestempel word. 'n Mylpaal is behaal met die eerste aanbieding van 'n vollengte opera in Afrikaans, naamlik "Carmen". Dit is vertaal deur Gideon Roos.

Verskeie operageesdriftiges en vrywilligers moes vooraf harde werk verrig om hierdie prestasie moontlik te maak. Ander aktiwiteite wat meegehelp het om die publiek se belangstelling in opera aan te wakker, was besoeke aan hoërskole, lesings en die aanbieding van musiekpro=gramme. (3)

---

1. STEAD, op. cit.
2. HUMAN, op. cit., p. 187.
3. STEAD, op. cit., p. 22.

In 1947 is Verdi se opera, "Aïda", in die nuwe His Majesty's teater uitgevoer. Reeds op die eerste aand van die speelvak het die be= langstelling van die publiek geen perke geken nie - die indruk van die vorige paar jaar, naamlik dat die inwoners van die Goudstad opera-bewus begin word het, is ongetwyfeld bevestig. (4)

John Connell het in 1948 tien operas in Johannesburg aangebied. Hierdie operas was sô gewild, dat die speelvak verleng moes word. In hierdie stadium het John Connell voelers begin uitsteek in die rigting van staatsondersteuning vir opera. Hy het daarop gewys dat meer as 'n duisend mense as "intekenare", die vorige twintig jaar met hul geldelike bydraes die aanbieding van opera-uitvoerings moontlik gemaak het.

In Oktober 1950 het "The Star" aangekondig dat Johannesburg moontlik sy stadsopera-speelvak gaan verloor, as gevolg van die ontbinding van die Johannesburgse stadsorkes. "African Theatres" sou die leemte vul deur volle oorsese geselskappe in te voer.

> "Such a move would put a full stop to a 30-years' struggle to build our opera tradition ..."

Protesbriewe en meningswisselings in die Johannesburgse dagblaaie, asook 'n protesoptog deur die strate, kon die situasie nie red nie.

Sedert 1951 het "African Theatres" inderdaad groot Italiaanse Opera= geselskappe begin invoer.

Die "National Opera Association of South Africa" is op 11 Novem= ber 1955 in Johannesburg gestig. Nâ 'n lang, opdraende stryd is die eerste uitvoering op 18 April 1957 aangebied. Hiermee het die plaas= like uitvoerings in Johannesburg en Pretoria herleef. Dit is veral moontlik gemaak deur die volgende twee faktore: die samewerking van

---

4. DE VILLIERS, S.M., Operafees in die Goudstad, in, Die Brandwag, vol. 10, no. 494, 21 Maart 1947, p. 21.

die S A U K ateljee-orkes enersyds, en dr P Snideman se aanbod andersyds, naamlik dat hy die onderneming teen enige geldelike ver=lies sou waarborg.

Intussen het die "Operavereniging van Suid-Afrika", bekend as "Opsa", ook in Johannesburg tot stand gekom. Hierdie twee operaverenigings het egter spoedig saamgesmelt om sodoende die "Suid-Afrikaanse Federasie vir Opera" te vorm.

In 1960 was die Uniefees. Die "Suid-Afrikaanse Federasie vir Opera" het, in opdrag van die sentrale feeskomitee, 'n Fees-opera-aanbieding in Bloemfontein op die planke gebring.

Vóór 1955 het die operette- en opera-pogings in Pretoria almal op 'n amateurbasis berus. Dit is hoofsaaklik deur die "Pretoria Operatic and Dramatic Society" aangepak, 'n vereniging wat meestal gespesiali=seer het in die aanbieding van klein operas of operettes. Besoekende oorsese geselskappe het, veral vroeër, soms wel Pretoria besoek. Op operagebied het Pretoria egter altyd min of meer 'n voorstad van Johannesburg gebly.

As gevolg van die toenemende belangstelling in opera, en as gevolg van die feit dat daar geleidelik al meer goeie sangers in Pretoria te voorskyn getree het, is die "Pretoriase Operagroep" in 1956 gestig.

Sedert die totstandkoming van die Aula by die Universiteit van Pretoria in 1959, heers daar goeie samewerking tussen die Aulakomitee en die "Pretoriase Operagroep". Intussen het die belangstelling van die Pretoriase publiek ook begin toeneem.

Die ongekende ondersteuning wat al die operabedrywighede van 1960 geniet het, het bewys dat Pretoria inderdaad operabewus geword het.

Indien volgens die gegewens van die Universiteit van Pretoria se skakelkantoor geoordeel kan word, het opera in 1963 die gewildste kunsvorm in Pretoria uitgemaak. Teen die einde van 1962 is die verskillende opera-aanbiedings in die Aula, deur meer as negentig=

duisende mense bygewoon. Volgens vraelyste wat van die gereelde ondersteuners terug ontvang is, was die volgorde van gewildheid wat die verskillende kunsvorme geniet het, soos volg: opera in Afrikaans of Engels; simfoniekonserte; opera in 'n vreemde taalmedium; ballet; Engelse toneel; Afrikaanse toneel; solosang; kamermusiek; musiekbly= spele; solo-instrumentaal; kunsrolprente; verskeidenheidskonserte en, heel laaste, woordkuns-voordrag. (5)

## 5.2 BALLET WAS DIE STIEFKIND VAN DIE SUID-AFRIKAANSE UITVOERENDE KUNSTE

Balletopvoerings wat uiters seldsaam in Suid-Afrika. Daar het ook slegs een balletskool bestaan, naamlik aan die Universiteit van Kaapstad.

In 1949 het Anton Dolin en Alicia Markova Suid-Afrika besoek. "Swanemeer" en "Giselle" is aangebied met 'n "corps de ballet" wat bestaan het uit dansers van die Universiteit van Kaapstad se geselskap, asook van die "Suid-Afrikaanse Nasionale Ballet". Laasgenoemde het daarna met die Universiteit van Kaapstad se balletgroep saamgesmelt. Intussen het die omvang van die Universiteit van Kaapstad se balletge= selskap se aanbiedinge toegeneem. Hierdie feit, tesame met die groter gehore wat getrek is, het die balletgeselskap genoodsaak om 'n groter verhoog en gehoorsaal te vind as dië wat die Kleinteater gebied het. Balletopvoerings is, in samewerking met die Kaapstadse munisipale orkes, in die Kaapstadse stadsaal en die Alambra-teater aangebied. Laasgenoem= de het sitplek vir meer as tweeduisend mense verskaf.

Majorie Sturman, bygestaan deur Poppy Frames en Ivy Conmee, het die "Johannesburgse Feesballet" in die Transvaal tot stand gebring. Dit het gereeld amateuropvoerings van klassieke, sowel as plaaslike ge= choreografeerde ballette aangebied. Hierdie opvoerings het 'n be= langrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van ballet, veral ge= durende die oorlogsjare, tot in die vroeë vyftigerjare.

---

5. STEAD, op. cit., pp. 23 - 26.

In 1957 het Yvonne Mounsey met Faith de Villiers saamgespan om die "Johannesburgse Balletgeselskap" te stig. Dit is later, in 1960, tot die "Johannesburgse Stadsballet" herdoop. Hierdie amateurgesel= skap met sy hoofkantoor in Trematon Place, het opvoerings in Johannes= burg en omstreke aangebied.

In 1961 het dit, onder leiding van Hermien Dommisse, geldelike steun van die provinsiale onderwysdepartement ontvang. Dit het hom in staat gestel om lesingdemonstrasies en opvoerings by Transvaalse hoër= skole aan te bied. Dit was dan ook die eerste amptelike erkenning van en steun vir ballet in Suid-Afrika. Die "Johannesburgse Stads= ballet" se naam is verander na "Ballet Transvaal" en in 1963 is die balletgeselskap oorgeneem deur TRUK. [6]

## 5.3 DIE GEHOOR EN ORKES- EN SANGUITVOERINGS

### 5.3.1 Kaapse Stadsorkes

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, het die aanvraag na klassieke musiekkonserte toegeneem. Suid-Afrikaanse- en besoekende soldate het 'n besondere behae geskep in die bywoning van orkes= uitvoerings, soos aangebied deur die Kaapse Stadsorkes. Die versoeke van die soldate het 'n hoë standaard van musiekwaardering geopenbaar. Musiek speel 'n baie belangrike rol om die moreel van beide die leër, asook die algemene publiek, te handhaaf. Dit het dan ook inderdaad 'n belangrike deel van die oorlogspoging uitgemaak.

Sondagaande was die Kaapstadse stadsaal gereeld stampvol, meestal met manne en vroue in uniform. Terselfdertyd het die aantal gereelde ondersteuners van die orkes, gedurig gestyg in getal.

"Troepkonserte" was 'n nuwe aktiwiteit wat in die Kaapse Stadsorkes se bedrywighede ingesluit is: uitvoerings is in die meeste van die leër-, vloot- en lugmagkampe in die Westelike Provinsie aangebied.

Met die musiekowerhede in die binneland, het die samewerking altyd

---

6. SUID-AFRIKA (Republiek). Dept. van Inligting, Offisiële jaarboek 1977, p. 744.

hartlik gebly. In 1942 het die Kaapse Stadsorkes 'n vyf weke lange operaseisoen in Johannesburg en Pretoria onderneem.

Gedurende die somer van 1944, het etensuur- en ander konserte gereeld in die Kaapse Nasionale Kunsgalery plaasgevind. Hierdie konserte het groot gewildheid geniet by die gehore. 'n Ander uiters suksesvolle nuwigheid wat die Kaapse Stadsorkes ingevoer het, was die instelling van promenadekonserte op Saterdagaande.

Vanaf 1948 was die stadsaal telkens stampvol indien 'n konsert deur die Kaapse Stadsorkes aangebied is. Hierdie musiekkonserte het ge=woonlik 'n duisend lede van die publiek getrek. Teen die einde van 1948 het daar in werklikheid 'n aansienlike waglys bestaan vir sit=plekke tydens musiekkonserte, aangebied deur hierdie orkes.

Ewe groot geesdrif is gewek toe die Kaapse Stadsorkes 'n musiekkon=sertreis van drie weke deur die Oostelike-Provinsie onderneem het. Queenstown, King Williamstown, Oos-Londen, Grahamstad en Port Elizabeth is besoek. Benewens die aanbieding van gewone konserte, is daar spesiale funksies vir skoolkinders gehou, waartydens elke kind 'n afskrif van die program, asook illustrasies van die verskil=lende musiekinstrumente ontvang het.

Verdere konsertreise is in 1949 onderneem, weer deur die Oostelike-Provinsie, maar hierdie keer ook na Bloemfontein, Oudtshoorn en Mossel=baai.

Soveel aanmoediging is van alle kante ontvang, dat die Kaapstadse Stadsraad besluit het om, teen aansienlike addisionele koste, verdere konsertreise en uitbreiding van die orkeslede, te finansier.

In sy nuwe aktiwiteite wat aangebied is, het die Kaapse Stadsorkes nou ook ballet ingesluit. Dit het vinnige vordering in die Kaap ge=maak. 'n Groot deel van die bevolking het ook heelwat vreugde geput uit die feit dat daar samewerking bestaan het tussen die orkes en die Eoan-groep, die kulturele organisasie van die Kleurlinge.

Van die kant van die publiek het 'n stroom van lojale ondersteuning gevloei. Dit word weerspieël deur die feit dat talle beskermhere die orkes ondersteun het, asook deur die feit dat die vernaamste sakeondernemings sedert 1961 die rol van "Kommersiële kaartjies=houers" vervul het. (7)

5.3.2 Johannesburgse Simfonie-orkes

Die toer wat die Johannesburgse Simfonie-orkes in 1949, onder leiding van John Connell, deur Wes-Transvaal onderneem het, was 'n reuse=poging en van groot opvoedkundige waarde. Vir die eerste maal kon inwoners van klein, afgeleë dorpies 'n volle simfonie-orkes sien en hoor speel. Instrumente is afsonderlik bespreek en geïllustreer.

Die orkes het altesaam veertig konserte gegee. Daarvan is dertig gratis aan skole aangebied, terwyl tien konserte vir volwassenes bedoel was, teen 'n nominale toegangsfooi. Op Klerksdorp het die orkes voor tweeduisend kinders opgetree.

Spesiale konserte vir studente en skoliere is op Potchefstroom ge=gee. Die verskillende programme is sō saamgestel, dat die ontwik=kelingsproses in musiek aangedui kon word. Die doel van die konserte was uitsluitlik om 'n liefde vir musiek by die jong gehoor aan te kweek.

Tydens die toer het dertigduisend mense, waar onder twintigduisend kinders, die geleentheid gehad om die orkeskonserte by te woon. (8)

5.3.3 S A U K Simfonie-orkes

In 1954 is die S A U K Simfonie-orkes in die lewe geroep. Op daar=die tydstip was hierdie orkes die grootste van sy soort in Suid-Afrika. Die orkes het jaarliks, in samewerking met die Johannesburgse

7. ROSENTHAL, op. cit., pp. 35 - 46.
8. VOORENDYK, op. cit., pp. 98, 100 - 101.

Stadsraad, twee musiekkonsert-seisoene aangebied. Elke seisoen het ongeveer twaalf weke lank geduur, maar addisionele konserte moes gewoonlik gehou word, ten einde musiekliefhebbers wat nie seisoen=kaartjies kon bekom nie, in staat te stel om hul gunsteling sim=fonieë by te woon. Korter simfoniekonsert-seisoene is ook gereeld, in samewerking met die Pretoriase Stadsraad, in dié stad aangebied. Nie minder nie as honderd-een-en-veertigduisend musiekliefhebbers het die honderd-en-twaalf konserte wat in 1968 aangebied is, by=gewoon.

Die S A U K Simfonie-orkes speel nog steeds 'n belangrike rol in die opvoeding van die jeug. Skole in en om Johannesburg word gereeld besoek. Die gebruik wat gedurende sulke besoeke gevolg word, is om elke instrument afsonderlik aan die jong luisteraar te beskryf, asook om elke musiekstuk kortliks te verduidelik. [9]

### 5.3.4 Sanguitvoerings

Marcel Wittrisch, die beroemde Duitse tenoor, is gedurende 1950 deur SAMUT na Suid-Afrika gebring. Tydens sy konsertreis het hy onder andere, in Desember 1950 op Klerksdorp opgetree, waar sy sang=uitvoering besonder geslaagd was. Die gehoor het die program sõ geniet, dat hy herhaaldelik na die verhoog teruggeroep is. [10]

## 5.4 TONEELOPVOERINGS EN DIE GEHOOR

### 5.4.1 Amateurtoneelopvoerings

Die opvoering van D F Malherbe se nog ongepubliseerde drama, "Die Meul Dreun", was 'n heuglike gebeurtenis in die geskiedenis van Bloemfontein. Dit is op Saterdagaand, 2 Augustus 1941, in die

---

9. Ernstige musiek, in, Suid-Afrika (Republiek). Dept. van Inligting, Die Uitvoerende Kunste in Suid-Afrika, ongenommerde paginering.
10. VOORENDYK, op. cit., p. 74.

Bloemfonteinse stadsaal op die planke gebring, en wel deur die "Bloemfonteinse Boere-orkes". Ongelukkig was die stadsaal slegs half vol. Die gehoor, wat deurgaans vasgevang was in die stygende ontroering van steeds sterker wordende momente, het verslae en ontdaan geswyg toe die gordyn val. Daar het 'n stilte geheers wat meer gespreek het as die luidste applous. (11)

In Mei 1945 het die "Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging", "K A T", 'n interessante proefneming gedoen: sy jonger en minder ervare lede het in 'n aantal kort toneelstukke opgetree en 'n bekwame beoordeelaar is dan versoek om die opvoerings, onmiddellik na die afloop daarvan, te bespreek. Sodoende is die geleentheid aan die publiek gebied om 'n kykie agter die skerms te kry: nie alleen het die opvoering van 'n toneelstuk veel kennis vereis nie, maar moeisame arbeid het die eenvoudigste opvoering ten grondslag gelê. Soos afgelei kan word uit die opmerkings van 'n aantal lede van die gehoor, het die bespreking van die opvoerings net soveel byval gevind as die aanbiedings self. (12)

Ten spyte van die moeilike toestande wat deur die Tweede Wêreldoorlog geskep is, het die "Afrikaanse Dramatiese Vereniging" van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, tog voortgegaan om sy gebruiklike jaarlikse toneeltoer te organiseer. In 1942 is "Die Verlede", vertaal deur dr. B Kok, in die Suid-Vrystaat opge= voer. Hierdie drama was een van die suksesvolste toneelstukke wat nog deur dië vereniging opgevoer is. In Hoopstad het "Die Verlede" groot toejuiging uitgelok. (13)

Op aandrang van die studente en inwoners van Bloemfontein, het die "English Dramatic Society" in 1944 weer op die been gekom. J B Pries= ley se "Dangerous Corner" is op 30 Augustus 1945 in die Vissersaal

---

11. DIE VOLKSBLAD, 4 Augustus 1941.
12. 'n Interessante proefneming, in, Die Huisgenoot, vol. 29, no. 1210, 1 Junie 1945, p.
13. CLAASSEN, P.M., Verslag van die Afrikaanse Dramatiese Ver= eniging, in, Shimla, Oktober 1942, p. 68.

by die Bloemfonteinse Onderwyskollege, aangebied. Dié toneel= opvoering was 'n groot sukses en is baie hoog aangeprys deur die aanwesige gehoor. (14)

5.4.2 Afrikaanse beroepstoneel

'n Vol stadsaal het die "André Huguenet toneelgeselskap" op 24 Junie 1940, 'n hartlike ontvangs op Bloemfontein gegee. "As Mure kan Praat", 'n vertaling van 'n Franse toneelstuk met Octave Mirabeau as skrywer, is opgevoer. André Huguenet het daarin ge= slaag om op die verhoog 'n atmosfeer te skep waardeur sy gehoor deel van die drama kon word. (15)

Op 10 Augustus 1940 het Hendrik en Mathilda Hanekom met hul toneel= geselskap "Hans-die-Skipper", ook genoem "Die Seeman" deur D F Mal= herbe, voor 'n vol Bloemfonteinse stadsaal op die planke gebring.(16)

Die "Hendrik Hanekom-toneelgeselskap" het ook vir die vyfde maal "Oom Paul" in die Bloemfonteinse stadsaal opgevoer, en wel op 30 Augustus 1941. Die saal was redelik vol en spontane toejuiging het telkens losgebars. Dié toneelstuk is sewe maal agtereenvol= gens op die omliggende kleinhoewes opgevoer.

'n Tweede toneelreis is met "Oom Paul" onderneem en hierdie toer het nog groter gehore getrek as die vorige reis. (17)

Die Bloemfonteiners het op Saterdagaand, 6 Maart 1943, die stadsaal van hoek tot kant gevul by geleentheid van die "Hendrik Hanekom-toneelgeselskap" se opvoering van "Ds. Snuffelaar". Dit was 'n

---

14. HEFER, W.J., The English Dramatic Society, in, Shimla, 1945, p. 117.
15. DIE VOLKSBLAD, 25 Junie 1940.
16. Ibid., 12 Augustus 1940.
17. Ibid., 1 September 1941.

blyspel in drie bedrywe wat elkeen in die gehoor huis toe laat keer het met 'n vrolike gemoed. [18]

In die Westelike Provinsie het Anton Ackermann en sy toneelge= selskap aand nā aand luide toejuiging ontvang met die opvoering van die toneelstuk, "Vergeet my nie". Dit was 'n vertaling van "Escape me never" deur Margaret Kennedy. Duisende mense het dië toneelop= voering bygewoon en baie toneelgangers moes op die verskillende dorpe voor die deure omdraai. Geen saal kon sitplek bied aan al die voornemende toneelgangers nie. [19]

Die Afrikaanse toneel het gefloreer: op Saterdagaand 4 Oktober 1941, is "Die Verstoteling", 'n vertaling van "The Patsy" deur Barry Conners, voor 'n groot gehoor in die Bloemfonteinse stadsaal opge= voer. Die "Anton Ackermann-toneelgeselskap"was verantwoordelik vir hierdie aanbieding.

> Daar is gemeld dat dit jammer was dat die publiek nog nie volkome toneel-opgevoed was nie. Die grootste deel van die gehoor het elke paar woorde uit die monde van die toneelspelers, onderbreek met 'n uitbundige gelag. [20]

Op Saterdagaand, 4 Desember 1943, is "Onskuldig Veroordeel", 'n vertaling van "Within the Law" deur Bayard Veiller, in die Bloemfon= teinse stadsaal opgevoer. 'n Baie groot gehoor was teenwoordig.

> Weer eens is die ontstigtelike optrede van die gehoor betreur. Die gordyn het stiptelik om half-agt opge= gaan, maar die deure is nie, soos geadverteer, terself= dertyd gesluit nie. Die gevolg was dat die publiek 'n halfuur daarna nog steeds ingestroom het. Nog 'n ergerlike faktor was die feit dat die sitplekke in baie gevalle verkeerd aangewys is en mense gedurig moes opstaan om plek te maak vir ander. Om alles te

---

18. Ibid., 8 Maart 1943.
19. Ibid., 25 Maart 1941.
20. Ibid., 6 Oktober 1941.

> kroon, was daar heelwat babas en klein kindertjies in die gehoor wat hulself, tydens die hele opvoering, terdeë laat hoor het. Tydens musiekkonserte het die Bloemfonteinse publiek al geleer om, as hulle laat is, te wag tot die aanbreek van die eerste pouse, alvorens hulle hul sitplek= ke inneem. Buitendien is die deure eenvoudig gesluit sodra die konsert 'n aanvang geneem het. Daar is dus 'n beroep gedoen op die laatkommers om agter in die saal te wag tot nâ die eerste bedryf, en dan hul sitplekke in te neem. (21)

Amateur- en beroepstoneelgeselskappe het met groot geesdrif en ywer voortgegaan met toneelopvoerings dwarsdeur Suid-Afrika. Hier= die baanbrekers het die grondslag gelê vir die stigting van die "Nasionale Toneelorganisasie" in 1947. Ook het hulle veel daartoe bygedra om die gehore se belangstelling in toneelopvoerings te prikkel.

### 5.4.3 Die Nasionale Toneelorganisasie (N T O) 1947 - 1962

In Junie 1947 is die eerste openbare aankondiging gemaak in verband met die stigting van die N T O. Hierdie verklaring is gemaak by geleentheid van 'n toneelfees van FATSA, en het as volg gelui: die "Nasionale Adviserende Raad vir die Opvoeding van Volwassenes" het 'n voorskot van £3 000 en 'n toelaag van £400 gestem om, by wyse van 'n proefneming, met 'n Afrikaanse- en Engelse toneelge= selskap 'n reis deur die land te onderneem.

Die eerste doelbewuste poging om al die liefhebberytoneelkragte in Suid-Afrika saam te snoer en sodoende toneel op nasionale grondslag te organiseer, is aangewend deur die "Krugersdorpse Munisipale Vereniging vir Drama en Opera". Dit het geskied by monde van die voorsitter van die vereniging toe hy in sy jaarverslag van 1936, voorgestel het dat 'n federasie van al die amateurtoneelverenigings in die lewe geroep word - die doel sou wees om samewerking tussen die verskillende bevolkingsgroepe te bewerkstellig. In Desember 1938 is die "Federasie van Amateurtoneelverenigings in Suidelike Afrika", FATSA, dan ook gestig.

---

21. Ibid., 6 Desember 1943.

Heel toevallig het die meeste toonaangewende Afrikaanse- en Engelse toneelspelers in Suid-Afrika, hulle in Februarie 1942 in Johannes= burg bevind. Van die geleentheid is gebruik gemaak om samesprekings te voer.

Na aanleiding van verskeie vergaderings is 'n memorandum opgestel wat, deur bemiddeling van die Administrateur van Transvaal, aan die Sentrale Regering voorgelê moes word. Die doelstellings was:

> "Om 'n staatsteater in die lewe te roep met die doel om reeds bestaande talent saam te trek, nuwe talent te ontdek, en om tesame met die universiteite, biblioteke, kunssentra en skole 'n nuwe intellektuele brandpunt in die Unie te skep."

Van hierdie skema het egter niks gekom nie. Enersyds was die tyd nog nie ryp daarvoor nie, en andersyds kan die blaam gelê word op die ongunstige oorlogsomstandighede. In dieselfde jaar is die aandag van toneelliefhebbers egter opnuut in beslag geneem deur die kunssentrum wat in Pretoria in die lewe geroep is. Dit sou ook vir drama, as 'n onderafdeling, voorsiening maak.

In 1945 het die verslag van 'n kommissie van die Unie Onderwys= departement verskyn, wat gehandel het oor die opvoeding van vol= wassenes in Suid-Afrika. Die kommissie het die waarde van toneel as opvoedingsmedium besef en die president, asook die onder-president van FATSA genooi om in hierdie verband getuienis af te lê. Ofskoon verskillende individuele verenigings voor die Kommissie verskyn het, kan hierdie gebeurtenis beskou word as die eerste erkenning van FATSA as die mondstuk van georganiseerde amateurtoneel. Die eerste uitvloeisel van hierdie deeglike verslag was die aanstelling van die "Nasionale Adviserende Raad vir die Opvoeding van Volwassenes". Die president van FATSA is deur die Minister van Onderwys op dië Raad benoem.

Daar is opdrag aan 'n komitee gegee om oor te gaan tot die stigting van 'n Nasionale Toneel. Laasgenoemde moes so gou as moontlik onder die Maatskappyewet, as 'n maatskappy sonder winsbejag registreer.

Op 7 Julie 1947 het die eerste vergadering van die Beheerraad van die Nasionale Toneel plaasgevind. Reëlings is getref vir die eerste toer wat in Januarie 1948 van stapel moes loop.

Die tyd was nou ryp vir die stigting van die N T O. Die publiek het dit verwelkom as 'n instelling wat voortaan 'n integrale deel van hulle kulturele lewe sou vorm. Die aanvoorwerk was reeds deeglik afgehandel deur die verskillende amateurtoneelverenigings wat hulle in al die stede en kleiner dorpies bevind het. Die bearbeiding van die kant van FATSA mag ook nie hier buite rekening gelaat word nie. Hierdie gevoel onder die volk is getrou vertolk deur die openbare pers, veral deur die Afrikaanse koerante. By wyse van weeklikse rubrieke, inleidingsartikels en nuusberigte, is onbeperkte ruimte afgestaan aan die toneelkuns.

Mnr P P Breytenbach van FATSA is as die eerste voorsitter van N T O aangestel. Onder groot opskrifte is die eerste toer van N T O aangekondig. Dit het 'n aanvang geneem met die opvoering van "Altyd my liefste", 'n vertaling van "Minna von Barnhelm" deur Schiller, en "Dear Brutus". Dit is in Februarie 1948 in die kleinteater in Kaapstad aangebied. Die vraag kan gestel word waarom N T O nie van 'n oorspronklike Afrikaanse drama en 'n Suid-Afrikaanse Engelse drama gebruik gemaak het vir die eerste opvoerings nie. Dit het egter later geblyk dat die opvoering van hierdie twee spesifieke toneelstukke 'n goeie keuse was, want die twee geselskappe wat saamgereis het, het vyf maande later hierdie eerste toer in Johannesburg afgesluit met altesame honderd-en-vyftig opvoerings, aangebied in twee-en-dertig dorpe. Die eerste opvoerings was ook van 'n hoë gehalte en is baie goed deur die publiek ondersteun.

Die proeftydperk van die N T O was verstreke en dit het reeds ontwikkel tot 'n merkwaardige steunpilaar in die Suid-Afrikaanse kultuurlewe. Hierdie organisasie het dus binne 'n baie kort tydsbestek deel geword van die kultuurlewe in ons land.

Die staat het sy steun aan die N T O toegesê. Deur middel van die Departement van Unie-Onderwys, is die toelaag verhoog na R60,000 per jaar - R10,000 het spoedig geblyk heeltemal onvoldoende te wees.

Die stigting van die N T O, tesame met die hoë verwagtings wat van die organisasie gekoester is, was net betyds: die Suid-Afrikaanse toneelwese het in die vorige dekade ernstige tekens van agteruit= gang getoon, veral van die kant van die gehore. Prulwerk op die platteland en baie ingewikkelde toneelstukke selfs vir die stedelike toneelkenner, het die toneelgaande publiek se belangstelling laat kwyn.

Die eerste twee toere van die N T O het reeds veel verrig om die verlore grond te herwin. Dit was hierdie organisasie se taak om die gehore weer op te bou en tot groter hoogtes te voer as wat in die verlede bereik is. Die gevolg was dat 'n werklike nasionale toneel op die been gebring is.

Aanvanklik het die Engelse- en Afrikaanse toneelgroepe saamgereis en om die beurt opgetree. Later is egter besluit om afsonderlike toere te reël.

Die dividende wat die N T O afgewerp het, kon nie in terme van geld bereken word nie. Dit het die publiek, veral die toneel- en bioskoopganger, geleer om keuring toe te pas, want die N T O het 'n sekere norm daargestel. Die groot waarde van die N T O het dus gelê in die feit dat dit as 'n instrument gedien het in die opvoeding van die volwassenes. [22]

In 1960 het hierdie organisasie spellesings by die Provinsiale biblioteke in Wes- en Oos-Kaapland ingeskakel. 'n Skema is in werking gestel waardeur biblioteekpersoneel opgelei is om self die spellesings waar te neem. Op hierdie wyse het die N T O hulp ver= leen om biblioteke ook as aktiewe kultuursentrums te laat funk= sioneer, 'n plek waar dramaturge onbevooroordeeld benader is.
Die N T O op sy beurt, het die voorreg geniet dat biblioteke as laboratoria gedien het om die reaksies van die gehore op spesifieke toneelstukke te toets.

---

22. BREYTENBACH, P.P.B., Nasionale toneelorganisasie (N T O), in, Tydskrif vir wetenskap en kuns, vol. 9, no. 2, Oktober 1949, pp. 120 - 128.
STARK, U., Voorwaarts ... mars!, in, Die Brandwag, vol. 11, no. 614. 8 Julie 1949, pp. 8 - 9.

"Die Burger" het oor die spellesings van die N T O as volg berig:

> "Vir die toekoms van die lewende toneel in ons land is die bestaan van werkgroepe, soos dië en die ontstaan van 'n kern van belangstellendes oral op die platteland wel die aller= beste voorteken. Dis werk wat in die toekoms nog ryke dividende gaan uit betaal".

Die N T O het ook van 'n intekenarestelsel gebruik gemaak: enige persoon wat een ghienie betaal het, kon 'n intekenaar word. Teen hierdie minimale bedrag, kon die betrokke persoon vyf N T O opvoe= rings bywoon. Dit kon dus bestempel word as 'n stelsel van beroeps= toneel teen bioskooppryse. [23]

Die N T O het in 1961 ontbind. Die rede hiervoor was dat dit menslik onmoontlik was om die hele Suid-Afrika vanaf een sentrale punt, naamlik Pretoria, te dek. Duisende kilometers is met elke toer afgelê.

---

23. KRUGER, N., 1960 was 'n groot jaar vir N T O, in, Lantern, vol. 10, no. 3, Maart 1961, pp. 281 - 283.

# HOOFSTUK 6

# DIE STREEKRADE VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE IN SUID-AFRIKA

## 6.1 DIE ONTSTAAN VAN DIE STREEKRADE

In 1962 het die Sentrale Regering besluit om die Uitvoerende Kunste op streekgrondslag te verdeel. Die werksaamhede van die destydse N T O (Nasionale Toneelorganisasie) het daarmee tot 'n einde gekom en vier Streekrade is in die lewe geroep, naamlik een in elke provinsie.

Die vier Streekrade sou bekend staan as:

Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (TRUK);
Natalse Raad vir Uitvoerende Kunste (NARUK);
Streekraad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat (SUKOVS);
Kaaplandse Raad vir Uitvoerende Kunste (KRUIK).

Elke Streekraad sou nou 'n outonome liggaam vorm wat op sy eie, onder beskerming van die provinsiale owerhede, aan die werk ge=spring het om sy opgelegde taak uit te voer. Dit moes naamlik die Uitvoerende Kunste bevorder en op beroepsgrondslag plaas.

Uit die aard van die omstandighede het sommige van die provinsies in dié opsig reeds in 'n meer gunstige posisie verkeer as die ander. Hier kan veral gedink word aan die Transvaal en Kaapland.

In Transvaal het die N T O-werksaamhede ten opsigte van die toneel, feitlik nie tot stilstand gekom nie, maar as't ware slegs onder 'n nuwe naam verder uitgebrei. Daar was reeds ervare personeel, 'n hoofkwartier, 'n eie teater, eie werkswinkels, asook 'n groep geroetineerde en geesdriftige jong toneelspelers. Laasgenoemde het veral waardevolle ondervinding opgedoen in die N T O se jeugteater vir skole. Binne 'n baie kort tydsbestek is subkomitees vir toneel, ballet, opera en musiek onderskeidelik, saamgestel. Bestuurders is aangestel en onmiddellik het 'n grootskaalse organisasie begin om produksies op die planke te bring. Dit is moontlik gemaak deur

die feit dat daar nou ook veel meer fondse beskikbaar was.

Ook in Kaapland, waar daar reeds 'n soort streekliggaam van N T O werksaam was, het dit in die praktyk daarop neergekom dat die toneel= werk bloot onder 'n nuwe naam voortgegaan het. Die ander aktiwiteite kon ook, sonder groot omwenteling, hul beslag kry. Die rede daar= voor was dat daar besluit is om saam te werk met reeds gevestigde organisasies in Kaapstad, soos byvoorbeeld die Opera- en Ballet= skool van die Universiteit van Kaapstad, asook die reeds bestaande musiekverenigings.

Natal en die Oranje-Vrystaat het egter in 'n onbenydenswaardige posisie verkeer. In hierdie twee provinsies moes alles van nuuts af opgebou word en dit sou gevolglik veel langer duur om op dreef te kom.

Binne minder as 'n jaar het daar reeds 'n spontane behoefte ontstaan om die vier Streekrade, op die een of ander wyse met mekaar te laat skakel. Met dié doel voor oë is 'n vergadering van direkteure en organiseerders in Januarie 1964 in Bloemfontein, en in Mei 1964 in Pretoria, belê. By laasgenoemde geleentheid is 'n Koördinerende Raad vir die Uitvoerende Kunste in die lewe geroep. Dit sou in 'n adviserende hoedanigheid funksioneer.

Die verskillende afgevaardigdes het groot grond vir samewerking gevind. Daar is besluit dat die sekretariaat van die Koördinerende Raad drie jaar lank by TRUK, in die Transvaal, sou setel. Die vergaderings sou om die beurt in die vier provinsies plaasvind en dié liggaam sou dien as skakel tussen die vier Rade. Die outonomie van die vier Streekrade is egter geensins aangetas nie.

Een van die groot take wat dadelik aangepak sou word, was die opstel van 'n register van beskikbare kunstenaars en tegnici in Suid-Afrika. Daar sou ook samewerking bestaan ten opsigte van die verkryging van opvoerregte van oorsese stukke, asook wat betref die uitruil van kunstenaars en regisseurs onder die Kultuurverdrag, in medewerking met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

TRUK, KRUIK en NARUK se werksaamhede vir 1963 en 1964 word volledig bespreek, om aan te toon dat die Uitvoerende Kunste baie goed deur die Suid-Afrikaanse gehore ontvang is. Satistieke vir 1970 en 1975 van aanbiedings, bywoning van toneel, opera, ballet en musiek, sal vergelyk word. Sien asseblief bylae agterin boek= sakkie.

Die werksaamhede van SUKOVS vanaf 1974 tot 1977, sal vollediger bespreek word, asook die invloed van televisie op sy aktiwiteite. Statistieke vir 1970 en 1975 van aanbiedings, bywoning van toneel, opera, ballet en musiek, sal vergelyk word. Sien asse= blief bylae agterin boeksakkie.

## 6.2 DIE TRANSVAALSE RAAD VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE (TRUK)

Om 775 ballet-, toneel-, musiek-, en operaprogramme binne die bestek van een jaar op die planke te bring, klink nie na die taak van 'n enkele organisasie nie. Tog is dit presies wat TRUK in die eerste jaar van sy bestaan vermag het.

Altesaam 540 kunstenaars is ingespan om hierdie programme voor 'n totale gehoor van 276 359 aan te bied.

Dit is dan ook die hooftaak van TRUK: die aanbieding van die vier Uitvoerende Kunste (ballet, toneel, musiek en opera) aan die stedelike, sowel as plattelandse publiek van Transvaal, aan volwassenes, sowel as aan die jeug, aan Afrikaans- sowel as aan Engelssprekendes. Hierdeur word gepoog om aan kunstenaars, veral Suid-Afrikaanse kunstenaars, 'n heenkome te bied.

Daar kan aangevoer word dat kommersiële organisasies hierdie taak net so goed of miskien nog beter, kon verrig. TRUK het egter van die standpunt uitgegaan dat dit sou trag om programme aan te bied wat vir sulke ondernemings òf onprakties, òf nie-lonend, òf onbe= langrik sou blyk te wees.

'n Biblioteekprogram is in 1963 op veertien plattelandse dorpies aangebied, terwyl twee skoolprogramme by 73 skole op die planke ge= bring is. Laasgenoemde het bestaan uit gedramatiseerde werke vir onderskeidelik Afrikaans-hoër en Afrikaans-laer. Die toneelbe= stuurder van die Engelse Afdeling van TRUK, het ook skoolprogramme aangebied.

Tien volwaardige programme (371 opvoerings) is in 1963 deur TRUK se toneelafdeling voor altesame 133 000 mense, volwassenes en kinders, opgevoer. Hierdie programme het uit 'n groot verskeidenheid be= staan.

In Afrikaans is daar ses vertaalde werke op die planke gebring, naamlik "Die gebreekte Kruik" deur Von Kleist, gevolg deur 'n dubbelprogram "Mnr Sleeman kom" deur Bergman, tesame met "Die skuld van Oedipus" deur Sofokles. Hierop het 'n opspraakwekkende opvoering van "Die Renosters" deur Ionescu, gevolg. Dit is opge= volg deur 'n verdere twee toneelstukke wat uit Frans vertaal is, naamlik "Lokval vir 'n man alleen" deur Thomâs en "Montserrat" deur Roblés. Alhoewel hierdie stukke vertalings was, is hulle baie goed deur die gehoor ontvang.

Vier toneelstukke is in Engels aangebied. Vir die toneelliefhebber is eers "The Affair" deur Snow en Miller, opgevoer, daarna "The Cherry Orchard" deur Anton Tsjekof, en toe "Romeo and Jeannette" deur Anhouilh. Dit is afgesluit met die skaterspel "Rookery Nook" deur Travers. Laasgenoemde toneelstuk het besondere gewildheid by die gehoor geniet.

Hoewel daar dus nie gedurende 1963 'n oorspronklike Suid-Afrikaanse stuk opgevoer is nie, het die gehore van albei landstale nietemin die geleentheid gehad om van die beste werke uit die pen van klassieke Duitse, Sweedse, Franse, Russiese, Engelse en Ierse to= neelskrywers, op die planke te sien.

In 1964 het die aanbieding van Afrikaanse werke sommer vanuit die staanspoor op die voorgrond getree: 'n baie geslaagde reeks

opvoerings van "Bruidjie Dit en Bruidjie Dat" is in Pretoria, Johannesburg en Springs aangebied. Dit was 'n verwerking van Mikro se Karoo-novelles deur Bosman de Kock. Hierdie opvoering was sō gewild, dat die publiek gekla het dat die speelvakke te kort en die skouburge te klein was!

Die "groot" Afrikaanse aanbieding van 1964 was Uys Krige se verwerkte vertaling van Shakespeare se "Twelfth Night". Ook hierdie stuk is baie geesdriftig deur die gehoor ontvang.

'n Ander opvoering wat TRUK in 1964 as bydrae tot die vierhonderdste herdenking van Shakespeare se geboortedag gelewer het, was "Hamlet". Dit was 'n strak produksie, groot van opset en het aan Shakespeare-liefhebbers, sowel as toneelgeesdriftiges, beslis veel stof tot nadenke gegee.

Die eerste twee operas wat in 1963 deur TRUK aangebied is, was "Tosca" van Puccini, en "Die Huwelik van Figaro" van Mozart. Die uitvoerings van "Tosca" is deur 11 400 mense bygewoon, en diē van "Figaro" deur 10 700 mense.

Teen die einde van 1963 is twee eenakter-operas in een program aangebied, naamlik "Sussana's Secret" van Wolf-Ferrari, en "Amahl and the Night Visitors" van Menoti. Hierdie aanbieding is ongelukkig baie swak bygewoon. Dit was egter te wyte aan die feit dat die uitvoering in die vakansie plaasgevind het.

In 1964 is "Sussana's Secret", sowel as 'n balletprogram, op verskeie plattelandse dorpe aangebied. Oral was die reaksie baie geesdriftig. Dit het TRUK laat besluit om hierdie kunssoorte meer dikwels in die nie-stedelike gebiede aan te bied.

Daar is ook in 1964 'n aanvang gemaak met die aanbieding van skole-operaprogramme. 'n Groepie sangers het 'n program in die skole aangebied wat gewoonlik bestaan het uit 'n "Inleiding tot die Opera", aangevul met die eenakter, "Die Blinde Bedelaar".

As daar een gebied is waarop TRUK gedurende die eerste jaar van sy bestaan 'n werklik verblydende en positiewe peil gehandhaaf het, was dit dié van ballet. In 1963 is "Giselle", "Capriccio" en "Swane=meer" opgevoer.

Reeds in 1964 het TRUK 'n sterk, permanente balletgeselskap saam=gestel. Die belangstelling wat hierdie verhoogkuns nog steeds oral in die land geniet, dui daarop dat Suid-Afrika se beste dansers nie noodwendig meer oorsee 'n loopbaan of 'n heenkome hoef te vind nie.

Altesaam 37 skole is in 1963 deur TRUK se balletgroepe besoek, terwyl 'n toerprogram op ses plattelandse dorpe aangebied is.

Gedurende 1963 is TRUK se musiekafdeling gestig, en voor die einde van die jaar is 48 musiekkonserte deur meer as twintig kunstenaars op die platteland aangebied. In 1964 is daar 113 uitvoerings in totaal op die platteland en in die stede aangebied. Die mees geslaagde aanbiedings in daardie jaar was dié van die "Kathleen Alister-ensemble" (harp, viool en fluit), en die besoek van die Suid-Afrikaanse sopraan, Joyce Barker, aan haar geboorteland. Sy is begelei deur Hennie Joubert.

In 1963 is daar ook gebruik gemaak van die S A U K-orkes om, in samewerking met TRUK, orkesmusiek bekend te stel aan die skooljeug en plattelandse volwassenes. 'n Totaal van 47 000 mense het die uitvoerings, aangebied deur TRUK-musici en die S A U K-orkes, in 1963 bygewoon.

TRUK het op 1 Januarie 1965 begin om sy eie orkes saam te stel. Prof Leo Quayle, voorheen hoogleraar in Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, is as dirigent aangestel. (1)

In 1965 het mnr Bosman de Kock in "Die Brandwag" geskryf dat die rolprent nie 'n bedreiging inhou vir die lewende teater nie. Is dit dalk omdat mense in die teater iets vind wat die silwerdoek nie kan bied nie? Mense besoek die teater om baie redes. Daar is die sosiaal-ingestelde teaterganger vir wie dit ondenkbaar is om 'n openingsaand mis te loop. Vir hom is dit belangrik om een te wees

---

1. Die Uitvoerende Kunste van die vier provinsies, in, Lantern, vol. 13, no. 4, Junie 1964, pp. 62 - 69.

van 'n swieriggeklede gehoor, asook om die opwinding van 'n eerste voorstelling te smaak. Dan is daar dié wat hulle graag die ware teaterliefhebbers noem, omdat hulle geestelike verryking in die teater vind. En dan is daar die normale, moderne mens wat van 'n verskeidenheid van vermaak hou, of dit nou sport, bioskoop, teater, dans of wat ook al is. Die hele groot teaterpubliek met indi= viduele voorliefdes vir toneel, opera, musiek en ballet het egter een ding in gemeen: hulle hou van die lewende teater, daardie uitvoerende kunsvorm wat nooit twee keer presies dieselfde is nie. Dit is miskien die grootste rede waarom die teater bly voortbestaan, naas "ingemaakte" vermaak in al sy vorms.

Die persoonlike wisselwerking tussen die kunstenaars op die verhoog en gehoor, is miskien die grootste faktor wat die lewende teater lewend hou. Elke voorstelling, of dit toneel, opera, 'n solomusiekkunstenaar of wat ook al is, is elke keer as't ware 'n nuwe skepping; want geen kun= stenaar se vertolking is elke aand presies dieselfde nie. Hoe langer hy byvoorbeeld 'n rol vertolk in 'n drama of komedie, hoe inniger word die vertolking, mits hy 'n goeie kunstenaar is. Hierdie noue band tussen die verhoog en gehoor ontbreek by die rolprent.

Omdat die teater 'n baie ouer tradisie as die rolprent het, word daar baie meer vir die teater geskryf as vir die rolprentwese. Toneelgangers hou van óf klassieke stukke of van 'n geheel nuwe stuk, en met albei soorte word daar gedurig proefnemings gedoen om nuwe, interessante maniere van aanbiedings te vind.

In Suid-Afrika is die ballet "Neutkraker" in 1964, sonder die tradisionele pouses, aangebied. Alle toneelwisseling het in volle sig van die gehoor plaasgevind. Verskeie toneelstukke en operas het van dieselfde tegniek gebruik gemaak. So byvoorbeeld het TRUK se eerste twee toneel= aanbiedings in 1965 dieselfde soort inkleding openbaar.

Die teater en die rolprent is twee paaie wat langs mekaar loop. Soms kruis hulle, maar die een gaan nooit die ander vervang nie. (2)

TRUK fungeer in die digbevolkste provinsie van Suid-Afrika. In 1967 is 'n verskeidenheid van programme aangebied wat bestaan het uit 1 114 opvoerings voor 'n totale gehoor van 461 965. As in gedagte gehou word dat hierdie opvoerings aan 'n baie wyd verspreide bevolking in dorpe en stede aangebied is, dan kan die syfers slegs as indrukwekkend beskou word. Sedert 1963, toe die Streekrade in die lewe

---

2. DE KOCK, B., Sal die film die teater verdring?, in, Die Brandwag, vol. 29, no. 4, 9 April 1965, pp. 8-11.

geroep is, het die bywoningsyfer van TRUK se gehore van net oor die 200 000 tot meer as 'n half-miljoen gestyg. Soortgelyke proporsionele stygings is ook in die ander drie provinsies van Suid-Afrika opgemerk.

'n Belangrike funksie van die Streekrade vir Uitvoerende Kunste is die voorbereiding van die skoolgaande kind, om as 'n volwaardige lid van die gehoor van die lewende teater te ontwikkel. Programme word gereeld dwarsdeur die land in skole aangebied. Die dramatisering van voor= geskrewe boeke in Engels en Afrikaans, word ook ingesluit.

Kindertoneel is ook deur die Streekrade in die lewe ge= roep. Engelse- en Afrikaanse toneelstukke word op sō 'n duidelike en eenvoudige wyse opgevoer, dat 'n kind die dialoog maklik kan volg, selfs al is die taal nie sy moeder= taal nie. Die gehore, hoewel hulle baie jonk is, betuig hul waardering altyd spontaan en geesdriftig. Benewens die toneelstukke vir kinders wat jaarliks in die belang= rikste stede aangebied word, word sommige toneelstukke dwarsdeur die provinsies op toer geneem.

Die Johannesburgse Stadskouburg wat sitplek bied vir 1 120 mense, is in 1963 ingewy. Dit word deur die Stadskouburgtrust beheer en is die tuiste van TRUK se opera- en balletaanbiedings. Plaaslike en buitelandse aanbiedings van musiekblyspele, vaudeville, musiek= konserte en toneelstukke, deur onafhanklike regisseurs en besture, word ook in hierdie skouburg op die planke gebring. (3)

"Mattewis en Meraai" is in 1971 in die Transvaal opgevoer. Dit was P G du Plessis se verwerking van Mikro, se skets oor "Gonnakolk". Was dit miskien die tipe toneel wat die Afri= kaner van die twintigste eeu na die teater sou trek? Volks= toneel in die ware sin van die woord, volkome pretensieloos en, vir almal, die lag met die traan? Deftige skouburge, indrukwek= kende dekors, ingevoerde toneelstukke en regisseurs, asook der= duisende rande kon nie vermag wat nou aan die ontluik was nie. Die teatersku Afrikaner het skielik in 'n geesdriftige toneel= ganger verander. In Pretoria het die kleindorpse vrou, "Meraai" honderde mense vier weke lank voor stampvol sale laat omdraai.

---

3. SUID-AFRIKA (Republiek). Dept. van Inligting, Jaarboek 1977, pp. 749, 751.

In Johannesburg waar leë stoele tradisioneel 'n Afrikaanse toneelspeler se gehoor uitgemaak het, het "Mattewis en Meraai" nie net aand ná aand al die beskikbare sitplekke gevul nie, maar ook elke beskikbare trap ... Daarna is dit 'n verdere vier weke lank in Pretoria opgevoer, nog steeds voor stamp=vol sale. Weer eens moes baie terleurgesteld omdraai omdat hulle nagelaat het om vroegtydig hulle sitplekke te bespreek. Hierdie toneelstuk is ook op die platteland van al vier provinsies aangebied.

Kort voor die opvoering van "Mattewis en Meraai", is die sukses wat behaal is met die aanbieding van Ampie en sy ou Jacob in Transvaal, as onoortrefbaar beskou. Toe verskyn Meraai en haar Mattewis egter op die toneel, oortref al "Ampie" se bywoningsrekords by verre en oorskry boonop, die eerste keer in die geskiedenis, die onderskeie Streekrade se streng toneelgrense.

Volkstoneel moet volgens Truida Louw, dieselfde aantrekkings=krag uitoefen as rugby. 'n Toneelstuk moet dus opgevoer word wat aanklank vind by 'n groot deel van die publiek en nie slegs by 'n klein groepie nie. Dit moet binne die begrips=vermoë van die meeste mense lê, maar voorsorg moet ook getref word om nie die intelligente teaterganger te beledig met die standaard van die opvoering wat hom aangebied word nie. As hierdie spesifieke doel nie nagestreef word nie, kan enige "gemors" opgevoer word, onder die dekmantel dat die mense dit sogenaamd verstaan.

Mense van afgeleë plekke moes tydens die opvoering van "Mattewis en Meraai" in Johannesburg, op die trappe sit. Gevolglik is die speelvak verleng.

'n Drie weke lange toer is deur die Transvaalse platteland onderneem, terwyl hierdie toneelstuk ook in Durban, Welkom, Bloemfontein, Kaapstad en op Stellenbosch opgevoer is.

Met inagneming van Suid-Afrika se klein bevolking, is dit onwenslik dat die onderskeie Streekrade dieselfde toneelstuk afsonderlik sal opvoer - daar moet liefs van 'n uitruilskema gebruik gemaak word.

Die teaterwêreld gis nog steeds oor die rede vir die onge=kende sukses van "Mattewis en Meraai" en ook van "Ampie". Daar is nie 'n grootskaalse publisiteitsveldtog vir dié twee Afrikaanse toneelopvoerings van stapel gestuur nie. Inteendeel, oor "Mattewis en Meraai" is daar bykans niks vooraf geskryf nie. Mev Truida Louw is van mening dat dit nooit publisiteit of resensies is wat die mense na 'n Afrikaanse toneelopvoering trek nie, maar gunstige oorver=telling. Is dit dus die eenvoud, die ongekunsteldheid van die karakters, die pretensieloosheid van die stof, die boere=humor, of dalk die lag met 'n traan, wat die Afrikaner, in hierdie gekompliseerde samelewing van wetenskap en megani=sasie, na die teater teruggebring het?

THE STAR 15 AUGUSTUS 1977

# Threat to theatres, pop tours

HARASSED impresario Ronnie Quibell was even more worried than usual this week. And this time it wasn't integrated audiences, visas or work permits for visiting artists that were getting him down.

By MICHAEL VENABLES

It was the fear that his two main venues in Johannesburg and Durban — the 2 200-seat Colosseum and the 1 750-seat Playhouse — might be demolished next year, leaving him with no theatre in either city large enough to support major stars from overseas.

"I've got to have big houses to make these tours pay," he said. "And Johannesburg and Durban have no other theatres of adequate size.

"There is the Film Trust Arena in Johannesburg, which can hold more than 6 000 people, but few of the stars I import would consider playing in a venue of that kind.

"His Majesty's and the Civic Theatre in Johannesburg hold only around 1 100 each, and Durban's only other theatre, the Alhambra, is even smaller."

Kinekor, who rent the Colosseum from Sanso Ltd and the Playhouse from a Durban company, deny any knowledge of plans to demolish either building in the foreseeable future.

But the demise of the Colosseum has been on the cards for some years, since it occupies valuable land in the central city which its income doesn't justify.

The Playhouse has been leased to Kinekor for many years at a low rental, but it is believed the lease is due to expire soon.

Two other Kinekor houses in Johannesburg, the Empire Theatre and the 20th Century Cinema, have already succumbed to financial pressures — the Empire making way for a combination of the new three-cinema Kine Centre and a highrise office block, and the 20th Century still awaiting demolition.

If Mr Quibell is right about the Film Trust Arena not suiting his artists, then the prospects for future tours by overseas pop stars are indeed bleak — for without Johannesburg's big audiences it would be hardly worth his while to bring them in for coastal cities only.

And nobody is likely to be building 2 000-seat theatres for some time.

THE STAR 27 AUGUSTUS 1976

# TV concerts 'won't help'

Televised symphony concerts and operas will not help to create a new generation of concert and opera lovers.

So said Professor Chris Swanepoel, head of the music department at the University of the OFS at the musicological congress held at Wits.

A "converted viewer" who likes televised music, says Professor Swanepoel, is usually disappointed when he goes to a live concert.

There he finds a lack of details, of close-ups (of the player's hands, for instance) and of presence.

Another damaging influence of the TV age is on amateur music and music in the home. This, says Professor Swanepoel, has been evident in England and Germany. Home music had always previously fostered a strong interest in music.

THE STAR 27 AUGUSTUS 1976

## Call for umbrella body

South Africa may get a National Music Council if a suggestion by the Third Musicological Congress in Johannesburg is accepted.

The congress adopted a motion calling on the Committee of Heads of University Music Departments (CHUM) to approach the authorities suggesting the establishment of an umbrella body to co-ordinate all matters pertaining to music in South Africa.

The proposal was first made by Professor Chris Swanepoel who mentioned examples of disorganisation in music matters, such as the apparent discrimination in payment of subsidies to musical organisations.

# Emphasis must be on youth

**The third annual Musicological Congress, held at Wits University recently, was attended by music academicians from all over the country. JAAP BOEKKOOI reports.**

**The main challenge for South Africa's performing arts councils and centres is to find new audiences among young people, says Professor Douglas Reid, of Wits University's Music School.**

Of all the speakers at the Third Musicological Congress in Johannesburg Professor Reid came up with most suggestions on how music can be fostered among new generations.

Professor Reid's suggestions ranged from Arts Boards for all ethnic groups to concerts for the Defence Force, "Composer's Theatre," bi-annual festivals of chamber music, youth arts boards, youth concerts outside schools, youth concerto festivals and junior orchestras allied to performing arts councils.

Capab, said Professor Reid, had helped form two youth orchestras in Stellenbosch and one in Cape Town, while Pacofs had promoted the Free State Youth String Orchestra.

"During the last seven years far more emphasis has been placed in South Africa on the teaching of orchestral instruments than ever before, accelerated by the Transvaal Education Department's 48 new music centres.

"With more capable young orchestral musicians ... there is more reason for the founding of more youth orchestras."

Such orchestras, said Professor Reid, should not only cater for classical musicians.

Jazz ensembles of young musicians should be invited to music festivals as well. Each Arts Board should also sponsor its own youth choir.

Professor Reid's suggestion about a "Composer's Theatre" is a novel one.

Music and drama departments would work together to present dramatised extracts from the lives of composers with samples of their music on a stage divided in two: one part for the actors and the other for the performing musicians with spotlights on each act.

"Today we are challenged by TV and a severe economic crisis.

"If we are to survive these artistically . . . we must direct more concerted attention to encouraging music, particularly among our youth.

"Meet this challenge and the future is secure," Professor Reid concluded.

DIE VOLKSBLAD 13 JANUARIE 1978

# Kruik se planne met jeugtoneel

In opvolging van sy onlangse aanstelling as artistieke direkteur van Kruik - jeugtoneel, het Peter Curtis reeds daarin geslaag om 'n geselskap van sewe talentvolle, tweetalige jong spelers op die been te bring. 'n Opwindende program en riglyne vir die jong geselskap is ook neergelê.

Eileen Thorns, wat die afgelope vyf jaar met Kruik se jeugprogram bedrywig was, bly aan as organiseerder en artistieke leier van die geselskap. Hoewel die meerderheid van die spelers in die geselskap nog in hulle vroeë twintigerjare is, het hulle almal 'n deeglike akademiese agtergrond en 'n hele paar het beroepsondervinding van Truk se Speelwerkgroep en met Swaruk.

Die geselskap bestaan uit Alan Goldstein, Neil Henderson, Jonathan Rands, Maria Schoeman, Murray Steyn, Isabella Trengrove en Fiona Stuart-White.

Hoewel Kruik nog altyd die belange van die jeug op die hart gedra het, was dit grotendeels gesentreerd in die dramatisering van voorgeskrewe werke vir matriekleerlinge. Hierdie belangrike taak sal nog altyd 'n groot deel van die jeugteater se bedrywighede uitmaak, maar ter aanvulling sal programme wat spesiaal vir laerskoolleerlinge saamgestel is, gedurende skoolure aangebied word.

Vollengte stukke vir die jeug sal in die middae, in die vroeë aand en op Saterdagoggende by die Nico Malan - teater opgevoer word. Daar sal ook voortgegaan word met die gewilde projek waarvolgens kinders in die laer ouderdomsgroep op 'n geleide toer van die Nico Malan - kompleks geneem word om met die teaterkonsep kennis te maak.

As verdere aanmoediging vir begaafde studente en jongmense wat in die toneel as loopbaan belang stel, word 'n Toneelvereniging in die vooruitsig gestel om hulle in nouer voeling met die teater te bring.

Bo en behalwe die leersame sy van Kruik - Jeugteater, sal een van sy hoofmikpunte wees om jong mense tot die besef te bring dat die toneel daar is om geniet te word. Op hierdie wyse sal gestreef word om 'n nuwe waarderende en geesdriftige teaterpubliek daar te stel.

Miskien spruit die sukses van dié stukke uit die behoefte van die mens om sy eie te sien, veral om die eie herkenning. Die feit dat 'n mens jou met iemand op die verhoog kan ver= eenselwig, is juis so noodsaaklik vir die toneel. Al is dit dan nie jouself nie, is dit miskien 'n oom of 'n tante. Handel die stuk oor jou eie mense, kom die herkenning soveel gouer. Jochem van Bruggen en Mikro het die plattelandse Afrikaner dan ook deeglik geken en kostelik geteken. (4)

Die Engelse teater word in Johannesburg goed ondersteun, in der waarheid van die beste in Suid-Afrika, indien die grootte van die bevolking in aanmerking geneem word.

In 1975 het daar veertien aktiewe teaters in Johannesburg bestaan - almal met goeie produksies. In hierdie jaar was die bywoningsyfer ook besonder hoog. In 1976 het daar egter 'n daling in die bywoningsyfer voorgekom, hoofsaaklik as gevolg van die koms van televisie. Nuwe teaters is geopen en die aanvangstye is aangepas by die televisietye. "Sound of Music", 'n baie duur produksie wat in 1976 aangebied is, het egter sō 'n entoesiastiese reaksie van die kant van die gehoor uitgelok, dat die groot koste wel geregverdig was.

Nie alle vertonings word goed bygewoon nie. Goeie produksies trek egter nog steeds groot gehore, nieteenstaande die feit dat toegangspryse verhoog is en ten spyte van televisie. 'n Ondersoek aangaande Engelse produksies oor 'n tydperk van agtien maande, en wel vanaf Januarie 1975 tot 30 Junie 1976, bring interessante statistieke aan die lig. In Johannesburg alleen is daar sewe-en-twintig dramas, tien komedies, sewen= tien revues, drie rillers en vyf kindervertonings aangebied. Die aantal vertonings in 1975 en 1976 het min of meer dieselfde beloop, behalwe dat dertien revues in 1975 en drie in die eerste helfte van 1976 op die planke gebring is. "Ipi-Tombi" hou tans die rekord vir die langste speelvak vir 'n musiekblyspel, naamlik honderd-twee-en-twintig weke. Dit is voor 'n totaal van 'n half-miljoen mense aangebied. (5)

## 6.3 DIE KAAPLANDSE RAAD VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE (KRUIK)

Met die aanvang van toneel in Kaapland in 1963, het dit reeds 'n voorsprong geniet. Die werk wat N T O soveel jare lank verrig het, is

---

4. ENGELBRECHT, H., Almal is dol oor Meraai!, in, Die Huisgenoot, vol. 42, no. 2578, 3 September 1971, pp. 39, 41.
5. KNIGHT, N., English language theatre, in Artlook, vol. 10, no. 1, Januarie/Februarie 1977, pp. 18 - 19.

in werklikheid nooit gestaak nie: toe die N T O ontbind is, het 'n tussentydse streektoneelraad opgetree, 'n raad waarvan KRUIK later die teuels kon oorneem.

'n Volwaardige stuk, "Do you know the Milky Way?" deur Karl Wittlinger, was trouens tydens die oorname deur KRUIK nog in produksie. Dit is met groot welslae voor Oos-Kaaplandse gehore opgevoer. Terselfder=tyd is "Die Hemelbed" oorgeneem en dië stuk het in Noordwes-Kaap=land, sowel as in die Vrystaat, groot gehore getrek. Daarbenewens is tussen Julie en September 1963, honderd-en-negentien skoolop=voerings aangebied.

KRUIK moes egter dadelik met 'n eie stuk van formaat na vore kom. Vir dië doel is Anhouilh se drama "Becket" op die planke gebring. "Die Jakkalsstreke van Scapino" is voor skoolgehore opgevoer.

Ná die sukses van "Becket" (in Engels), 'n Suid-Afrikaanse premiëre, is Ibsen se meesterdrama "Hedda Gäbler" (in Afrikaans), in Januarie 1964 aangepak. Dit is in Februarie gevolg deur Dürrenmatt se op=spraakwekkende "The Physicists", asook 'n unieke, Afrikaanse literêre revue, "Dit kom van Ver Af". Laasgenoemde het groot wel=slae behaal en is vir KRUIK saamgestel deur Jannie Gildenhuys en Limpie Basson. Dit was 'n uiting van die natuurlike ontwikkeling van 'n kunsvorm wat in die jeugtoneelgroep van N T O geskool is. Hierdie suksesstuk is gevolg deur "Ring Round the Moon" deur Anhouilh en "Die Erfgename", 'n verwerking deur Ruth en Augustus Goetz van Henry James se novelle "The Heiress". Skoolprogramme is ook ingestudeer en aangebied.

'n Besonder hardwerkende groepie spelers, naamlik Val Donald, Anne Porter en Fitz Morley, het 'n uitgebreide toer deur Oos-Kaap=land onderneem: soggens het hulle skoolprogramme aangebied en saans is "A Phoenix too Frequent" deur Christopher Fry, in biblioteke opgevoer.

Die grootste stuk wat in 1964 deur KRUIK aangepak is, was D J Op=perman se versdrama "Vergelegen".

In 1964 kan KRUIK se beleid ten opsigte van die keuse van stukke reeds duidelik onderskei word: klassieke stukke ('n Shakespeare-program is in 1964 aangebied), die jongste eie-tydse stukke (soos "The Physicists"), asook stukke wat die afgelope vyftig jaar bekend=heid verwerf het, geniet voorrang. Daarby moet plaaslike stukke gevoeg word, hetsy in Engels of Afrikaans, waarvan KRUIK minstens een per jaar opvoer, soos byvoorbeeld "Vergelegen".

Dit is ook KRUIK se beleid om ten minste agt tot tien volle opvoerings per jaar aan te bied, naamlik vyf in elk van die twee landstale.

Groot vordering is ook op die gebied van musiek gemaak. In 1963 is 'n reeks van drie konserte tydens die Desembervakansie-seisoen in Kaapstad gereël. Daarbenewens het die kore van die universiteite van Stellenbosch en Rhodes gedurende die universiteitsvakansies deur groot dele van Suid-Afrika getoer.

In die volvoering van sy taak, naamlik om die Uitvoerende Kunste te bevorder, het KRUIK op groot skaal gebruik gemaak van reeds bestaande organisasies, eerder as om hulle te vervang. Op die gebied van musiek is daar byvoorbeeld 'n affiliasie-stelsel uitgewerk. Daarvolgens kon Kaaplandse musiekverenigings die optredes van bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars bywoon, tydens 'n gewaarborgde reeks van vier konserte per jaar. Hierdie konserte is ook, nā voorkeurbespreking, vir die publiek oopgestel.

Gedeeltelik om dieselfde rede is daar besluit om die bekende ballet=geselskap van die Universiteit van Kaapstad te steun, eerder as om 'n eie balletgeselskap op die been te bring. In Maart/April 1964 het hierdie geselskap sy eerste reis vir KRUIK onderneem, en wel met 'n besoek aan Oos-Kaapland. (6)

---

6. Die Uitvoerende Kunste van die vier provinsies, in Lantern, vol. 13, no. 4, Junie 1964, pp. 69 - 70.

Die Nico Malan-teatersentrum op die voorstrand in Kaapstad, is in 1971 ingewy - betyds vir die tiende herdenkingsfees van die Republiek van Suid-Afrika. Die Operahuis het eenduisend-twee-honderd sitplekke, terwyl die Dramateater oor vyfhonderd-en-twintig sitplekke beskik. Diē teatersentrum word deur KRUIK bestuur. (7)

In 1972 is daar 'n aanvang gemaak met "Puppet Space" by die "Space Theatre" van die Universiteit van Kaapstad. Die "Puppet Space" het tot en met 1975 vyf seisoene beleef. Hierdie poppekasvertonings word gedurende skoolvakansies aangebied.

Aanbiedings vir voorskoolse jeug, skoliere, tienderjariges en vol=wassenes, verskil aansienlik.

Gedurende die Universiteit van Kaapstad se Somerskool in 1975, is die poppekasvertonings aangebied voor gehore van alle ouderdomme. Kinders, sowel as volwassenes, het dit terdeë geniet.

> "Puppetry is experiencing a modern renaissance and is recognised today a major dramatic art on a par with 'human' theatre, ballet and opera". (8)

Op 1 Augustus 1977 is die Baxter-teaterkompleks by die Universiteit van Kaapstad ge-open. Dit is geleë op die hoofweg in Rosebank en bestaan uit 'n teater, konsertsaal en ateljeeteater. Die Kaapse gehoor het dit baie entoesiasties in ontvangs geneem.

"Die Baxter", beide in teorie en praktyk, is meer as 'n kombinasie van teater, konsertsaal en ateljee: dit voorsien die Universiteit van verskillende opwindende, asook funksionele oppervlaktes wat gevolglik heelwat afwisseling bied en vir 'n verskeidenheid van ge=leenthede gebruik kan word.

---

7. SUID-AFRIKA (Republiek). Dept. van Inligting, Jaarboek 1977, p. 749.
8. HERZBERG, L., Puppet Space, in Artlook, vol. 8, no. 5, Oktober/November 1975, p. 26.

DIE BURGER 10 AUGUSTUS 1977

# Baxter-triomf

DIE NUWE Baxter-Teater by die Universiteit van Kaapstad is nou in elke opsig beproef. In sy eerste week kon die publiek en die kunstenaars elke faset op die proef stel: daar was ballet, opera, toneel, musiek, die hele spektrum van die uitvoerende kunste. Hoe het die Baxter gevaar?

Ons het 'n voorste kunstenaar en vakkenner gevra om die teater uit die oogpunt van 'n regisseur te bespreek. Prof. **Robert Mohr.**

Dis 'n triomf, sê hy. „Dit werk esteties. Dis funksioneel, maar sierlik. Dis 'n groot gebou, maar die massas is in fyn proporsies, die lyne elegant, en die materiale natuurlik, soos die pragtige berghang waarteen dit staan. Dis 'n ding van ruimte en lig, wat die gees opbeur.

„Die natuurlike baksteen, die dak wat sy kleur kry deur die roesproses van die Kaapse stormreëns, en die landskap en tuine wat natuurlik in en uit die foyers vloei, maak dat 'n splinternuwe gebou so tuis is in sy omgewing asof dit eeue lank daar staan.

„Die Baxter werk vir die gehoor. Op elkeen van die vlakke waar mens die yslike foyer binnekom, betree jy 'n ruimte wat lééf . . . Die balkonne is restaurants waar mens jouself bedien met eenvoudige, smaaklike kos, van die soort wat lekker pas by 'n aand van pretensielose genot . . ."

Prof. Mohr vervolg: „Met die sorgvuldigste beplanning kan 'n teater 'n fiasko wees wat miljoene rande kos, en die toneel 'n groot ondiens doen. Die eerste opvoering is die enigste werklike toets, en is spanningsvol vir almal. Die Baxter se toerusting is basies, maar uitstekend. Daar is geen orkeshysers, draaitonele of ander luukse-pretensies wat regisseurs tot vertoonsug verlei nie. Daar is vliegwerk en 'n agter- en syverhoog vir flinke toneelwisseling, 'n manjifieke beligtings-installasie, en ruimte.

„Al wat kortkom, is 'n regisseur, sy medewerkers, 'n groep spelers, iets wat hulle wil sê, en die verbeelding en vaardigheid om dit effektief te sê.

„Die Baxter wag, soos 'n leë vaas, dat sy ware funksie vervul word deur verantwoordelike gebruik.

„Die dag voordat 'n genooide gehoor die eerste proef-opvoering van n toneelstuk daar sien, stap ek en my groepie studente-spelers die teater binne. Ons verwag dat dit ons sal intimideer, maar dit gebeur nie. 'n Opwinding pak ons. Die teater is vriendelik, soos die span tegnici wat ons verwelkom.

„Sal die stuk wat ons met sorg en liefde in 'n repetisie-kamer voorberei het gans verlore raak op die ontsaglike verhoog? Inteendeel, die verhoog bevry die liggame en stemme van my bloedjong spelers. Hulle blom behoorlik in hierdie sierlike vaas. Alles tegnies is daar om die kunstenaars so flink moontlik te dien. Afgesien van 'n menslike glipsie hier en daar, is dit die ene vreugde.

„Ek het verkies om die teater aan die publiek te onthul deur hulle die teater self te laat sien, met 'n groep jong spelers wat dit vreugdevol betrek. Dus kies ek 'n uitnemende teks, Shakespeare se As You Like It, wat geskryf is vir 'n kaal verhoog. Ek gebruik 'n paar toue, 'n wipplank, klank en beligting op 'n kaal verhoog.

„My kollegas, wat die ander werke in die openingseisoen opvoer, moet uit die aard van hul media die dekormoontlikhede van die teater bekend stel en uitbuit. Met sy ballet, A Midsummer Night's Dream, skep **David Poole** 'n fleurige fees vir die oog. Met die Suid-Afrikaanse première van Poulenc se tragiese opera Dialogues des Carmelites triomfeer die akoestiek vir musiek en sang.

„My taak is die gesproke woord, die grootse teks, en die klem is op stuk en speler. Die toets is van die veeleisendste. Die verantwoordelikheid angswekkend. Dit kos 'n teater jare om te herstel van 'n swak eerste indruk, veral ten opsigte van akoestiek en gesigslyne. En mense kry eers jou antwoord as die saal vol is op daardie eerste, belangrike aand. Triomf of fiasko? 'n Opvoering wat 'n fiasko is, is so onbelangrik soos die paar kneusplekke op mens se ego. 'n Teater wat 'n fiasko is, is 'n tragedie wat geslagte lank gevoel word.

„Die première is daar. Die saal zoem van opgewonde geselsery. Die mense is daar om te geniet, te toets, te kritiseer, en ook sommige om leliker redes. Die musiek klink op, die saalligte doof, seepglad koördineer die ingewikkelde apparate, die elektroniese geheues, en die menslike elemente. Een na die ander skuif gordyn na gordyn op om die yslike verhoog geleidelik aan die publiek te onthul.

„Uit die verre dieptes van die verhoog tree dertig jongmense in kleurvolle Renaissance-kostuums uit die duisternis dinamies na vore vir die groot oomblik. Eers applous, dan stilte. 'n Helder jong stem klink op en praat die eerste woorde, die woord van 'n onsterflike meesterstuk, wat in die nuwe teater opklink. Die moment is die groot toets. Die akoestiek is perfek. 'n Teater is gebore. Die Baxter *werk.*"

Só vat prof. Mohr die gebeurtenis saam: „Die Universiteit van Kaapstad, Wes-Kaapland en Suid-Afrika het 'n kultuurdinamo gekry wat geslagte lank 'n onskatbare bydrae kan lewer. Dis na my mening die beste teater wat ons het, en vergelykbaar met die beste wat ek ken.

„Wat die bydrae van hierdie teat
sal wees, hang nou af van die gebru
wat ons daarvan gaan maak. Gaan o
'n dinamiese kulturele opbloei b
werkstellig? Of gaan ons grote
duurder en meer pretensieuse ble
se en vulgariteite aan die publi
afsmeer? Die instrument is prim
Dis nou ons verantwoordelikheid o
dit suiwer te gebruik.

„Gehoor en werkers het gedurend
die openingseisoen Shakespeare
woorde gehoor:

*This wide and universal theatre pr*
*sents more woeful pageants than t*
*scene wherein we play it.*

„Dis nie per ongeluk dat ek hierd
komedie gekies het vir my eers
bydrae tot die Baxter nie. Te mid
van fleurige lughartigheid van d
blyspel word ons herinner aan d
betekenis en verantwoordelikhe
van die teater in ons daaglikse lev
En, reeds in hierdie vroeë stadiu
het die Baxter tot opwindende lev
gekom."

Sommige lede van die publiek is gewoonlik in formele aanddrag ge=klee, terwyl ander weer die aanbiedings in slenterdrag bywoon. Ten spyte van hierdie uiterlike verskille, vorm die gehoor nogtans 'n eenheid, sonder enige tekens van verleentheid of selfbewustheid. (9)

## 6.4 DIE NATALSE RAAD VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE (NARUK)

Die werksaamhede in die ander twee provinsies, Natal en die Vrystaat, moes noodwendig eers op die agtergrond geskuif word, ten einde die onderskeie organisasies en hul komitees die geleentheid te bied om op dreef te kom. Gevolglik het daar in die eerste jaar van NARUK se bestaan geen aanbiedings plaasgevind nie.

Ten spyte van die feit dat NARUK se eerste direkteur eers aan die begin van Januarie 1964 diens aanvaar het en dat die vaste personeel uit slegs drie amptenare bestaan het, is die volgende aanbiedings in Natal vanaf begin Februarie tot April 1964 van stapel gestuur: twee eie opera-uitvoerings, twee toneelstukke (54 aanbiedings), dertien musiekkonserte en "Hamlet" deur Shakespeare (15 aanbiedings).

Ten opsigte van die opera-aanbiedings, is daar hoofsaaklik van plaaslike talent gebruik gemaak, asook van die Durbanse Stadsorkes. Daar was in totaal ses uitvoerings van "Madame Butterfly", terwyl "Tales of Hoffmann" vyf keer aangebied is. In laasgenoemde opera het die "Ballet Natal" (die NARUK-balletgeselskap) opgetree.

In die loop van 1964 het "Ballet Natal" sestig demonstrasieprogramme by skole aangebied, terwyl 'n opelug-program teen die einde van Mei en begin Junie aan die beurt gekom het. Dit het opvoerings van "Les Sylphides" ingesluit.

Wat toneelopvoerings betref, het dit voor die wind gegaan. "The

---

9. CORNELL, D., The Bāxter theatre complex, in Planning and building developments, vol. 28, September/Oktober 1977, pp. 19, 25.

Private Ear" en "The Public Eye" deur Peter Schauffer, is twee weke lank in Durban aangebied, terwyl negentien opvoerings ook op die platteland van stapel gestuur is. Die bywoning was uitstekend - gemiddeld 80%.

Die geslaagde opvoering van "Hamlet" is moontlik gemaak deur 'n spesiale bewilliging deur die Natalse Provinsiale Administrasie. Dit het R8 5-0 bedra en het deel uitgemaak van die 400-jarige Shakespeare-herdenkingsprogram. Die toneelmeester was Norman Marshall, direkteur van die "National Theatre" in Engeland. Tien opvoerings is in Durban aangebied en vyf in Pietermaritzburg.

Die eerste Afrikaanse opvoering van NARUK onderneem het, was die spanningstuk "Lokval vir 'n Eensame Man". Dit is 'n week lank in Durban opgevoer met 'n bykomende twaalf aanbiedings op die platte= land.

Wat musiek betref, is daar besluit om van die dienste van reeds bestaande kunstenaars en ensembles gebruik te maak, asook van die Durbanse Stadsorkes. Op dië wyse is plaaslike talent bevorder. Ge= slaagde musiekkonserte is reeds in 1963 van stapel gestuur. So is daar byvoorbeeld gebruik gemaak van die "Barokspelers" ('n strykorkes), die bekende "Ad Artem-kwartet" onder leiding van Paul Martens en die "Studio-trio" (klavier, viool en tjello). Ander groepe wat ook meege= werk het, was die "Madrigal Singers", "Montpelier Players", die "Aeoliese Spelers" en "Kwartet".

In die beginjare het NARUK met baie probleme te kampe gehad. Dit het hoofsaaklik gespruit uit groeipyne en die gebrek aan geldelike steun deur die plaaslike owerhede. NARUK het byvoorbeeld aanvanklik oor geen repetisie-, garderobe-, of teaterfasiliteite van sy eie beskik nie. Toneelstukke moes opgevoer word in die Lyric-teater in Umbiloweg. [10]

---

10. Die Uitvoerende Kunste van die vier provinsies, in, Lantern, vol. 13, no. 4, Junie 1964, pp. 70 - 72.

In 1922 is die "Durbanse Stadsorkes" gestig en weer in 1977 ontbind as gevolg van finansiële probleme.

## 6.5 DIE STREEKRAAD VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT (SUKOVS)

Met die ontbinding van die N T O, het 'n era van professionele teaterbesoek in die Vrystaat tot 'n einde gekom. Die werksaamhede van 'n aantal amateurverenigings het egter op daardie stadium lank reeds onversteurd voortgegaan in Bloemfontein en op die platteland. Voorbeelde daarvan was byvoorbeeld die prominente "Bloemfonteinse Teatergroep", die "Bloemfontein Reps" (Repertory Society) en die "Shakespeare Circle". Eersgenoemde twee groepe bestaan nog in 1978.

In die Oranje-Vrystaat moes alles van nuuts af op professionele grondslag georganiseer word. Nogtans is veel in 1964 bereik, veral ten opsigte van musiek - 'n beroepskoor, asook 'n junior en 'n senior strykorkes is in die lewe geroep.

Toe die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat, onder die direkteurskap van mnr Rex Hugo, in 1963 in die lewe geroep is, is daar terdeë besef-dat die prentjie in die Vrystaat heel anders daaruit gesien het as in die ander provinsies. Waar laasgenoemde reeds jare lank oor gevestigde professionele organisasies en instellings soos orkeste toneel-, ballet- en operagroepe beskik het, moes al hierdie dinge in die Vrystaat van die grond af opgebou word. Heeltemal ten regte, kon die Streekraad nie aanvaar dat hy sy taak na behore sou kon vervul, indien hy geheel en al van inge=voerde produksies afhanklik sou bly nie.

Die rigting waarin die werksaamhede van SUKOVS gestuur is, blyk baie interessant te wees. In 'n mate het dit ook afgewyk van die vorm wat die aktiwiteite van die organisasies in die ander provinsies aangeneem het. Vir die doeltreffende hantering van aanbiedings, asook om terselfdertyd elke gemeenskap sy regmatige voordeel uit die

skema te laat trek, het die Streekraad besluit om die provinsie in substreke te verdeel. In elk van hierdie substreke word 'n komitee saamgestel waarin een verteenwoordiger uit elke gemeenskap dien. Hierdie verteenwoordiger word deur die Streekraad aangewys en kan óf 'n raadslid van die betrokke gemeenskap, óf bloot 'n geesdrif= tige ondersteuner van die kunste wees. Die benoeming van so 'n verteenwoordiger is uiters noodsaaklik, aangesien 'n gemeenskap andersins die voordele van die skema ontneem word. Wanneer die Streekraad die substreek met 'n aanbieding besoek, word die Sub= streekkomitee daarvan verwittig. Laasgenoemde moet dan besluit op watter sentrum in hul streek die aanbieding sal plaasvind. Indien besluit word dat die op- of uitvoering op dorp X aangebied sal word, geniet al die ander gemeenskappe in die substreek die voorreg van voorkeurbesprekings. Dit is dan die taak van die verteenwoordigers om toe te sien dat hulle betrokke gemeenskappe die voordeel daarvan trek.

Die Streekraad het gedurende die eerste jaar van sy bestaan 'n totaal van vyf-en-sestig aanbiedings van elf verskillende produksies, in sy streek gelewer. Buiten 'n reeks konserte wat aangebied is deur die "Oranje-kamerkoor", is al die produksies in 1963 ingevoer, hoofsaaklik met die medewerking van TRUK en KRUIK.

In sy kort bestaan tot 1964, het die Streekraad daadwerklike stappe gedoen om professionele groepe tot stand te bring. Die "Oranje-kamerkoor", 'n voltydse professionele koor, het met sy eerste kon= sertreis 'n baie hoë standaard gestel, 'n mylpaal waarop die Streek= raad (SUKOVS) met reg trots kon wees.

SUKOVS, tesame met die Provisniale Administrasie en die Universiteit van die O V S, het verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhou= dingskoste van die "Vrystaatse Strykkwartet".

'n Vrystaatse balletgroep is ook op die been gebring. Dit dien as corps-de-ballet vir groter opvoerings, terwyl die hoofdansers daarvoor ingevoer kan word. Selfstandig lewer dit ook aanbiedings in die provinsie.

In die beginjare het SUKOVS ook sy eie toneelgroepie saamgestel, wat voorlopig skole sou besoek en as kern sou dien vir die Streek=raad se groter produksies. SUKOVS het dit juis moeilik gevind om toneelaanbiedings van elders te bekom, waarmee veral die platteland bedien kon word.

As gevolg van 'n tekort aan plaaslike professionele toneelspelers, moes SUKOVS vir sy opvoering van "A Midsummer-Night's Dream", asook vir die Gala-openingsaand van sy Shakespeare-fees, in 1964, in 'n groot mate van amateurspelers gebruik maak.

"The Merchant of Venice" is in 1964, in samewerking met die "Wel=kom Amateur Dramatic Society", op die planke gebring en te Welkom, Virginia, Odendaalsrus, Kroonstad en Bloemfontein opgevoer. Dit het aan die toneelspelers van die Vrystaatse Goudvelde die geleent=heid gebied om deel te neem aan 'n toneelopvoering waarvan die opset werklik groots was. Die plaaslike belangstelling is ook ge=prikkel.

Ander belangrike aanbiedings deur SUKOVS in 1964, het die volgende ingesluit: 'n konsertreis deur Joyce Barker; "Sagmoedige Neelsie", 'n huldigingsprogram ter ere van wyle C J Langenhoven, deur SUKOVS se eie groep toneelspelers; 'n eie aanbieding van "Die Fledermaus" van Strauss, met Leo Quayle as dirigent van die orkes; 'n reeks kamermusiekkonserte deur die "Vrystaatse Strykkwartet"; 'n kon=sertreis deur die "Wiener Trio"; 'n besoek van die balletgroep van die Universiteit van Kaapstad met 'n aanbieding van "The Sleeping Princess"; twee reekse konserte deur die "Oranje-kamerkoor" en 'n reeks aanbiedings deur die "Vrystaatse Balletgroep".

Onder die beskerming van SUKOVS het die operageselskap van die Universiteit van Kaapstad die Vrystaat in 1964 besoek. "Othello" van Verdi en "Don Pasquale" van Donizetti is uitgevoer.

Een van die hoogtepunte in 1964 was die toneelaanbieding "Sagmoedige Neelsie". Dit het 'n rekord geslaan wat betref die bywoningsyfer

deur die publiek. [11]

Mnr Rex Hugo is op 1 Julie 1969 as direkteur van SUKOVS opgevolg deur mnr Schalk Theron.

Die vernaamste uitbreiding by SUKOVS was die toevoeging van die "Oranje-Vrystaatse Simfonie-orkes" in 1974. Hierdie orkes word deur SUKOVS geadministreer en ontvang die nodige fondse van die Provin=siale Administrasie.

Aansienlike administratiewe probleme is geskep as gevolg van die verhuising van die hoofkwartier van SUKOVS na die ou "St Michaels=skool." Die Streekraad moes sy werksaamhede hier onder baie moeilike en soms ongerieflike omstandighede voortsit.

Mnr S W Theron het in sy jaarverslag van 1974 gemeld, dat daar nog steeds probleme bestaan het wat eie was aan die Oranje-Vrystaat: daar was 'n behoefte aan 'n voltydse koor wat as ensemble of as operakoor kon optree; 'n balletgroep moes gestig word; die "Oranje-Vrystaatse Simfonie-orkes" moes uitgebrei word; 'n operahuis met 'n redelike groot ouditorium, asook 'n konsertsaal, was 'n groot leemte in Bloemfontein; 'n permanente Jeugteatergroep moes in die lewe geroep word; 'n ruim konsertsaal met sy eie toerusting was en is noodsaaklik - die stadsaal is nie geskik vir musiek- en orkes=uitvoerings nie.

Daar is ook in die 1974-jaarverslag gemeld dat SUKOVS verwag het dat die koms van televisie 'n voorlopige uitwerking op die bywo=ningsyfers sou uitoefen. Daarom is daar beplan om programme sô saam te stel, dat daar nie voor leë sale opgetree sou word nie. So byvoorbeeld is toneelopvoerings reeds in die saal van die ou "St Michaelsskool" aangebied, waar eenhonderd-en-tagtig sitplekke beskikbaar was. 'n Langer speelvak en 'n groter keuse van meer

---

11. Die Uitvoerende Kunste van die vier provinsies, in, Lantern, vol. 13, no. 4, Junie 1964, pp. 72 - 73.

aande per week vir die publiek, sou hier bestaan. Sodra dit bekend was wat die televisieprogramme sou behels, sou dit selfs moontlik wees om SUKOVS se "af-aande" wat betref musiek- en orkesuitvoerings, te bepaal.

S U K O V S 1974

BALLET

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING |
|---|---|---|
| TRUK - Ballet | | |
| COPPèLIA | | |
| 19 - 23 Maart 1974 | Bloemfontein | (4) 2 983 |
| 26, 27 Maart 1974 | Welkom | (3) 1 757 |
| New London Ballet | | |
| 22 Junie 1974 | Welkom | (3) 1 038 |
| 25 - 29 Junie 1974 | Bloemfontein | (6) 1 819 |
| 1 - 6 Julie 1974 | Johannesburg | (8) 7 910 |
| 8 Julie 1974 | Klerksdorp | 813 |
| | Carletonville | 265 |
| 10 - 13 Julie 1974 | Pretoria | (5) 3 831 |
| 16, 17 Julie 1974 | Pietermaritzburg | (3) 1 841 |
| 18 Julie 1974 | " (nie-blank) | 664 |
| 22, 23 Julie 1974 | Oos-Londen | (3) 1 058 |
| 24 - 27 Julie 1974 | Port Elizabeth | (5) 1 698 |
| 29 Julie 1974 | Kaapstad | (8) 5 920 |
| | | (44) 26 857 |
| TRUK - Ballet | | |
| SWAN LAKE | | |
| 8 - 12 Oktober 1974 | Bloemfontein | (7) 3 142 |
| 18, 19 Oktober 1974 | Welkom | (3) 2 065 |
| | | (10) 5 207 |
| BALLETTOER | | |
| 21 Oktober 1974 | Ladybrand | 295 |
| 22 Oktober 1974 | Ficksburg | 234 |
| 23 Oktober 1974 | Bethlehem | 588 |
| 24 Oktober 1974 | Harrismith | 333 |
| 25 Oktober 1974 | Vrede | 201 |
| 26 Oktober 1974 | Sasolburg | 350 |
| | | (6) 2 001 |

## MUSIEK

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING |
|---|---|---|
| PHILIPPE ENTREMONT | | |
| 8 Mei 1974 | Bloemfontein | 429 |
| RUGGIERO RICCI | | |
| 1 Julie 1974 | Bloemfontein | 350 |
| YONTY SOLOMON | | |
| 17 Augustus 1974 | Bloemfontein | 166 |
| ALBIE LOUW - TRIO | | |
| 16 Augustus 1974 | Harrismith | 47 |
| 17 Augustus 1974 | Bethlehem | 91 |
| 19 Augustus 1974 | Bloemfontein | 212 |
| | | (3) 350 |
| S A KOMPONISTE HULDIGINGSPROGRAM | | |
| 29 Augustus 1974 | Bloemfontein | 135 |
| P J LEMMER-KOREAAND | | |
| 30 Augustus 1974 | Bloemfontein | 705 |
| DIE OU KRAAL - KONSERT | | |
| 31 Augustus 1974 | Bloemfontein | 177 |
| PIERRE FOURNIER EN LAMAR CROWSON | | |
| 12 September 1974 | Bloemfontein | 282 |
| DIE NASIONALE SIMFONIEORKES VAN DIE SAUK | | |
| 20 September 1974 | Welkom | 551 |
| 21 September 1974 | Bloemfontein | 866 |
| | | (2) 1 417 |
| JEUGKOORKONSERTE | | |
| 13 Oktober 1974 | Bloemfontein | 91 |
| 20 Oktober 1974 | Bloemfontein | 94 |
| | | (2) 185 |

## ORKES

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| **ORANJE-VRYSTAATSE SIMFONIEORKES** | | | |
| 26 Februarie 1974 | Bloemfontein | | 451 |
| 28 Maart 1974 | Bloemfontein | | 434 |
| 1, 2 Mei 1974 | Bloemfontein | (2) | 649 |
| 28, 29 Mei 1974 | Bloemfontein | (2) | 644 |
| 10, 21 Junie 1974 | Bloemfontein | (2) | 382 |
| 15, 16 Augustus 1974 | Bloemfontein | (2) | 576 |
| 17, 18 Oktober 1974 | Bloemfontein | (2) | 825 |
| 5, 6 November 1974 | Bloemfotnein | (2) | 345 |
| 3, 4 Desember 1974 | Bloemfontein | (2) | 636 |
| | | (16) | 4 942 |
| **ORANJE-VRYSTAATSE JEUGSTRYKORKES** | | | |
| 6 en 7 September 1974 | Bloemfontein | (2) | 315 |

## OPERA

| | | | |
|---|---|---|---|
| **RIGOLETTO** | | | |
| 4 - 16 Maart 1974 | Bloemfontein | (6) | 2 584 |
| 19, 21, 23 Maart 1974 | Welkom | (3) | 1 688 |
| | | (9) | 4 272 |
| **NORMA** | | | |
| 5 - 15 Maart 1974 | Bloemfontein | (6) | 1 772 |
| 20, 22 Maart 1974 | Welkom | (2) | 633 |
| | | (8) | 2 405 |
| **ETENSUUR-OPERA** | | | |
| 26 Junie 1974 | Bloemfontein | | 92 |
| 31 Julie 1974 | Bloemfontein | | 95 |
| 25 September 1974 | Bloemfontein | | 112 |
| 29 Oktober, 1 November 1974 | Bloemfontein | (4) | 444 |
| 6 - 8 November 1974 | Welkom | (3) | 298 |
| 20 November 1974 | Bloemfontein | | 82 |
| | | (11) | 1 123 |
| **OPERA-SONDAGKONSERT** | | | |
| 23 Junie 1974 | Bloemfontein | | 54 |
| 25 Augustus 1974 | Bloemfontein | | 209 |
| 28 Julie 1974 | Bloemfontein | | 106 |
| 27 Oktober 1974 | Bloemfontein | | 102 |
| 24 November 1974 | Bloemfontein | | 113 |
| | | (5) | 584 |

OPERA

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| GEWILDE KONSERTE | | | |
| 23, 24 Augustus 1974 | Bloemfontein | (2) | 333 |

TONEEL

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| THE JAR | | | |
| 23 Januarie - 1 Februarie 1974 | Bloemfontein | (8) | 522 |
| SO LONG VIR JOHNNY | | | |
| 14 - 23 Februarie 1974 | Bloemfontein | (8) | 933 |
| 1, 2 Maart 1974 | Welkom | (2) | 430 |
| | | (10) | 1 363 |
| MORE JEREPIGO | | | |
| 25 Februarie 1974 | Winburg | | 78 |
| 26 Februarie 1974 | Marquard | | 169 |
| 27 Februarie 1974 | Ladybrand | | 108 |
| 28 Februarie 1974 | Clocolan | | 127 |
| 1 Maart 1974 | Ficksburg | | 126 |
| 2 Maart 1974 | Bethlehem | | 64 |
| 4 Maart 1974 | Harrismith | | 75 |
| 5 Maart 1974 | Vrede | | 164 |
| 6 Maart 1974 | Frankfort | | 140 |
| 7 Maart 1974 | Heilbron | | 88 |
| 8 Maart 1974 | Sasolburg | | 230 |
| 9 Maart 1974 | Parys | | 163 |
| 11 Maart 1974 | Viljoenskroon | | 100 |
| | Bothaville | | 98 |
| 13 Maart 1974 | Kroonstad | | 112 |
| 14, 15 Maart 1974 | Welkom | (2) | 840 |
| 18 - 30 Maart 1974 | Bloemfontein | (12) | 1 739 |
| | | (29) | 4 421 |
| DIE KONINGIN EN DIE REBELLE | | | |
| 6 - 16 Maart 1974 | Bloemfontein | (9) | 837 |
| PIEKNIEK OP DIE SLAGVELD | | | |
| 20 - 29 Maart 1974 | Bloemfontein | (8) | 448 |

TONEEL

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING |
|---|---|---|
| BYE OM 'N ASTER | | |
| 28 Maart 1974 | Reddersburg | 63 |
| 29 Maart 1974 | Smithfield | 100 |
| 30 Maart 1974 | Rouxville | 86 |
| 1 April 1974 | Zastron | 89 |
| 2 April 1974 | Wepener | 135 |
| 3 April 1974 | Dewetsdorp | 113 |
| 4 April 1974 | Edenburg | 138 |
| 5 April 1974 | Trompsburg | 74 |
| 6 April 1974 | Philippolis | 91 |
| 8 April 1974 | Fauresmith | 107 |
| 9 April 1974 | Luckhof | 76 |
| 10 April 1974 | Jacobsdal | 156 |
| | | (12) 1 228 |
| KOTILJONS EN KELKIEWYN | | |
| 9 - 25 Mei 1974 | Bloemfontein | (10) 708 |
| SUIDERLAND EN SUIDERKRUIS | | |
| 15 - 25 Mei 1974 | Bloemfontein | (9) 1 254 |
| DIE MILJOENêRES | | |
| 13 - 22 Junie 1974 | Bloemfontein | (8) 1 135 |
| 28, 29 Junie 1974 | Welkom | (2) 548 |
| 24 Julie 1974 | Wesselsbron | 141 |
| 25 Julie 1974 | Hoopstad | 233 |
| 26 Julie 1974 | Bultfontein | 151 |
| 27 Julie 1974 | Theunissen | 90 |
| 8 Oktober 1974 | Ficksburg | 94 |
| 9 Oktober 1974 | Clocolan | 157 |
| 15 Oktober 1974 | Smithfield | 125 |
| 16 Oktober 1974 | Aliwal-Noord | 121 |
| 17 Oktober 1974 | Zastron | 127 |
| 18 Oktober 1974 | Dewetsdorp | 101 |
| 21 Oktober 1974 | Vredefort | 235 |
| 22 Oktober 1974 | Viljoenskroon | 210 |
| 23 Oktober 1974 | Kroonstad | 74 |
| 24 Oktober 1974 | Senekal | 173 |
| 25 Oktober 1974 | Marquard | 113 |
| | | (25) 3 828 |
| 'N BRUID IN DIE MôRE | | |
| 27 Junie - 6 Julie 1974 | Bloemfontein | (8) 662 |
| 9, 10 Julie 1974 | Welkom | (3) 447 |
| | | (11) 1 109 |

TONEEL

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| ENEMY | | | |
| 9 - 13 Julie 1974 | Bloemfontein | (6) | 766 |
| DIE DRIE WENSE | | | |
| 12, 13 Julie 1974 | Welkom | (2) | 1 039 |
| 18 - 20 Julie 1974 | Bloemfontein | (5) | 2 476 |
| 24 Julie 1974 | Odendaalsrus | | 342 |
| 25 Julie 1974 | Wesselsbron | | 247 |
| 26 Julie 1974 | Hoopstad | | 378 |
| 8 Augustus 1974 | Ficksburg | | 117 |
| 9 Augustus 1974 | Clocolan | | 240 |
| 14 Augustus 1974 | Reddersburg | | 149 |
| 15 Augustus 1974 | Smithfield | | 200 |
| 15 Augustus 1974 | Rouxville | | 92 |
| 16 Augustus 1974 | Aliwal-Noord | | 235 |
| 17 Augustus 1974 | Zastron | | 370 |
| 18 Augustus 1974 | Dewetsdorp | | 156 |
| 21 Augustus 1974 | Vredefort | | 266 |
| 22 Augustus 1974 | Viljoenskroon | | 577 |
| 23 Augustus 1974 | Kroonstad | | 420 |
| 24 Augustus 1974 | Senekal | | 460 |
| 25 Augustus 1974 | Marquard | | 128 |
| | | (23) | 7 892 |
| DIE EFFEK VAN GAMMASTRALE OP MAN-IN-DIE-MAAN-GOUSBLOMME | | | |
| 8 - 17 Augustus 1974 | Bloemfontein | (8) | 968 |
| DEATHWATCH | | | |
| 14 - 24 Augustus 1974 | Bloemfontein | (9) | 443 |
| DIE GOEIE MENS VAN SEZUAN | | | |
| 26 September - 5 Oktober 1974 | Bloemfontein | (8) | 1 737 |
| 11 - 13 Oktober 1974 | Welkom | (2) | 389 |
| | | (10) | 2 126 |
| BOERNEEF VAN BOPLAAS | | | |
| 14 - 29 November 1974 | Bloemfontein | (6) | 769 |
| PACK OF SKIETS | | | |
| 21 - 30 November 1974 | Bloemfontein | (6) | 623 |
| BIBLIOTEEKPROGRAM | | (18) | 756 (12) |
| LESINGDEMONSTRASIE | 74 skole | | 7 045 |

12. SUKOVS/PACOFS, Jaarverslag/Annual report, 1974, pp. 16, 17, 26, 30 - 32, 34, 36, 38, 42 - 44.

Finansiële steun uit die hulpbronne van SUKOVS is nie gedurende die afgelope drie jaar aangevul nie, terwyl ook geen reserwefonds kan of mag opgebou word nie. Dit was dus 'n groot probleem om dit wat deur die jare heen so suksesvol tot stand gebring is, gedurende die huidige inflasietydperk te handhaaf. Terselfdertyd moes voorkom word dat die inisiatief en nuwe idees gesmoor word.

Nä 'n bestaan van veertien jaar was dit ongelukkig nog nie moontlik om al die vertakkinge van die Uitvoerende Kunste ten volle aan die Vrystaatse publiek bekend te stel nie. Die rede hiervoor was dat SUKOVS byvoorbeeld nog nie oor 'n eie, volwaardige, voltydse orkes, 'n balletgeselskap en 'n eie koor beskik het nie.

Nieteenstaande finansiële probleme, die koms van televisie, 'n gebrek aan opgeleide personeel en die ontoereidende huisvesting van SUKOVS, is daar nogtans uitgesien na 1976. Die organisasie, die gehalte van die produksies en die bywoningsyfer aan die begin van daardie jaar, was reeds op 'n baie hoë peil. Met groot ver=wagting is daar dus uitgesien na 'n suksesvolle en vrugbare jaar.

Reeds gedurende 1975 is besef dat die aantal produksies verminder moet word en liefs op die gewildheid van die aanbiedings gekon=sentreer moes word. Sodoende kon die bywoningsyfers verhoog word.

Weens die klein bevolking in die Vrystaat en die beperkte fondse, is daar nog nie 'n stadium bereik waar SUKOVS se aanbiedings in al die afdelings van die Uitvoerende Kunste, dieselfde gehalte van die produksies van die groter Streekrade kan ewenaar nie. Hier kan byvoorbeeld verwys word na TRUK se aanbieding "The Great Waltz".

Vertoë in dië verband is reeds tot die owerhede gerig, en SUKOVS het getuienis van sy spesifieke posisie voor die Kommissie van Onder=soek afgelê. Die verslag van hierdie Kommissie sal ongetwyfeld die posisie van die Streekrade duidelik stel en hopenlik aansienlike veranderinge en verbeteringe in SUKOVS se opset teweeg bring.

In 1976 is daar 'n aanvang gemaak met die oprigting van die nuwe Operahuis-kompleks en Administrasieblok op die perseel van die ou St Michaelsskool.

THE STAR 10 MAART 1978

# Theatres speak out about TV

ROBERT GREIG

**South Africa's infant TV service is affecting Johannesburg theatre — but theatre people don't agree how.**

This emerged in a spot telephone survey of local theatrical people.

Robert Kirby claims that his show "Mutatis Mutandis," at the Little Theatre, has had poor houses despite not unfavourable reviews.

He says television is partly to blame.

"The business is out of sight, underground. You can say that Robert Kirby is going to be forced to retire broke.

"It's time there were Government subsidies for theatre the way there is for South African films."

He said he believed possible censorship of scripts, which might be a condition of subsidies, could be sidestepped.

"Television is knocking everything that's on in town," he said.

But a spokesman for the Academy Theatre said TV has had no effect on "Birds of Paradise" attendances. "We're playing to full houses," she said.

Taubie Kushlick said: "TV is a challenge which we must meet. In the long run, it does help us in the theatre.

"After I appeared on television to talk about 'Brel,' the Chelsea's telephone didn't stop ringing with callers wanting to see the show.

"Our audiences for 'A Little Night Music' are picking up. We're even taking this R500 000 production to Cape Town for the Christmas season, and then to Durban."

She said that if television had affected her show this would not have been possible.

A public relations officer (who did not want to be named) for one large Johannesburg production said, "Everyone's losing.

"It's partly because there's not money around. Also, everyone was banking on television being for only an hour a night. From October, with two hours of television, there was a noticeable affect on attendances."

Other points that emerged in discussions with theatre management people were:

- "The product determines the business. The shows that aren't marvellous aren't doing well."
- Ballet and spectacle (like "The Great Waltz") was unaffected by TV while serious theatre was.
- End-of-year exams affected serious theatre attendances. "The parents are writing their children's exams."
- Johannesburg people were looking for more live entertainment, not less. A full house at the end of the week, late-night Troubadour sessions at the Chelsea proved this.
- There was no point in denying that TV was affecting theatre attedances.
- There was no point in being pessimistic about the effect of TV on theatre attendances.

THE STAR 17 APRIL 1976

# Getting things straight

**The recent meeting of the four heads of the Performing Arts Councils of the Transvaal, Free State, Cape and Natal — called by the Department of Cultural Affairs — ended in the confirmation of the status quo, that is, that four provinces continue the policy of not encroaching on each other's domain.**



The meeting sparked off by Pacof's incursion into the Transvaal, Cape and Natal with its Ballet International, also confirmed that the primary function of Performing Arts Councils was to stimulate and cultivate local, South African talent in all the performing arts, while only, from time to time, revitalising it with the infusion of artists from overseas.

It is now for Mr Schalk Theron, Director of Pacofs, to report back to his council in Bloemfontein, the views of the meeting.

Pact's Director, Mr Eghard van der Hoven, felt his organisation was especially perturbed with the intention of Pacof to stage "The Sleeping Beauty" ballet in Johannesburg in October with its company of international ballet stars.

He pointed out that Pact had already produced "Sleeping Beauty" for its current season and as it cost R90 000 to mount, it would have been economically prudent to revive it in April next year. But this could not be done if Pacof brought the same ballet to Johannesburg in October.

Internasionale balletgroepe wat in al die provinsies sou optree, is deur SUKOVS vanuit die buiteland ingevoer. Hierdie opvoerings het egter op 'n algehele finansiële mislukking uitgeloop. Die opkomste tydens die balletopvoerings was baie swak, in die ander provinsies, sowel as in Bloemfontein. Die uitgawes het R1 129 010.36 beloop, terwyl die inkomste slegs R166 851.38 bedra het. SUKOVS het dus 'n verlies van R962 158.98 gely. Geldelike steun wat deur die Provinsiale owerhede aan SUKOVS verleen is, het 'n algehele ineenstorting voorkom.

Aan die einde van 1976 moes die "SUKOVS-Kleinteater", dit wil sê die "St Michaelskapelsaal", ontruim word, sodat voortgegaan kon word met die bou van die nuwe Operahuis-kompleks en Administrasieblok. Die laaste produksies van die toneelafdeling aan die einde van die jaar, moes gekanselleer word.

'n Poging is aangewend om die Bloemfonteinse stadskouburg permanent te huur, maar die Stadsraad was nie hiervoor te vinde nie. Die Raad het egter die ou "Lamont Hussey Sterrewag" bo-op Naval Hill aan SUKOVS beskikbaar gestel. Hierdie gebou is in 'n keurige, intieme teater omskep en staan bekend as die "Sterrewagteater". Dit bied huisvesting aan die toneelafdeling van SUKOVS en is vroeg in 1977 geopen. Hierdie unieke teater is geleë in 'n landelike en stil omgewing.

S U K O V S 1976

BALLET

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING |
|---|---|---|
| BAT DOR | | |
| 19 - 20 Maart 1976 | Bloemfontein | (3) 1 251 |
| FESTIVAL OF INTERNATIONAL BALLET | | |
| 16 - 17 Maart 1976 | Bloemfontein | (2) 925 |
| 18 - 23 Maart 1976 | Kaapstad | (8) 3 699 |
| 25 Maart 1976 | Pietermaritzburg | (1) 810 |
| 26 Maart - 3 April 1976 | Johannesburg | (12) 11 181 |
| | | (23) 16 615 |

## BALLET

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| **BALLET INTERNATIONAL** | | | |
| 30 September - 2 Oktober 1976 | Welkom | (5) | 2 705 |
| 5 Oktober - 9 Oktober 1976 | Bloemfontein | (8) | 2 874 |
| 11 - 30 Oktober 1977 | Johannesburg | (24) | 7 604 |
| 1 - 6 November 1976 | Kaapstad | (7) | 4 872 |
| 8 - 9 November 1976 | Port Elizabeth | (3) | 1 350 |
| 10 - 11 November 1976 | Oos-Londen | (3) | 774 |
| 12 - 13 November 1976 | Pietermaritzburg | (3) | 967 |
| 15 - 20 November 1976 | Durban | (7) | 3 791 |
| | | (60) | 24 937 |

## MUSIEK

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ARMER/SZIGETI/KAYSER-TRIO** | | | |
| 31 Januarie 1976 | Bloemfontein | (1) | 111 |
| **SALVATORE ACCARDO** | | | |
| 17 Februarie 1976 | Bloemfontein | (1) | 184 |
| **PACO PENO** | | | |
| 1 Mei 1976 | Sasolburg | (1) | 85 |
| **JOSEPH AND THE AMAZING TECHNICOLOR DREAMCOAT** | | | |
| 11 - 15 Mei 1976 | Welkom | (8) | 4 545 |
| 18 - 22 Mei 1976 | Bloemfontein | (9) | 4 101 |
| | | (17) | 8 646 |
| **VRYSTAATSE JEUG SIMFONIEORKES** | | | |
| 31 Mei & 5 Junie 1976 | Bloemfontein | (2) | 361 |
| **ETENSUURKONSERT** | | | |
| 13 Julie 1976 | Bloemfontein | (1) | 36 |
| **RENAAT VEEREMANSKOOR** | | | |
| 27 Julie 1976 | Bloemfontein | (1) | 124 |
| **JOHN OGDON** | | | |
| 18 September 1976 | Bloemfontein | (1) | 233 |

## MUSIEK

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| SONDAGMIDDAGKONSERT | | | |
| 31 Oktober 1976 | Bloemfontein | (1) | 103 |

## OPERA

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| L'ELISIR D'AMORE | | | |
| 14 - 26 Februarie 1976 | Bloemfontein | (6) | 1 435 |
| 1 - 5 Maart 1976 | Welkom | (2) | 608 |
| | | (8) | 2 043 |
| IL TROVATORE | | | |
| 19 Februarie - 12 Maart 1976 | Bloemfontein | (7) | 2 637 |
| 1 - 4 Maart 1976 | Welkom | (2) | 970 |
| | | (9) | 3 607 |
| MADAME BUTTERFLY | | | |
| 28 Februarie - 1 Maart 1976 | Sasolburg | (2) | 859 |
| 6 Maart 1976 | Welkom | (1) | 692 |
| 9 - 13 Maart 1976 | Bloemfontein | (3) | 1 260 |
| | | (6) | 2 811 |
| A GAME OF CHANCE | | | |
| 26 Oktober - 29 Oktober 1976 | Bloemfontein | (4) | 288 |
| 30 Oktober 1976 | Sasolburg | (1) | 24 |
| | | (5) | 312 |
| LESINGDEMONSTRASIES | | (42) | 8 984 |

## ORKES

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| SIMFONIE-ORKES - UITVOERING | | | |
| 7 Februarie 1976 | Bloemfontein | (1) | 443 |
| 12 Maart 1976 | Klerksdorp | (1) | 250 |
| 21 Maart 1976 | Sasolburg | (1) | 100 |
| 26 Maart 1976 | Bloemfontein | (1) | 251 |
| 5 Mei 1976 | Bloemfontein | (1) | 370 |
| 10 Junie 1976 | Bloemfontein | (1) | 233 |
| 30 Julie 1976 | Bloemfontein | (1) | 263 |
| 18 - 19 Augustus 1976 | Bloemfontein | (2) | 751 |
| 15 September 1976 | Bloemfontein | (1) | 287 |
| 18 November 1976 | Bloemfontein | (1) | 270 |
| | | (11) | 3 218 |

TONEEL

| DATUM & AANBIEDING | SENTRUM | BYWONING | |
|---|---|---|---|
| ONS DORP | | | |
| 12 - 13 Februarie 1976 & 11 - 27 Maart 1976 | Bloemfontein | (13) | 1 913 |
| 1 Maart 1976 | Harrismith | (1) | 395 |
| 2 Maart 1976 | Bethlehem | (1) | 450 |
| 3 Maart 1976 | Ficksburg | (1) | 134 |
| 4 Maart 1976 | Clocolan | (1) | 161 |
| 5 Maart 1976 | Ladybrand | (1) | 92 |
| 22 Maart 1976 | Ashbury | (1) | 114 |
| | Durban & Platteland | (11) | 2 187 |
| | | (30) | 5 446 |
| LUV | | | |
| 3 - 8 Mei 1976 | Bloemfontein | (8) | 670 |
| ELIZABETH I | | | |
| 6 - 15 Mei 1976 | Bloemfontein | (8) | 608 |
| HELLO AND GOODBYE | | | |
| 15 - 26 Junie 1976 | Bloemfontein | (8) | 380 |
| 3 Julie 1976 | Sasolburg | (1) | 78 |
| | | (9) | 458 |
| RING ROUND THE MOON | | | |
| 17 - 26 Junie 1976 | Bloemfontein | (8) | 829 |
| KANNA HY Kô HYSTOE | | | |
| 21 - 23 Julie 1976 | Welkom | (3) | 1 114 |
| 27 - 28 Julie 1976 | Sasolburg | (2) | 804 |
| 3 - 14 Augustus 1976 | Bloemfontein | (9) | 3 550 |
| | | (14) | 5 468 |
| SKEMERUURPROGRAM | | | |
| 10 - 20 November 1976 | Bloemfontein | (9) | 85 |
| SKOLEPROGRAM | 73 Sentra | | 6 068 |
| BIBLIOTEEKPROGRAM | 18 Sentra | | 565 (13) |

13. SUKOVS/PACOFS, Jaarverslag/Annual report, 1976, pp. 3, 4, 28 - 32.

THE STAR 27 AUGUSTUS 1976

# More subsidies needed: Pact

**PERCY BANESHIK reports on the latest arguments in favour of State aid for the arts.**

Further emphasis on the enormous growth of subsidy for the South African theatre emerged at this week's symposium on theatre technology at the Civic Theatre when Mr Eghard van der Hoven, director of Pact delivered a paper on the future of the subsidised theatre.

Recalling that the first government grants to the newly-established Performing Arts Councils in 1962 totalled R360 000, he disclosed that total grants-in-aid from state, provinces and municipalities last year totalled R10 861 000.

But he claimed that this was inadequate, and that to balance their books last year the performing arts councils had to take almost R3 750 000 at the box office.

He claimed this was almost impossible in a country with the social and geographic structure of South Africa.

"In order to establish and maintain fully fledged opera, ballet and drama companies," he said, "and to execute our entrusted task on a fully professional basis, the four performing arts councils will require R13 250 000 a year."

Mr van der Hoven paid tribute to the commercial theatre for its role in keeping the performing arts at a high level of public appeal.

But Mr Mannie Manim, another speaker in the symposium, argued that unsubsidised theatre also needed financial support from official sources.

He advocated the establishment of a central fund to which individual managements could apply for support for projects beyond their resources but valuable to the community.

Speakers from the floor pressed the point that the theatre was the only commercial enterprise in South Africa forbidden to sell its wares to half its potential customers — the Black buyer.

Die jaar 1977 was sekerlik een van die moeilikste jare wat die Streek=rade vir Uitvoerende Kunste, sedert hul totstandkoming veertien jaar tevore, beleef het. Meeste van die Rade moes hulle aktiwiteite inkort en hulle personeel verminder. Nogtans kon nie weggekom word van die kwellende feit nie dat die finansiële middele tot hul be=skikking, ontoereikend was. Hierdie moeilike ekonomiese tydperk waartydens alles in die stryd gewerp moes word om inflasie te bekamp, terwyl bedryfskoste onrusbarend bly styg het, het juis saam=geval met die nadelige invloed wat die beeldradio op die gehore van die Uitvoerende Kunste uitgeoefen het. Die onderskeie Streek=rade kon dus selfs nie meer staatmaak op goeie loketinkomstes nie.

SUKOVS moes gedurende hierdie uiters ongunstige tydperk noodge=dwonge sy aktiwiteite drasties verminder. Hierdie inkorting was ook noodsaaklik, ten einde die tekort wat in die vorige boekjaar ontstaan het, aan te suiwer. Die rede vir hierdie tekort was die invoer van die duur balletproduksie, "Festival of International Ballet", vanaf Londen.

Wanneer toestande gunstiger is en die boekjaar met 'n oorskot af=gesluit word, word die surplus in die daaropvolgende jaar gewoonlik aangewend vir die uitbreiding van hul aktiwiteite.

Mnr S W Theron, direkteur van SUKOVS, het in die jaarverslag van 1977 voorgestel dat die Streekrade in gunstiger tye toegelaat moes word om hul voordelige saldo's, of deel daarvan, in 'n "Gebeurlik=heidsfonds" te stort. Dit sou 'n Streekraad in staat stel om, ten spyte van sporadiese teenslae, sy personeel en werksaamhede te beplan en te reguleer. Slegs onverwagse en onvoorsiene verliese moes uit hierdie fonds gedek word.

As gevolg van strawwe besparingsmaatreëls, was SUKOVS se finansies aan die einde van 1977 in 'n gesonde toestand. Die boekjaar is afgesluit met 'n kontantsaldo van R151 341.27.

Vanaf 1 April 1977 is die "Oranje-Vrystaat-Simfonie-orkes" onder beheer,

van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geplaas. Volgens die ooreenkoms wat met die Universiteit aangegaan is, sal die posisie nā twee jaar weer in oënskou geneem word. Die gedagte hieragter is dat daar gewag moet word op die verslag van die "Kommissie van Ondersoek na die Uitvoerende Kunste". Eers dan kan finaal besluit word waar die tuiste van die orkes sal wees.

Die "Kommissie van Ondersoek na die Uitvoerende Kunste" het reeds sy ondersoek voltooi en die verslag sou, na verwagting, gedurende die 1978-sitting van die Parlement, aan die Regering voorgelê word. Hierdie verslag is egter nie gedurende vanjaar se sitting aan die Parlement voorgelê nie, maar hopelik sal dit in 1979 geskied.

Op 16 Maart 1977 het die toneelafdeling van SUKOVS die nuwe "Sterrewag=teater" amptelik in gebruik geneem en wel met die aanbieding van "Die Huigelaar". Hierdie unieke kleinteater bied sitplek vir honderd-en-dertig mense.

Die toneelafdeling het homself ten doel gestel om dié teater in 'n gemeenskapsentrum vir kunste te ontwikkel. Benewens vyf volwaardige toneelopvoerings wat in 1977 aangebied is, is daar tydens elke speelvak ook 'n kunsuitstalling in die foyer gehou. Veral oor naweke is hierdie uitstallings druk deur die publiek besoek.

Verder is vyf gewilde laat-aand musiekuitvoerings met plaaslike musici aangebied, asook etlike Sondagmiddag-musiekkonserte, gereël deur die musiekafdeling van SUKOVS.

Sonder uitsondering is elke aanbieding in die "Sterrewagteater" ge=durende 1977, uitstekend deur die publiek ondersteun. Alhoewel die teater nie ten volle toegerus is nie - lugreëling byvoorbeeld ontbreek nog - het die bywoningsyfer van 1977 duidelik getoon dat die Bloemfonteinse publiek bereid is om die grondpad te trotseer, ten einde opvoerings by te woon in 'n informele, intieme atmosfeer waar die klem op die aanbieding val en nie op die kleredrag nie.

Geen balletopvoerings is in 1977 in die Oranje-Vrystaat aangebied

DIE TRANSVALER 6 JULIE 1978

## PG vra weer vir deskundiges

# 'n Duidelike beleid oor kunste nodig


P G DU PLESSIS

**GRAHAMSTAD — Die hoop dat 'n duidelike beleid oor die kunste geformuleer sal word, is gister deur die dramaturg en Hertzogpryswenner, dr. P. G. du Plessis, uitgespreek.**

*Só 'n stap, het dr. Du Plessis gesê, sal die kloof tussen die wêreld van die kunste en alle vlakke van die owerheid vernou.*

Hy het ook sy standpunt herhaal dat daar 'n groot behoefte is aan 'n nie-politieke raad van deskundiges wat die kunste in Suid-Afrika se belange kan dien.

Só 'n liggaam kan 'n oog hou oor die regeringsbesteding aan die kunste sonder om by partypolitiek betrokke te raak. Dit sal ook die druk van die kunste kan weerstaan sonder om 'n regeringsdepartement en dus die politiek te betrek.

### Toegeeflik

Wanneer daar wel 'n beleid oor die kunste geformuleer word, is daar 'n hele aantal dinge wat volgens dr. Du Plessis in gedagte gehou moet word:

- Waar sensuur nie vermy kan word nie, moet daar eerder te toegeeflik
- Wetgewing oor morele sake is 'n sensitiewe aangeleentheid veral waar die kunste betrokke is;
- Die volwasse individu moet die grootste mate van vryheid hê om vir homself oor sake soos smaak en verbruik te besluit;
- Die estetiese waarde waaroor kundige mense besluit, moet 'n rol by sensuur en by subsidies speel; en
- sake wat met die kunste te doen het, moet uit die arena van die partypolitiek gehou word.

Oor sensuur het dr. Du Plessis gesê hy glo daar sal altyd sensuur wees. Hy het gesê in die lig van politieke veranderinge wat daar aan die gang is, moet daar onthou word dat indien twee nasionalismes bots en in die een voer politiek die botoon, sal die sterker nasionalisme politieke uitlatings van die swakkere sensureer.

Waar nasionalismes in nasionalisme bo uitkom, sal hy ter wille van sy nuwe mag tydens en ná die oorgangstydperk sterk sensuur toepas.

In die bespreking na sy toespraak het dr. Du Plessis gesê die nuwe sensuurmaatreëls bied 'n geringe verbetering in die sensuurstelsel vir die letterkunde, maar doen niks vir die uitvoerende kunste nie. Hy glo egter dat die individuele volwassene gelei moet word om te kan doen wat hy wil. Hyself is teen sensuur gekant, maar glo wel dat daar 'n punt is waar bv. die veiligheid van die land geraak word en dit noodgedwonge toegepas moet word.

In 'n toespraak oor die toekoms van die uitvoerende kunste het prof. D. Inskip van Kaapstad gesê dat kunstenaars in Suid-Afrika nie hulle volle bydrae tot die lewensgehalte in die land kan lewer nie alvorens alle kunsmatige beperkinge op hulle gehore opgehef is.

Hy het ook sy kommer oor die kunste en gesê dat die gehore nie meer kan bydra as wat hulle doen nie. Hulp sal van die Staat en groot private ondernemings moet kom.

nie. Alhoewel daar onderhandelings plaasgevind het om balletpro= duksies vanaf ander Streekrade in te voer, kon, om verskeie redes, nie daarin geslaag word nie.

Op 2 September 1977 het mnr S W Theron afgetree, na bereiking van die ouderdomsgrens. Daar is op paslike wyse van hom afskeid geneem en hy is vereer deur 'n lewenslange lidmaatskapkaart te ontvang.

Mnr H S Aucamp is aangestel as waarnemende direkteur tot 31 Desem= ber 1977. Vanaf 1978 het mnr Rex Hugo, voorheen verbonde aan SUKOVS en nou afkomstig van SWARUK, diens aanvaar as direkteur van SUKOVS.

## S U K O V S 1977

### MUSIEK

| | AANTAL AANBIEDINGS | BYWONING |
|---|---|---|
| MARIOS PAPADOPOULUS (Griekse Pianis) | | |
| Sasolburg | 1 | 152 |
| Bloemfontein | 1 | 336 |
| | 2 | 488 |
| TCHAIKA KOSAKKE (Russiese Volksdansgroep) | | |
| Bloemfontein | 1 | 462 |
| Kroonstad | 1 | 428 |
| Sasolburg | 1 | 397 |
| | 3 | 1 287 |
| KING'S SINGERS (Britse Sanggroep) | | |
| Bloemfontein | 1 | 469 |
| SONDAGMIDDAGKONSERT STERREWAGTEATER | | |
| Bloemfontein | 1 | 129 |
| Welkom | 1 | 73 |
| | 2 | 202 |
| SANDRA DU TOIT & VIER KLAVIERE | | |
| Bloemfontein | 1 | 65 |

## MUSIEK

| | | AANTAL AANBIEDINGS | BYWONING |
|---|---|---|---|
| SONDAGMIDDAGKONSERTE-STERREWAGTEATER | | | |
| Bloemfontein | | 4 | 441 |
| DAVID EARL | | | |
| Bloemfontein | | 1 | 89 |

## ORKES

| | | | |
|---|---|---|---|
| OVS-SIMFONIEORKES | | | |
| Bloemfontein | | 1 | 436 |

## OPERA

| | | | |
|---|---|---|---|
| HUWELIK VAN FIGARO | | | |
| 12 - 21 Februarie 1977 | Bloemfontein | 5 | 1 933 |
| 24 - 26 Februarie 1977 | Sasolburg | 2 | 739 |
| 28 Februarie 1977 | Kroonstad | 1 | 653 |
| 3 - 5 Maart 1977 | Welkom | 2 | 569 |
| | | 10 | 3 894 |
| SKOLE-LESINGDEMONSTRASIE "A GAME OF CHANCE" | | | |
| 3 - 30 Augustus 1977 | 44 Skole | 44 | 9 537 |

## TONEEL

| | | | |
|---|---|---|---|
| "DIE HUIGELAAR" | | | |
| 14 - 22 Februarie 1977 | Durban & Natal Platteland | 8 | Geen syfers |
| 28 Februarie 1977 - 3 Maart 1977 | OVS-Platteland | 4 | 849 |
| 16 Maart 1977 - 2 April 1977 | Bloemfontein | 15 | 1 669 |
| | | 31 | 2 518 |
| "THE HOUSE OF BLUE LEAVES" | | | |
| Bloemfontein | | 8 | 885 |
| "KINKELS INNIE KABEL" | | | |
| Bloemfontein | | 22 | 2 536 |
| "THE WORLD OF SHOLOM ALEICHEM" | | | |
| Bloemfontein | | 3 | 342 |

TONEEL

| | | AANTAL AANBIEDINGS | BYWONING |
|---|---|---|---|
| "THE CHERRY ORCHARD" | | | |
| Bloemfontein | | 18 | 1 474 |
| "ROMEO EN JULIET" | | | |
| Bloemfontein | | 13 | 1 428 |
| Natal | | 4 | Geen syfers |
| | | 17 | 1 428 |
| SKOLE-LESINGDEMONSTRASIE | | | |
| 19 April 1977 - 17 Junie 1977 | Skole in Bloem= fontein en OVS platteland | 82 | 7 042 |

DIE VOORGESKREWE WERKE WAT BEHANDEL IS:

"MACBETH" (Shakespeare) Engels

"LAAT VRUGTE" (C M van den Heever) Afrikaans

| | | | |
|---|---|---|---|
| BIBLIOTEEKPROGRAM | | | |
| 26 April 1977 - 5 Junie 1977 | OVS-platte= land | 19 | 854 |

TEMA: "Vanslewe se Dinge"

DIE VOLGENDE BIBLIOTEKE IS BESOEK:

| | | |
|---|---|---|
| Ladybrand | Virginia | Philippolis |
| Ficksburg | Odendaalsrus | Trompsburg |
| Bethlehem | Smithfield | Boshof |
| Vrede | Zastron | Hoopstad |
| Brandfort | Petrusburg | Reddersburg |
| Kroonstad | Vredefort | Sasolburg |
| Heilbron | | |

(14)

14. SUKOVS/PACOFS, Jaarverslag/Annual report 1977, pp. 1 - 4, Bylaes.

DIE VOLKSBLAD 17 OKTOBER 1978

# Engelssprekendes meer in teaters as Afrikaners

**Eie Beriggewer.**

JOHANNESBURG. — Meer Engelssprekendes besoek teaters in Johannesburg en Pretoria volgens 'n steekproef in opdrag van die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in Pretoria.

Toneelgangers het 'n vraelys tydens opvoerings ingevul. In Johannesburg het 2 081 mense die vrae beantwoord en in Pretoria 681 mense. Meer as 86 persent van hulle het gematrikuleer of gegradueer. Terwyl 81 persent professionele mense is, of verbonde is aan die handel of nywerheid.

Mnr. Eghard van der Hoven, direkteur van Truk, het gister gesê dat hy nie verbaas is oor die bevindinge van die ondersoek nie. Die feit dat 57,1 persent Engelssprekendes teenoor 37,4 persent Afrikaanssprekendes die teater bywoon, is min of meer wat hy verwag het.

Die doel van die vraelys was om te probeer bepaal onder wie reklame vir opvoerings gedoen moet word. Die uitslag van die ondersoek sal nie juis 'n uitwerking hê op die keuse van opvoerings nie, het mnr. Van der Hoven gesê.

Die syfers toon ook dat:

● Slegs 19,65 persent van alle Afrikaanssprekendes gereeld die teater besoek teenoor 28,41 persent van die Engelssprekendes, terwyl 31,66 persent van die Afrikaanssprekendes selde gaan teenoor 19.4 persent van die Engelssprekendes.

Engelse toneelopvoerings is in 1977 deur 67,74 persent van alle mense bygewoon, musiekspele deur 55,72 persent en ballet deur 35,41 persent. Afrikaanse toneelopvoerings kon net 35,41 persent trek, en opera slegs 33,74 persent.

● Jong mense woon nie juis teateropvoerings by nie. Tagtig persent van die teatergangers is ouer as 25, en die meerderheid van hulle is middeljarig.

● Simfoniekonserte, musiekkonserte, verskeidenheidskonserte en ander verhoogaanbiedings het net 30 persent van die bywoning getrek.

● Mense woon 'n opvoering by op aanbeveling van koerantresesente of hul vriende. Vriende lok 34,9 persent van die mense, en koerante 35,7 persent. Koerantadvertensies lok 30,45 persent en koerantartikels 16,99 persent.

Radio - onderhoude lok 4,96 van die gehoor, maar televisie onderhoude lok die minste mense - slegs 3,51 persent.

● Die ondersoek toon ook dat Engelstaliges koerante meer getrou lees, naamlik 75,66 persent teenoor 66,02 persent van die Afrikaanssprekendes.

# HOOFSTUK 7

## BESPREKING VAN VRAELYSTE GESTUUR AAN DIE GEHOOR IN DIE ORANJE-VRYSTAAT, MET SPESIALE VERWYSING NA BLOEMFONTEIN

'n Paar loodsopnames is eers met die vraelys gedoen en, na aan=leiding daarvan, is toepaslike veranderings aangebring. Nogtans was daar sekere aspekte wat moeilik getabuleer kon word.

Daar is gebruik gemaak van SUKOVS se posbus, terwyl ook die pos=geld deur SUKOVS betaal is. Mnre R Hugo en F Sharp het sekere voorstelle gemaak wat vervat is in die vraelys.

Ook mej Ina Conradie van die Departement van Musiek van die Vrystaatse Universiteit, het met sekere voorstelle vorendag gekom.

Samesprekings is gevoer met Prof B de Koker. Hy het baie nuttige wenke gegee wat betref die eindproduk.

Daar is gepoog om die vraelys so kort en saaklik as moontlik te hou, asook om die taalgebruik so verstaanbaar as moontlik te maak. Die vraelys is tweetalig opgestel.

### 7.1 SKEMA VAN VRAELYS

Sien vraelys ingebind.

### 7.2 WYSE WAAROP DIE VRAELYSTE VERSPREI IS

Daar is driehonderd-en-vyftig vraelyste deur mej Ina Conradie ver=sprei, volgens 'n poslys wat saamgestel is deur die Departement van Musiek van die U O V S. Hierdie poslys word ook deur SUKOVS gebruik. Sewentien vraelyste is in Smithfield versprei, terwyl sestig versprei is deur mnr E Aitchison, 'n secundi op die Streek=

raad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat. Mnr Aitchison wou graag vasstel waarom SUKOVS-aanbiedings so swak by= gewoon word. Ondersoeker het persoonlik drie-en-twintig vraelyste uitgedeel aan persone wat die universiteitsbiblioteek besoek het, studente, sowel as lektore.

Tweehonderd-vier-en-dertig vraelyste is terug ontvang, waarvan ses-en-veertig bedorwe was. Ses vraelyste is terug gestuur deur persone wat nog nooit voorheen die Uitvoerende Kunste in Bloem= fontein bygewoon het nie. Hierdie ses vraelyste sal apart behandel word. (Sien paragraaf 7.4)

## 7.3 PROBLEME WAT VOORTGESPRUIT HET UIT DIE VRAELYSTE

Die van en adres van die proefpersoon wat die vraelys beantwoord het, was nie noodsaaklik nie, aangesien 5% nie hierdie gegewens verstrek het nie. Daaruit kan dus afgelei word dat meer vraelyste terug gestuur sou word, indien die persone anoniem kon bly.

Daar is nie 'n verskil gemaak tussen getroudes en ongetroudes nie (vergelyk Tabel 7.1)

By die vraag wat handel oor die aantal besoeke wat die proefper= soon jaarliks aan die teater/konsertsaal aflê, ontbreek die jaartal 1978.

Die vraag "Watter teater-/konsertsaalgebou verkies u?" het baie verwarring veroorsaak. Die vraag moes liefs sō gelui het: "Watter EEN teater-/konsertsaalgebou verkies u?"

Sommige persone het dit ook baie moeilik gevind om hier 'n defi= nitiewe keuse te maak. Die rede hiervoor is dat die Odeion byvoor= beeld baie geskik is vir musiekuitvoerings, die Skouburg vir opera- en balletaanbiedings, terwyl die "Sterrewagteater" by uit= stek geskik is vir toneelopvoerings. (vergelyk Tabel 7.3)

Die vraag "Verkies u EEN besprekingskantoor vir alle op- en uit= voerings in Bloemfontein?" het die proefpersone verwar. Sommige was van mening dat hulle 'n keuse moes maak tussen:

11.1.1 Middestad
11.1.2 Voorstedelike inkope sentrum
OF
11.1.3 Voorstedelike afleweringsdiens
11.1.4 Posbesprekings
11.1.5 Telefoonbesprekings

Etlike persone het dus 'n keuse gemaak tussen 11.1.1 en 11.1.2, asook 'n tweede keuse tussen 11.1.3, 11.1.4 en 11.1.5. Die persentasies wat aangedui word by Tabel 7.5, geld dus nie nood= wendig vir slegs <u>een</u> besprekingskantoor nie, maar verteenwoordig twee keuses, naamlik middestad en telefoonbesprekings.

## 7.4 <u>WAAROM WOON SOMMIGE VAN DIE PROEFPERSONE NIE DIE UITVOERENDE KUNSTE BY NIE?</u>

Hierdie vraag was bedoel vir persone wat glad nie enige aanbiedings van die Uitvoerende Kunste bywoon nie. Slegs ses vraelyste wat in hierdie kategorie val, is terug ontvang. Die bywoning van bioskoopvertonings word deur 100% van hierdie betrokke proefper= sone verkies.

20% van die ander proefpersone het by die vraag: "Waarom woon u nie die op-/uitvoerings by nie?" die woordjie "meer" ingevoeg. Die vraag het dus gelui "Waarom woon u nie die op-/uitvoerings <u>meer</u> by nie?" is verstrek:

7.4.1 Die kaartjies is te duur, veral in die geval van opera- en balletaanbiedings.

7.4.2 Aand van die week. Die proefpersone het egter nie gemeld watter aand of aande van die week wel geskik is nie.

TABEL 7.1

Identifiserende besonderhede van die gehoor by die Uitvoerende Kunste in Bloemfontein, uitgedruk in persentasie.

| IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aspekte ondersoek | Ouderdom | | Geslag | | Beroep | |
| | Onder 20 | 3% | Manlik | 36% | Student | 8% |
| | 20 - 34 | 44% | Vroulik | 64% | Huisvrou | 16% |
| | 35 - 49 | 34% | | | Professioneel | 47% |
| | Bo 50 | 19% | | | Ambagsman | 1% |
| | | | | | Boer | 0% |
| | | | | | Klerklik | 12% |
| | | | | | Bestuurspos | 8% |
| | | | | | Ander | 8% |

TABEL 7.2

Aantal besoeke van proefpersone aan teater/konsertsaal per jaar, asook redes vir besoeke, uitgedruk in persentasie.

| AANTAL BESOEKE | PERSENTASIE | REDES VIR BESOEKE | PERSENTASIE |
|---|---|---|---|
| 6 Keer | 37% | Vermaak | 60% |
| 5 Keer | 11% | Opvoedkundig | 33% |
| 4 Keer | 25% | Sosiaal | 7% |
| 3 Keer | 12% | | |
| 2 Keer | 10% | | |
| 1 Keer | 5% | | |

# Odeion & Odeion Amfiteater







# Odeion & Odeion Amfiteater









Sterrewagteater



TABEL 7.3

Persentasie besoeke aan die verskillende teater/konsertsale in Bloemfontein.

| VERSKILLENDE TEATERS/KONSERTSALE | KWALIFISERENDE EIENSKAPPE ONDERSOEK | |
|---|---|---|
| | Reeds besoek | Nog nie besoek |
| Stadskouburg | 98% | 2% |
| Sterrewagteater | 62% | 38% |
| Scaena | 70% | 30% |
| Odeion | 90% | 10% |

TABEL 7.4

Aspekte ondersoek rakende plekbesprekings en bywoning van die ver= skillende teaters/konsertsale in Bloemfontein, soos aangedui deur proefpersone, uitgedruk in persentasie.

| Verkies slegs een besprekings= kantoor | | Gebruikmaking van Seisoen= kaartjies | | Keuse van verskil= lende weeksdae (Aand/Middag) | | Gebruikmaking van gratis etensuurkonserte | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JA | 80% | JA | 90% | Maandagaand | 5% | JA | 46% |
| NEE | 20% | NEE | 10% | Dinsdagaand | 5% | NEE | 54% |
| | | | | Woensdagaand | 20% | | |
| | | | | Donderdagaand | 15% | | |
| | | | | Vrydagaand | 64% | | |
| | | | | Saterdagaand | 51% | | |
| | | | | Sondagmiddag | 33% | | |

TABEL 7.4 (Vervolg)

| Keuse van aanvangstye | | Keuse van familie-aande per seisoen goedkoper aangebied | | Vind u dit moeilik om die "Sterrewagteater" te bereik? | |
|---|---|---|---|---|---|
| 17h15 | 5% | JA | 59% | JA | 20% |
| 18h00 | 6% | NEE | 41% | NEE | 80% |
| 19h00 | 22% | | | | |
| 20h00 | 53% | | | | |
| 20h15 | 18% | | | | |

TABEL 7.5

Proefpersone se keuse vir die plasing van een besprekingskantoor, uitgedruk in persentasie.

| PLASINGSKEUSE | PERSENTASIE |
|---|---|
| Middestad | 62% |
| Voorstedelike inkopesentrum | 14% |
| Voorstedelike afleweringsdiens | 8% |
| Posbesprekings | 4% |
| Telefoonbesprekings | 37% |

TABEL 7.6

Volgorde-voorkeure van proefpersone ten opsigte van aspekte van die Uitvoerende Kunste, uitgedruk in persentasie.

| ASPEKTE VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE | VOLGORDE VOORKEURE | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Eerste keuse | Tweede keuse | Derde keuse | Vierde keuse |
| BALLET | 11% | 26% | 22% | 22% |
| OPERA | 13% | 22% | 20% | 27% |
| TONEEL | 42% | 18% | 20% | 12% |
| MUSIEK | 34% | 16% | 18% | 18% |

TABEL 7.7

Faktore wat die bywoning van op- of uitvoerings deur proefpersone promoveer, uitgedruk in persentasie.

| FAKTORE | PERSENTASIE |
|---|---|
| Plakkate/Aanplakborde | 32% |
| Radio | 26% |
| Koerante | 38% |
| Poslys | 15% |
| Omsendbriewe | 27% |
| Familie of Vriende | 13% |
| Kollegas | 12% |
| Brosjure | 8% |
| ANDER | |
| Televisie | 2% |
| Belangstelling | 3% |
| Kampusnuus | 1% |
| Gewoonte | 1% |
| Programme by biblioteek | 3% |
| Kunstenaar wat optree | 2% |
| Musiekonderwysers | 1% |

## 7.5 PRIORITEITE VIR DIE GEHOOR BY DIE UITVOERENDE KUNSTE

Volgens die teoretiese gegewens en praktiese aspekte soos verkry uit die beantwoorde vraelyste, is ondersoeker van mening dat die volgende gevolgtrekkings (voorstelle) betreffende die gehoor, ge= maak kan word.

Bloemfontein word reeds as 'n stad erken, maar toon egter nie die eienskappe van 'n tipiese stad nie: geen verval van sosiale ver= houdings word hier aangetref nie. Tabel 7.4 staaf hierdie be= wering: 59% van die proefpersone sou graag 'n familie-aand per seisoen wou hê. Daar word dus voorgestel dat daar ten minste een familie-aand per seisoen gereël moet word.

Volgens Tabel 7.4 verkies 53% van die proefpersone dat aanbiedings om 20h00 'n aanvang moet neem. Ondersoeker lei dus hieruit af dat die meeste mense verkies om ná werk eers 'n ruk tuis te vertoef, alvorens 'n op- of uitvoering bygewoon word. 'n Aanbieding wat om 20h00 begin, verseker ook dat konsertgangers nie te laat in die aand tuis kom nie. Daarby verkies 64% van die proefpersone 'n Vrydag= aand, 51% 'n Saterdagaand en 33% 'n Sondagmiddag om aanbiedings by te woon. Dit beteken dat hulle nie gedurende die week te veel uithuisig sal wees nie. Orkes- en musiekuitvoerings kan dus van 'n Donderdagaand, wat in elk geval net deur 15% van die persone ver= kies word, verskuif word na 'n Vrydag- of Saterdagaand. Sodoende kan die bywoningsyfer verhoog word.

Volgens Tabel 7.2 besoek slegs 37% van die proefpersone die teaters/ konsertsaal ses maal per jaar.

Tabel 7.4 toon aan dat 80% van die proefpersone slegs een bespre= kingskantoor verkies. Na ondersoeker se beskeie mening kan die aantal besoeke van persone aan die teaters/konsertsaal vermeerder word, indien daar 'n sentrale besprekingskantoor in die middestad geplaas kan word. Volgens Tabel 7.5 word dit ook deur 62% van die persone so verkies. Telefoonbesprekings wat deur 37% van die per= sone verkies word, sal slegs moontlik wees as daar 'n sentrale

besprekingskantoor bestaan. Indien hierdie telefoonbesprekings persentasiegewys toeneem, sal die bywoningsgetalle van die gehoor ook verbeter.

Uit die vraelyste het die voorts geblyk dat, volgens Tabel 7.4, slegs 20% van die proefpersone dit moeilik vind om die "Sterre= wagteater" te bereik. Redes hiervoor wat verstrek word, is die laaste stuk grondpad, asook die donker wat dit gevaarlik maak vir dames en bejaarde persone om hierdie pad aan te durf. Indien die stuk grondpad geteer kon word en meer ligte langs die pad na die "Sterrewagteater" aangebring kon word, sou dit makliker vir die publiek wees om die teater te bereik. Die ligte langs die pad hoef slegs gedurende opvoeringstye aangeskakel te word. Op hierdie wyse kan bygedra word tot die verbetering van die bywoningsyfer.

Vir promosiedoeleindes kan die Uitvoerende Kunste meer van die radio gebruik maak, veral op Saterdagoggende. Aankondigings in verband met aanbiedings moet ten minste twee weke voordat die speelvakke begin, geskied. Dit sal die publiek in staat stel om vroegtydig reëlings te tref om 'n betrokke aanbieding by te woon.

SUKOVS word sterk afgeraai om 'n groter skouburg te bou, aangesien slegs 44% van die proefpersone ten gunste daarvan is. SUKOVS moet eerder weer 'n poging aanwend om die Stadskouburg permanent by die Bloemfonteinse stadsraad te huur.

Die bywoningsyfer kan verder verhoog word deur die pryse van ballet- en operakaartjies te verminder, byvoorbeeld R3.50 vir kinders en R5.00 vir volwassenes. Hoe meer mense die aanbiedings bywoon, hoe meer geld sal geïn word. In Oudtshoorn het ondersoeker, die administratiewe aspek van KRUIK se konserte behartig. Kaartjies vir volwassenes, sowel as kinders, is goedkoper verkoop en groep= besprekings is gepropageer. Die gevolg was dat 'n groter gehoor na die aanbiedings getrek is, terwyl KRUIK terselfdertyd finansieël gebaat het by die verhoogde loketinkomstes.

Musiekblyspele en operettes kan ook deur SUKOVS aangebied word,

aangesien 60% van die proefpersone ingestel is op vermaak (vergelyk Tabel 7.2).

Ook kan meer kinderprogramme gedurende die skoolvakansies aangebied word.

Groter skakeling tussen die verskillende Streekrade in Suid-Afrika word bepleit. Dit sal verhoed dat dieselfde produksie deur meer as een Streekraad aangebied word. Goeie produksies moet aan ander Streekrade verkoop word.

Die ondersoeker is ten slotte van mening dat teaters en konsert=sale beslis toeganklik gemaak moet word vir liggaamlik gestremde persone, sodat hulle ook aanbiedings van die Uitvoerende Kunste kan bywoon. Slegs die Odeion in Bloemfontein is toeganklik vir liggaamlik gestremdes.

Slegs een van die proefpersone het versoek dat die bevindings van die vraelys bekend gemaak moet word.

THE FRIEND 22 JUNIE 1977

# CONCERN OVER FATE OF CIVIC THEATRE

**THE Bloemfontein City Council is being urged to popularise the city's silent, brooding Civic Theatre and turn it into a centre of cultural activity.**

The advent of television and the lack of touring productions have turned the once busy theatre into a morgue. Even the restaurant has been vacated.

The Performing Arts Council of the OFS, which uses the new Observatory Theatre on Naval Hill, does not intend to use the Civic Theatre for the rest of the year, it is understood.

One Bloemfontein theatregoer suggested that the City Council lower the fees, especially for amateur groups. At present the theatre costs about R50 a performance and R30 for a dress rehearsal for amateurs. Professional groups pay more.

"If the prices were lowered, the City Council could encourage schools to use the theatre. Children love to perform in a theatre instead of their school halls," another theatre fan said.

"It is sad that this once once busy theatre is so quiet. About eight years ago regular pantomimes and operettas used to be staged there".

About two years ago PACOFS wanted to buy the theatre and renovate it for all their productions. This was stopped by the City Council because the theatre "belonged to the people of Bloemfontein".

But people interviewed yesterday were unhappy about the lack of productions in the Civic. "It's not just because of TV," one said. "The place is so impersonal and the fees are too high for non-profit-making organisations. Let the schools use it.

"An imaginative theatre manager and the City Council could surely make it more popular and used more often. Look at the Ernest Oppenheimer Theatre in Welkom: it always seems to be in use."

None of the people quoted wanted to be named.

THE FRIEND 21 MEI 1976

# Opera complex folly

SIR, — Apparently our Provincial Administration intends to go ahead as fast as possible with the so-called SUKOVS complex on the old St Michael's School site.

I am an old Bloemfonteiner. I have regular contact with many leading Bloemfonteiners, of both language groups. Among my friends and acquaintances there is a reaction almost of horror at the vast cost of the SUKOVS complex.

Is there no way of stopping this waste? Can we not demand an impartial commission of inquiry?

The first phase will cost nearly R20-million, and the total cost will certainly be more than R30-million.

I doubt if one percent of the Whites in the OFS will ever benefit from this complex, and very few of those will be from outside Bloemfontein. Is it fair to our platteland to waste this money in Bloemfontein?

Another perturbing feature is that the authorities appear determined to proceed with this scheme without in any way endeavouring to ascertain the feeling of the taxpayers in this province.

Admittedly the administration cannot consult the taxpayer on every occasion where substantial capital expenditure is considered. Roads, hospitals, schools etc, must be built and the authorities are in possession of statistics which establish the need for further services.

The Opera House complex is different. This will be mainly a luxury development which will provide a facility which will be seldom used and then only by very few people. It is very difficult to see the justification for this.

If our Provincial Administration can waste R20-million, why should I try to fight inflation?

OLD BLOEMFONTEINER

THE FRIEND 15 FEBRUARIE 1978

# Reviving the Civic

THE news that Bloemfontein's Civic Theatre is expected to run up a R37 000 loss by the end of the current financial year makes dismal reading. It will have been used on only 95 occasions during the year bringing in income to cover only one third of expenses.

Clearly something is not right.

By contrast the little Observatory Theatre on Naval Hill has been fabulously successful with attendances averaging 88 percent of capacity throughout the year.

The problem does not seem to lie with the appetite of Free State audiences for culture, or with the capacity of Free Staters to appreciate good theatre. Attendances in previous years in Bloemfontein, particularly when productions of a high standard have been mounted, have been extremely good and the Free State has a high and deserved reputation for its attitude towards the performing arts.

Since there would appear to be nothing wrong with Free State cultural values, then, the problem must lie closer at hand . . . right at the door of the Civic Theatre, in fact.

The truth is that the image of the Civic is stone dead. For three-quarters of the year it stands empty and unlit, more of a drain on the ratepayer than a source of entertainment or upliftment.

Its restaurant has lain empty since April last year. The A. C. White Art Gallery in the theatre complex is visited by no more than four people a month.

Staff are in danger of going up the wall with boredom.

The problem is that the Civic has been allowed to gain a loser's image. Of the few productions that it does manage to attract, many are box office failures, largely, we believe, through association.

What is wanted is a dynamic change of approach. Efforts must be made to go out aggressively and seek successful productions. And if [illegible] present system is inadequate, then responsibility for filling the theatre should be handed to some body, such as PACOFS, which can bring in productions as well as mounting its own . . . as we believe the case to be with the Ernest Oppenheimer Theatre in Welkom.

A little infusion of success, a little splash of life, would become infectious and rub off, even on amateur productions. And Bloemfontein would once again have a theatrical heart it could be proud of instead of the reject organ with which it is currently lumbered.

THE FRIEND 22 AUGUSTUS 1977

# Official waste alleged

SIR,—In spite of criticism from the public, the new Opera House complex proceeds on its costly way. The taxpayer will carry the burden of the cost. He is therefore entitled to a full report at this stage setting out the extent to which the Provincial Administration has grown.

The office accommodation in the Hendrik Verwoerd Building is palatial compared with Government buildings. The officials have each far more space than persons of their seniority in the private sector.

Many more officials could be housed in that building, if more officials really are needed.

I am not alone in my concern. There is widespread concern.

The whole subject is a disaster at this present time of financial stringency. Admittedly it was planned before the economic squeeze began but that is no excuse.

The financial problems of this country today result largely from the extravagance of the authority during the past few years.

The public have possibly been at fault in not protesting more loudly. But now they must insist that they be brought fully into the picture and properly informed on this subject.

TAX PAYER

Bloemfontein.

DIE VOLKSBLAD 7 MAART 1978

# SUKOVS BIED MEER AAN OP MEER PLEKKE

Kunsredakteur

MEER produksies, besoeke aan die platteland en doeltreffender benutting van die Vrystaat se skouburge is wat Sukovs se nuwe direkteur, mnr. Rex Hugo, in die voor-uitsig stel vir 1978, maar veral vir 1979.

Mnr. Hugo het in 'n onderhoud met Die Volksblad gesê hy sou die planne al graag vanjaar in werking wou sien, maar dit is moeilik om op kort kennisgewing sale te bespreek of belangrike kunstenaars te kontrakteer. Daarom beskou hy 1979 eintlik as sy wegspringjaar vir 'n dolle bedrywigheid van Sukovs se kant: „Ons moet die mense weer na die teater teruglok."

Sukovs het verlede jaar baie min aangebied vergeleke met vorige jare. Geen toneel is byvoorbeeld buite Bloemfontein aangebied nie, net een opera is op die planke gebring en Vrystaters het geen ballet van Sukovs af gesien nie. Ook op musiekgebied was die oes maar skraal as dit by beroemde talent kom.

Die prentjie vir vanjaar lyk klaar beter: ballet vir die platteland, toneel vir die platteland, opera vir die platteland en musiek vir die platteland.

Los Paraguayos het gisteraand op Sasolburg geopen, vanaand is hulle op Kroonstad, môreaand in Welkom en Donderdagaand in Bloemfontein. Kruik - ballet open môreaand in Bloemfontein en besoek daarna Welkom, Kroonstad en Sasolburg. Die toneelstuk Charley se Tante sal ná die Bloemfonteinse speelvak deur die platteland reis. Besprekings vir Sukovs se operaseisoen in April het gister geopen.



*REX HUGO*

Mnr. Hugo wil ook dat Sukovs die Bloemfonteinse stadskouburg meer gebruik. Sukovs se opvoering van Twaalfde Nag, Shakespeare se bekende drama wat aanstaande jaar vir skole voorgeskryf is, sal in die stadskouburg aangebied word en daarna ook in die groter sentra — mits die skouburge beskikbaar is.

Nog 'n nuwigheid vir die plattelanders is dat Mercedes Molina se Spaanse Dansteater teen die einde van die jaar op versoek van Sukovs, deur die Vrystaat toer met 'n program wat sy in Israel gaan aanbied. Planne word ook gemaak om 'n ligteoperagroep, Music 7, in die provinsie te laat toer met 'n program van operettes en musiekblyspele in kostuum.

Sukovs het ook vanjaar begin met 'n jeugtoneelgeselskap en vir die eerste keer in 'n paar jaar sal die kleintjies ook weer 'n kindertoneelstuk sien. Die groep sal egter eers deur die Vrystaat reis met die gebruiklike skoleprogram oor voorgeskrewe werke en die biblioteekprogram.

## Bespreking makliker

GERIEF vir sy ondersteuners was Sukovs se rede vir die verskuiwing van sy besprekingskantoor. Parkeerplek is nou vir besoekers ingeruim wat bespreking vir opvoerings baie makliker maak.

Die nuwe besprekingskantoor is in die wit huis net agter die ou besprekingskantoor in Markgraaffstraat, skuins oorkant die Verwoerdgebou. Mense met motors ry by die ingang tussen die wit pilare in reg oorkant die Verwoerdgebou in Markgraaffstraat. Borde dui aan waar besoekers mag parkeer. Die besprekingskantoor is dan net agter die heining by die parkeerterrein.

Die kantoor self is baie ruimer as die ou een wat die in en uit beweging van besoekers baie vergemaklik.

Ook op musiekgebied is daar meer om na uit te sien. Later vanjaar is groot name soos die Russiese pianis Mark Zeltser en die Japanse violiste Majoemoe Foekikawa aan die beurt. Onderhandelinge is ook aan die gang om die Durbanse Mannekoor te kry vir uitvoerings. In November word 'n groot Schubert - feeskonsert aangebied om dié komponis se dood 150 jaar gelede te gedenk.

Die operapatroon sal in 1979 verander. Pleks van 'n operaseisoen met twee operas sal 'n operet vroeg in die jaar aangebied word en 'n opera in die tweede helfte van die jaar, het mnr. Hugo gesê.

DIE VOLKSBLAD 8 MAART 1978

# SUKOVS WIL TONEELJEUG AKTIVEER

Kunsredakteur

'N UITGEBREIDE program om die Vrystaat se jeug, van kleuters tot jongmense, in die toneel te betrek, begin binnekort wanneer Sukovs se jeuggeselskap die pad deur die provinsie vat.

Aan die spits van die projek staan Helène Carstens, oud-Sukovs-aktrise met 'n lewendige belangstelling in die toneel. Sy stel besonder belang in werk met die jeug en is vanjaar aangestel as leier van jeugtoneel.

Net ná die skoolvakansie begin die skoleprogram met besoeke aan Bloemfonteinse skole. Vanaf 18 April word dit saam met die biblioteekprogram na Vrystaatse dorpe gebring. Die biblioteekprogram sal ook vanjaar vir die eerste keer in Bloemfontein vir die publiek aangebied word.

In die tweede helfte van die jaar word 'n kindertoneelstuk deur die Jeuggeselskap aangebied ('n geskikte stuk word nog dringend gesoek) en iets nuuts is 'n program vir die kindertuinafdeling waarmee skole besoek sal word. Dit is bedoel vir sub A's tot st. eens en iets uit hul leerplanne (gesondheidsleer, geskiedenis, aardrykskunde ens.) word gedramatiseer.

Die skoleprogram bestaan weer uit dramatiserings van voorgeskrewe boeke vir matriek, aangebied volgens drama-in-onderwys waarin gepoog word om die kinders aktief te laat deelneem. Aangesien die gehore te groot is, sal die deelname beperk word tot samesprekings en menings lug. Wanneer die gehoor klein genoeg is, kan leerlinge hiervolgens ook deel hê in die aksie.

Mej. Carstens het self die boeke vir die program verwerk. Haar doel is om leerlinge 'n nuwe insig in die werke te gee en probleme en temas wat in die boeke gestel word, na vore te bring. In hierdie geval is dit Kleurlingplaaswerkers soos uitgebeeld in Alet Viljoen se **Gister se Môre** en F. A. Venter se **Die Middag Voel na Warm As.**

Die skrywers het uiteenlopende sienings: Venter sien die Kleurling uit die oogpunt van die boer en sy werkers terwyl Viljoen die Kleurling uitbeeld soos gesien deur homself. „Dit is nie presies waar die Kleurling vandag in

**TONEEL**

die samelewing staan nie," sê mej. Carstens en sy het aan die hand van geskrifte deur Kleurlingskrywers die inhoud verder uitgebrei om groter insig vir die leerlinge te gee.

Die ander voorgeskrewe boek is Shakespeare se **Romeo en Juliet** wat verwerk is om pouses in te ruim vir besprekings met die leerlinge.

Vir die biblioteekprogram wat saans vir gewone gehore aangebied word, is die hedendaagse kortkuns as tema gekies en veral soos beoefen deur Hennie Aucamp, aangevul deur werke van Brand de Vries en Chris Barnard. Die tema is gekies op aanbeveling van die Vrystaatse Biblioteekdiens.

Dit sluit toonsettings van Aucamp se kabaretverse in **Die Lewe is 'n Grenshotel** in deur Anita de Jager, bygestaan deur ander lede van die Jeuggeselskap, Margi Lewis en Dirk Vermeulen.

Mej. Carstens, wat 'n diploma aan die Kaapstadse Universiteit in drama-onderwys het, sê reeds met die konstruksie en samestelling van 'n drama-in-onderwysprogram moet die gehoor se reaksie noukeurig ingewerk word. Verder is dit in die hande van die spelers om die gehoor te hanteer dat dit nie hand-uit ruk nie. Soms word wel iets gesê waarvoor nie voorsiening gemaak is nie — „'n mens werk tog met mense".

# Geesdrif vir Mini-teater

DIE pasgestigte Mini-teater van Bloemfontein het in die Bavaria-restaurant van die Oudstudenteklub sy buiging voor 'n waarderende en geesdriftige gehoor gemaak. Zack du Plessis se eenmansvertoning **Spreke van die Dag** en die revue **Waar Kry Jy Daardie Hoed?** (onder regie van Kristie Herbst) het veel byval gevind en 'n gemoedelike stemming geskep. 'n Buffetete met tradisionele Suid-Afrikaanse geregte het daarna die innerlike mens versterk. Mini-teater stel hom ten doel om elke maand 'n program aan te bied en as die Bloemfonteinse publiek weet wat hulle te wagte is, behoort dit van krag tot krag te gaan.

Zack du Plessis van TV- en filmfaam se aanbieding is 'n parodie op A. M. van Schoor se **Sake van die Dag.** Met sy kostelike nabootsings van groot figure soos dr. D. F. Malan, adv. Strijdom, genl. Hertzog, dr. Verwoerd, mnr. John Vorster en Henry Kissinger het hy die gehoor laat skree van die lag.

Die revue bestaan uit voordragte, sang, kitaarbegeleiding en heerlike [illegible] 'n kinkeldans. Die program is hoofsaaklik geweef om Boerneef se meevoerende gediggies, maar dit was nie alles pret en jolyt nie: ernstige gedigte met 'n tikkie weemoed of 'n rapsie satire het pragtige wisseling gebring. Die deelnemers — Kristie Herbst, Marietjie Swane-

**TONEEL**

poel, Windred Saunders, Zandra Berry, Chris Fourie en Adriaan van Niekerk het uitmuntend kontak met die gehoor gemaak wat by tye lustig volksliedjies saam gesing het. Dit is 'n vars en tintelende program, genotvol om te aanskou omdat die spelers dit blykbaar ook so geniet om deel te neem.

Na afloop van die program is die bekende aktrise Wilna Snyman wat as eregas spesiaal van Pretoria af gekom het om die openingsaand by te woon, aan die gehoor voorgestel. Sy het die Mini-teater wat op so 'n professionele wyse opgetree het, 'n blink toekoms toegewens. Ons wens hulle die [illegible]

BYLAE TOT DIE VOLKSBLAD 29 APRIL 1978



Die opelugverhoog in die Koningspark, Bloemfontein, wat vroeër hierdie eeu gebruik is vir onder meer buitelugkonserte. Dit kan moontlik weer Sondae vir hierdie doel gebruik word.

# Bloemfonteinse rose

Deur Leatitia Pienaar
Foto: Japie Moret

DIE „Bloemfonteinse rose" van die bekende liedjie is aan die terugkom. 'n Projek om sesduisend roosbome in die Vrystaatse hoofstad aan te plant, is nou aan die gang — en wanneer dit voltooi is, sal 'n mens feitlik nêrens in Bloemfontein kan stap sonder om 'n roos te sien nie.

Die plan is die stadsraad s'n en sedert 1975 is reeds 2 300 roosbome geplant — hoofsaaklik in die Koningspark nadat die vervalle priële daar verwyder is. Die res van die beoogde sesduisend sal in blombakke, langs sypaadjies en op elke moontlike plek staan.

Die oorspronklike roostuin in Koningspark het reeds in 1924 tot stand gekom en is die volgende jaar deur die Prins van Wallis geopen op sy besoek aan Suid-Afrika.

Talle musiekuitvoerings is in die verlede daar gehou en tans is 'n skaakbord op die vloer van die opelugverhoog geverf. 'n Heerlike potjie skaak wag dus op besoekers aan die roostuin.

Die tuin is deel van die ontwikkelingsprojek wat Loch Logan in 'n vakansieoord binne-in Bloemfontein sal omskep. Talle bome is aangeplant en roeibote sal beskikbaar wees vir 'n rit op die spruit wat die eiland omring.

Die eiland sal vir buitelugkonserte gebruik kan word waarby die stadsraad veral jong mense wil betrek: musiek vir oud en jonk sal aangebied word. Volgens mnr. D. J. van Tonder, die munisipaliteit se direkteur van parke, is daar talle orkeste in die stad en is dit 'n uitstekende geleentheid om in die openbaar op te tree.

# Bibliografie

## Boeke en Tydskrifte


1. DIE AFRIKAANSE Dramatiese Vereniging U K O V S - 1938, in, Shimla, September 1938, pp. 61 - 62.

2. AFRIKAANSE Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1932, p. 43.

3. BALLET, in, Suid-Afrika (Republiek) Departement van Inligting, Die Uitvoerende Kunste in Suid-Afrika, Pretoria, Die Departement, 1969, ongenommerde paginering.

4. BOSMAN, F C L : Drama en Toneel in Suid-Afrika 1800 - 1962 (kort oorsigte), 2de dr., Pretoria, Van Schaik, 1969, pp. 7 - 13.

5. BOSMAN, F C L : Die Toneel in Suid-Afrika, in, Helikon, vol. 4, no. 20, 1955, pp. 54 - 56.

6. BOUWS, J : Kaapstadse Italiaanse Opera 1875 - 1877, in, Kwartaalblad van Suid-Afrikaanse Biblioteke, vol. 24, no. 2, Desember 1969, pp. 190 - 197.

7. BOUWS, J : Musiekbeoefening aan die Kaap in die Hollandse Kompanjiestyd, in, Kwartaalblad van Suid-Afrikaanse Biblioteke, vol. 16, no. 3, Maart 1962, pp. 105 - 116.

8. BOUWS, J; : Opera in Kaapstad 'n eeu gelede, in, Kwartaalblad van Suid-Afrikaanse Biblioteke, vol. 24, no. 1, September 1969, pp. 158 - 162.

9. BREYTENBACH, P P B : Nasionale Toneelorganisasie (N T O), in, Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, vol. 9, no. 2, Oktober 1949, pp. 120 - 128.

10. CLAASSEN, P M : Verslag van die Afrikaanse Dramatiese Vereniging, in, Shimla, Oktober 1942, p. 68.

11. CORNELL, D : The Baxter Theatre complex, in, Planning and Building Developments, vol. 28, September/Oktober 1977, pp. 19, 25.

12. DE KOCK, B : Sal die Film die Teater Verdring?, in, Die Brandwag, vol. 29, no. 4, 9 April 1965, pp. 8 - 11.

13. DE VILLIERS, S M : Operafees in die Goudstad, in, Die Brandwag, vol. 10, no. 494, 21 Maart 1947, p. 21.

14. ENGELBRECHT, H : Almal is dol oor Meraai!, in, Die Huisgenoot, vol. 42, no. 2578, 3 September 1971, pp. 39, 41.

15. ENGLISH Dramatic Society, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1931, p. 61.

16. ERNSTIGE musiek, in, Suid-Afrika (Republiek) Departement van Inligting, Die Uitvoerende Kunste in Suid-Afrika, Pretoria, Die Departement, 1969, ongenommerde paginering.

17. DIE G U K - Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1925, p. 20.

18. DIE G U K - Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1926, p. 44.

19. DIE HAND van die Gereg, in, Die Huisgenoot, vol. 22, no. 801, 30 Julie 1937, p. 59.

20. HEFER, W J : The English Dramatic Society, in, Shimla, 1945, p. 117.

21. HERZBERG, L : Puppet Space, in, Artlook, vol. 8, no. 5, Oktober/November 1975, p. 26.

22. HUGUENET, A : Afrikaanse Beroepstoneel twintig jaar oud, in, Die Huisgenoot, vol. 29, no. 1192, 26 Januarie 1945, pp. 6, 7, 40, 41.

23. HUGUENET, A : Applous! Die Kronieke van 'n toneelspeler, Kaapstad, H A U M, 1950, pp. 83, 113 - 115, 228.

24. HUMAN, J L K : Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boere-Oorlog, M.Mus., Bloemfontein, U O V S, 1963, pp. 1 - 3, 7 - 11, 14 - 18, 21 - 23, 25 - 40, 43 - 47.

25. HUMAN, J L K : Musieklewe in Bloemfontein 1900 - 1939, D. Mus., Bloemfontein, U O V S, 1976, pp. 153, 155, 163, 173.

26. 'N INTERESSANTE Proefneming, in, Die Huisgenoot, vol. 29, no. 1210, 1 Junie 1945, p. 10.

27. J J K, Die Afrikaanse Toneel in Bloemfontein, in, Die Huisgenoot, vol. 19, no. 650, 7 September 1934, p. 29.

28. JACOBSZ, J J : Die G U K - Toneelvereniging, in, Grey Uni= wersiteitskollege Blad, 1929, p. 83.

29. THE JOHANNESBURG Symphony Orchestra, in, Res Musicae, vol. 6, no. 1, September 1959, p. 14.

30. KAAPSTAD, Universiteit, The Little Theatre, Coming of Age. Drama, Opera, Ballet, Mime Tuesday 18th August 1931 to Tuesday 23rd December 1952, Cape Town, Universigy, 1952, p. 2.

31. KIRBY, P R : Early Cape Musical Society, in, Quarterly Bulletin of the South African Libraries, vol. 13, Maart 1959, p. 67.

32. KNIGHT, N : English Language Theatre, in, Artlook, vol. 10, no. 1, Januarie/Februarie 1977, pp. 18 - 19.

33. KNIGHT, N : Muriel Alexander and her Theatre, in, Artlook, vol. 6, no. 1, Januarie 1973, pp. 30 - 31.

34. KOHLBERG, W E : English Dramatic Society, in, Grey Uniwersi= teitskollege Blad, 1933, p. 59.

35. KRUGER, N : 1960 was 'n groot jaar vir N T O, in, Lantern, vol. 10, no. 3, Maart 1961, pp. 281 - 283.

36. LAIDLER, P W : The Annals of the Cape Stage, Edinburgh, Bryce, 1926, pp. 8 - 11.

37. LATEGAN, F V : Afrikaans en die Toneel, in, Afrikaans ons Pêrel van Groot Waarde, Johannesburg, F A K, 1974, p. 161.

38. LIEBENBERG, C J : Die G U K - Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1930, p. 65.

39. LEYGONIE, F E : Die Afrikaanse Dramatiese Vereniging, in, Shimla, Oktober 1941, p. 74.

40. ROMPEL, H : Die Volksteaterbeweging, in, Die Huisgenoot, vol. 22, no. 818, 26 November 1937, p. 39.

41. ROSENTHAL, E : Stadsorkes herdenk sy 50 jarige bestaan 1914 - 1964, Kaapstad, Orkeskomitee, 1964, pp. 7 - 46.

42. ROSS, J J : Herinneringe - toneeltoer 1923, in, Grey Uni= wersiteitskollege Blad, 1923, pp. 18 - 19.

43. STARK, U : Voorwaarts ... mars! in, Die Brandwag, vol. 11, no. 614, 8 Julie 1949, pp. 8 - 9.

44. STEAD, R : Opera in Suid-Afrika, in, Lantern, vol. 13, no. 2, Desember 1963, pp. 8 - 17, 19 - 22, 24 - 26.

45. SUID-AFRIKA. (Republiek). Departement van Inligting, Offisiële Jaarboek 1977, Pretoria, Die Departement, 1978, pp. 739, 741-749.

46. STREEKRAAD vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat, Jaarverslag, 1974, pp. 16, 17, 26, 30 - 32, 34, 36, 38, 42 - 44.

47. Ibid., 1976, pp. 3, 4, 28 - 32.

48. Ibid., 1977, pp. 1 - 4, Bylaes.

49. UIT DIE Baanbrekersdae van die Toneel, in, Lantern, vol. 12, no. 3, Maart 1963, p. 19.

50. DIE UITVOERENDE Kunste van die Vier Provinsies, in, Lantern, vol. 13, no. 4, Junie 1964, pp. 62 - 73.

51. VAN DER BERG, W P : Die Toneeltoer, in, Grey Uniwersiteits=kollege Blad, 1935, pp. 59 - 60.

52. VAN DER LINDE, D M : Die G U K - Toneelvereniging, in, Grey Uniwersiteitskollege Blad, 1922, pp. 34, 36.

53. VAN SCHOOR, M C E : Eerste opvoering van Koerantskrywers, in, Die Huisgenoot, vol. 33, no. 1382, 17 September 1948, p. 15.

54. VOORENDYK, L H D : Die Musiekgeskiedenis van Wes-Transvaal (1838 - 1960), M. Mus., Potchefstroom, P U vir C H O, 1971, pp. 73 - 74, 87.

55. WALDRON, J : English Dramatic Society, in, Shimla, September 1938, p. 62.

# Koerante

1. ONS VADERLAND, 10 April 1917.
2. DIE VADERLAND, 10 Junie 1927.
3. DIE VOLKSBLAD, 15 Maart 1921.
4. Ibid., 22 April 1921.
5. Ibid., 2 Mei 1922.
6. Ibid., 23 Oktober 1922.
7. Ibid., 9 Oktober 1926.
8. Ibid., 5 Oktober 1927.
9. Ibid., 8 Desember 1928.
10. Ibid., 18 Maart 1929.
11. Ibid., 5 Mei 1930.
12. Ibid., 16 Junie 1930.
13. Ibid., 27 Junie 1930.
14. Ibid., 31 Julie 1930.
15. Ibid., 20 Augustus 1930.
16. Ibid., 19 September 1930.
17. Ibid., 16 April 1931.
18. Ibid., 30 April 1931.
19. Ibid., 10 Julie 1931.
20. Ibid., 25 Julie 1931.
21. Ibid., 3 Augustus 1931.
22. Ibid., 24 Maart 1932.
23. Ibid., 19 April 1932.
24. Ibid., 19 November 1932.
25. Ibid., 3 Desember 1932.
26. Ibid., 31 Julie 1933.
27. Ibid., 21 Augustus 1933.
28. Ibid., 15 September 1934.
29. Ibid., 28 September 1934.
30. Ibid., 10 November 1934.
31. Ibid., 30 Januarie 1935.
32. Ibid., 12 Februarie 1935.
33. Ibid., 8 Mei 1935.
34. Ibid., 27 Junie 1935.
35. Ibid., 13 Julie 1935.

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

36. *Ibid.*, 26 November 1935.
37. *Ibid.*, 30 April 1936.
38. *Ibid.*, 1 Julie 1936.
39. *Ibid.*, 17 Oktober 1936.
40. *Ibid.*, 28 Augustus 1937.
41. *Ibid.*, 4 Maart 1939.
42. *Ibid.*, 25 Junie 1940.
43. *Ibid.*, 12 Augustus 1940.
44. *Ibid.*, 25 Maart 1941.
45. *Ibid.*, 4 Augustus 1941.
46. *Ibid.*, 1 September 1941.
47. *Ibid.*, 6 Oktober 1941.
48. *Ibid.*, 8 Maart 1943.
49. *Ibid.*, 6 Desember 1943.